# 'N BELEIDSRAAMWERK VIR SINVOLLE EKONOMIESE ONTWIKKELING

deur

JOHANN WALTERS

VERHANDELING

Goedgekeur ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII (EKONOMIE)

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

Leier : PROFESSOR LA VAN WYK

Desember 1983

**DANKBETUIGINGS**

Noudat hierdie studie voltooi is, wens ek my dank te betuig aan verskeie persone en organisasies wat direk tot die bereiking van hierdie ideaal bygedra het.

Aan my studieleier, prof dr LA van Wyk, wat ten spyte van 'n druk program voortdurend sy weg oopgesien het om my te woord te staan en van die nodige advies te bedien. Die noukeurigheid waarmee hy deurlopend my van advies bedien het, dien as bron van inspirasie.

Aan majoor Con le Roux wat die taalkundige versorging behartig het, mev HD Joubert wat die tikwerk met noukeurigheid onderneem het, en mnre Mastercopy vir die duplisering van die studie. Al die werk is met die hoogste mate van professionaliteit onderneem.

Geldelike bystand gelewer deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkinge waartoe geraak, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

Ek wens ook my dank te betuig aan my vrou vir haar hulp en ondersteuning.

Laastens wil ek dank betuig aan my ouers vir hul jarelange opoffering en ondersteuning. Mag hierdie studie hul harte met dankbaarheid vervul. Daarom word hierdie werk dan ook uit erkentlikheid aan hul opgedra.

SOLI DEO GLORIA

Die Skrywer
PRETORIA
16 Desember 1983

INHOUDSOPGAWE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 1** | | |
| **Inleiding** | | 1 |
| 1.1 | Motivering vir Voorgenome Studie | |
| 1.2 | Probleemstelling | 2 |
| 1.3 | Studiemetode | |
| 1.4 | Samevatting | 3 |

**AFDELING A**

| | | |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 2** | | |
| **Die Betekenis van die Term Ekonomiese Ontwikkeling** | | 5 |
| 2.1 | Inleiding | |
| 2.2 | 'n Historiese Oorsig oor die Term Ontwikkeling | |
| 2.2.1 | Inleiding | |
| 2.2.2 | Klassieke Skool | 6 |
| 2.2.2.1 | Adam Smith | |
| 2.2.2.2 | David Ricardo | |
| 2.2.2.3 | Samevatting | 7 |
| 2.2.3 | Neo-klassieke Ekonome | 8 |
| 2.2.4 | Marxistiese Skool | 9 |
| 2.2.5 | Post-Keynesiaanse Skool | |
| 2.2.5.1 | Inleiding | 10 |
| 2.2.5.2 | Joseph Schumpeter | |
| 2.2.5.3 | Harrod en Domar | 11 |
| 2.2.5.4 | Walt W Rostow | 12 |
| 2.2.5.4.1 | Die Tradisionele Gemeenskap | |
| 2.2.5.4.2 | Die Oorgangsfase | |
| 2.2.5.4.3 | Die Wegspringfase | 13 |
| 2.2.5.4.4 | Die Ontwikkelingsfase | |
| 2.2.5.4.5 | Die Hoë Verbruiksfase | |
| 2.2.6 | Samevatting | 14 |
| 2.3 | 'n Resente Beskouing van die Term Ekonomiese Ontwikkeling | 16 |
| 2.3.1 | Inleiding | |
| 2.3.2 | Resente Teorieë oor die Term Ekonomiese Ontwikkeling | 17 |
| 2.3.3 | Die Multidimensionele Aard van die Ekonomiese Ontwikkelingsproses | 18 |
| 2.4 | Samevatting | 20 |

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 3** | | |
| **Die Ekonomiese Struktuur van Minder-ontwikkelde Lande** . . . | | 23 |
| 3.1 | Inleiding | |
| 3.2 | Algemene Eienskappe van Minder-ontwikkelde Lande | 24 |
| 3.2.1 | Inkomste en Produksie per Capita | |
| 3.2.2 | Swak Gesondheidsprofiel . . . . . . . . | 29 |
| 3.2.3 | Lae Geletterdheidspeil . . . . . . . . | 34 |
| 3.2.4 | Hoē Bevolkingsgroei . . . . . . . . | 35 |
| 3.2.4.1 | Bevolkingsgroeikoers | |
| 3.2.4.2 | Verspreiding . . . . . . . . . . . . | 36 |
| 3.2.4.3 | Redes . . . . . . . . . . . . | 37 |
| 3.2.5 | Lae Produktiwiteit . . . . . . . . . . | 38 |
| 3.2.6 | Hoē Graad van Verstedeliking . . . . . . | 39 |
| 3.2.7 | Hoē en Stygende Vlak van Werkloosheid en Onderindiensname . . . . . . . . . . . . . . | 41 |
| 3.2.8 | Kwesbaarheid deur en Afhanklikheid van Internasionale Handel . . . . . . . . . . . . . | 43 |
| 3.3 | Besondere Kenmerke . . . . . . . . . | 46 |
| 3.3.1 | Gebrekkige Infrastruktuur | |
| 3.3.2 | Grondbesit en -gebruikstelsels . . . . . . . | 47 |
| 3.3.3 | Politieke Onstabiliteit | |
| 3.3.4 | Sosio-kulturele Eienskappe . . . . . . . | 48 |
| 3.3.5 | Omgewingsfaktore | |
| 3.3.6 | Klassestruktuur | |
| 3.3.7 | Ander | |
| 3.4 | Oorsigtelike Analise van die Ontwikkelingsproblematiek | 49 |
| 3.4.1 | Inleiding | |
| 3.4.2 | Dualisme | |
| 3.4.3 | Die Bose Kringloop van Armoede . . . . . . . | 52 |
| 3.4.3.1 | Inleiding | |
| 3.4.3.2 | Tradisionele Beskouing . . . . . . . | 53 |
| 3.4.3.3 | 'n Meer Omvattende Bose Kringloop van Armoede . | 56 |
| 3.5 | Samevatting . . . . . . . . . . . . | 65 |
| | | |
| **HOOFSTUK 4** | | |
| **Ontwikkelingsdoelwitte** . . . . . . . . . . . . | | 66 |
| 4.1 | Inleiding | |
| 4.2 | Ekonomiese Doelwitte . . . . . . . . . | 68 |

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 4.2.1 | Indiensname . . . . . . . . . . . . | 68 |
| 4.2.2 | Beter Verspreiding van Inkomste . . . . . . | 69 |
| 4.2.3 | Handhawing van Voldoende Beleggingskoers | |
| 4.2.4 | Handhawing van Stabiliteit met die Buiteland | |
| 4.2.5 | Handhawing van Stabiele Prysstruktuur . . . . | 70 |
| 4.2.6 | Samevatting | |
| 4.3 | Konflik en Verenigbaarheid van die Doelwitte . | 71 |
| 4.3.1 | Konflik in die Toepassing van Doelwitte | |
| 4.3.1.1. | Volle Indiensname | |
| 4.3.1.2 | Stabiele Pryspeile . . . . . . . . | 72 |
| 4.3.1.3 | Gelyke Distribusie van Inkomste | |
| 4.3.1.4 | Effektiewe Verdeling van Bronne deur die Markmeganisme | |
| 4.3.1.5 | Internasionale Betrekkinge . . . . . . . . | 73 |
| 4.3.2 | Verenigbaarheid van Doelwitte | |
| 4.3.2.1 | Selfontwikkeling | |
| 4.3.2.2 | Ekonomiese Groei . .. . . . . . . . . | 74 |
| 4.3.2.3 | Ekonomiese Geregtigheid | |
| 4.3.2.4 | Regverdige Verdeling van die Nasionale Produk | |
| 4.3.2.5 | Sosiale Struktuurwysiging | |
| 4.4 | Samevatting . . . . . . . . . . . . . | 75 |


AFDELING B

HOOFSTUK 5


| | | |
|---|---|---|
| Inleiding | . . . . . . . . . . . . . . | 76 |


HOOFSTUK 6


| | | |
|---|---|---|
| Menslike Hulpbronontwikkeling | . . . . . . . . | 79 |
| 6.1 | Inleiding | |
| 6.2 | Bevolkingsbeplanning . . . . . . . | 80 |
| 6.3 | Voorsiening van Basiese Behoeftes . . . . | 81 |
| 6.3.1 | Inleiding | |
| 6.3.2 | Elemente van die Basiese Behoeftebeleid . . | 83 |
| 6.3.2.1 | Doelwitte | |
| 6.3.2.2 | Metodes en Tegnieke by die Voorsiening van Basiese Behoeftes . . . . . . . . . . | 84 |
| 6.3.2.3 | Voeding as Element van die Basiese Behoeftebeleid . | 86 |
| 6.3.2.4 | Behuising as Element van die Basiese Behoeftebeleid | 88 |
| 6.3.2.5 | Gesondheid as Element van die Basiese Behoeftebeleid | 89 |

Bladsy

6.3.2.6 Onderwys en Opleiding as Element van die Basiese Behoeftebeleid . . . . . . . . . . . . . 91
6.3.2.7 Water en Sanitasie as Element van die Basiese Behoeftebeleid . . . . . . . . . . . . 92
6.4 Samevatting . . . . . . . . . . . . 93

HOOFSTUK 7

Beleidsraamwerk vir Sektorale Ontwikkeling

7.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . 94
7.2 Mannekragbenutting . . . . . . . . . . 95
7.2.1 Beleidsraamwerk vir die Beter Benutting van Beskikbare en Potensiële Mannekrag
7.2.1.1. Volle Indiensname . . . . . . . . . . 96
7.2.1.2 Loonbeleid
7.2.1.3 Vroue, Jeugdiges en Ander
7.2.1.4 Werkersorganisasies . . . . . . . . . . 97
7.2.1.5 Skepping van Gebalanseerde Strukture tussen Plattelandse en Stedelike Gebiede
7.2.1.6 Faktorpryse . . . . . . . . . . 98
7.2.1.7 Arbeidsintensiewe Tegnologie
7.2.1.8 Behoeftes aan Bepaalde Opleiding
7.2.1.8.1 Ekonomiese Faktore . . . . . . . . 99
7.2.1.8.1.1 Arbeid
7.2.1.8.1.2 Kapitaal
7.2.1.8.1.3 Entrepreneur- en Bestuurskap
7.2.1.8.1.4 Natuurlike Hulpbronne en Verspreiding . . . . . 100
7.2.1.8.2 Nie-ekonomiese Faktore
7.2.1.8.2.1 Houding en Gesindheid
7.2.1.8.2.2 Instellings
7.2.1.8.2.3 Beleidseienskappe van die Gemeenskap
7.2.2 Komponente van 'n Geïntegreerde Mannekragbeleid . 101
7.2.2.1 Mannekragvooruitskatting
7.2.2.2 Onderwysbeplanning
7.2.2.3 Arbeidsmarkbeplanning . . . . . . . . . 103
7.3 Landbouontwikkeling . . . . . . . . . 104
7.3.1 Landbou as Basis vir Sosio-ekonomiese Ontwikkeling
7.3.2 Beleidsraamwerk vir Landbou-ontwikkeling
7.3.2.1 Sterk Gemotiveerde Benadering deur Owerhede

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 7.3.2.2 | Prysbeleid . . . . . . . . . . | 105 |
| 7.3.2.3 | Fiskale Beleid . . . . . . . . . | 106 |
| 7.3.2.4 | Grondbesit | |
| 7.3.2.5 | Streeksgebaseerde Landbouontwikkeling | |
| 7.3.2.6 | Praktykgetoetste Tegniese Kennis . . . . | 107 |
| 7.3.2.7 | Toedeling van Grond | |
| 7.4 | Nywerheidsontwikkeling | |
| 7.4.1 | Beleidsraamwerk vir Nywerheidsontwikkeling . . | 108 |
| 7.4.1.1 | Wysiging in Beleid en Instellings | |
| 7.4.1.1.1 | Keuses en Duur van Aansporingsmaatreëls | |
| 7.4.1.1.2 | Diskriminasie tussen Nywerhede | |
| 7.4.1.1.3 | Deelname deur Owerheid . . . . . . . | 109 |
| 7.4.1.1.4 | Uitvoergeoriënteerdheid | |
| 7.4.1.2 | Bevordering van Inheemse Kleinsake-entrepreneurskap | |
| 7.4.1.2.1 | Bevordering van Invoervervangende Nywerhede | |
| 7.4.1.2.2 | Rentekoersbeleid | |
| 7.4.1.2.3 | Landbou Georiënteerde Strategie . . . . . | 110 |
| 7.4.1.3 | Invoervervanging | |
| 7.4.1.3.1 | Bevordering van Hoë-potensiaal Nywerhede | |
| 7.4.1.3.2 | Komplementariteit | |
| 7.4.1.4 | Vervaardiging vir Uitvoer | |
| 7.4.1.4.1 | Mededingendheid en Produktiwiteit . . . . . . | 111 |
| 7.4.1.4.2 | Vestiging van Nywerhede | |
| 7.4.1.5 | Streeksintegrasie | |
| 7.4.1.5.1 | Voorsiening van Infrastruktuur en Kommunikasie . | 112 |
| 7.4.1.5.2 | Inter-streekskakeling | |
| 7.5 | Mynbouontwikkeling | |
| 7.5.1 | 'n Doelbewuste Poging | |
| 7.5.2 | Kundigheid en Vaardigheid . . . . . . . | 113 |
| 7.5.3 | Waarborge deur Owerhede | |
| 7.5.4 | Geologiese Ondersoeke | |
| 7.5.5 | Terugploeging van Winste | |
| 7.6 | Handel- en Dienste-sektor Ontwikkeling . . . | 114 |
| 7.6.1 | Handel en Dienste | |
| 7.6.1.1 | Erkenning deur Owerhede | |
| 7.6.1.2 | Ruimtelike Verdeling | |
| 7.6.1.3 | Gebrek aan Plaaslike Vaardighede | |
| 7.6.1.4 | Institusionele Aspekte | |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 7.6.2 | Toerisme . . . . . . . . . . | 115 |
| 7.6.3 | Vervoer en Kommunikasie | |
| 7.7 | Tegnologiese Vernuwing . . . . . . | 116 |
| 7.7.1 | Voorvereiste vir die Behoud van die Ontwikkelingsproses | |
| 7.7.2 | Beleidsraamwerk vir die Stimulering van Tegnologiese Vernuwing | |
| 7.7.2.1 | Geskikte Tegnologie | |
| 7.7.2.2 | Faktorprys Manipulasie | |
| 7.7.2.3 | Tegnologie . . . . . . . . . . | 117 |
| 7.8 | Samevatting | |

HOOFSTUK 8

| | | |
|---|---|---|
| Beleidsraamwerk vir Voldoende Kapitaalvorming en Toedeling . | | 119 |
| 8.1 | Inleiding | |
| 8.2 | Doeltreffende en Stabiele Ekonomie . . . . | 120 |
| 8.2.1 | Kapitaalvermoë | |
| 8.3 | Bevredigende Spaarkoers | |
| 8.3.1 | Rol van Geld- en Kapitaalmarkinstellings | |
| 8.3.2 | Aanvulling van Spaarbronne . . . . . . . . | 121 |
| 8.3.3 | Verhoging van Spaargeneigdheid | |
| 8.4 | Handhawing van 'n Goeie Kapitaalarbeidsverhouding . . | 122 |
| 8.5 | Die Uitbouing en Handhawing van 'n Goeie Balans tussen die Private en Openbare Sektore in die Ekonomie | |
| 8.6 | Wisselwerking tussen Internasionale Geld- en Kapitaalmarkte en Binnelandse Kapitaalvorming | |
| 8.6.1 | Beperking van Invoer | |
| 8.6.2 | Buitelandse Lenings . . . . . . . . . . | 123 |
| 8.6.3 | Verbeterde Ruilvoet | |
| 8.6.4 | Nie-vrywillige Besparing | |
| 8.7 | Optimale Toedeling van Investeringsbronne | |
| 8.7.1 | Oordeelkundigheid . . . . . . . . . . | 124 |
| 8.7.2 | Produktiwiteit | |
| 8.7.3 | Eise van 'n Dinamiese Ontwikkelingsproses | |
| 8.7.4 | Waardeoordeel | |
| 8.7.5 | Groeipunte | |

Bladsy

| | | |
|---|---|---|
| 8.7.6 | Uitvoergeoriënteerdheid . . . . . . . . | 125 |
| 8.7.7 | Evaluering van Investeringsgeleenthede | |
| 8.7.8 | Gebalanseerdheid | |
| 8.8 | Samevatting | |

HOOFSTUK 9

| | | |
|---|---|---|
| Beleidsraamwerk ter Versterking van die Markmeganisme | | 127 |
| 9.1 | Inleiding | |
| 9.2 | Algemene Voorvereistes . . . . . . . . | 128 |
| 9.2.1 | Grootte van die Mark | |
| 9.2.2 | Ingeligtheid van Besluitnemers | |
| 9.2.3 | Verdeling van Rykdom . . . . . . . . | 129 |
| 9.2.4 | Fundamentele Gebreke wat deur die Owerheid of sy Agente Aangevul moet word | |
| 9.2.4.1 | Gemeenskaplike Produkte en Dienste | |
| 9.2.4.2 | Ekonomiese Newe-effekte (eksternaliteite) . . . | 130 |
| 9.2.4.3 | Ekonomiese Onstabiliteit | |
| 9.3 | Spesifieke Voorvereistes . . . . . . . . | 131 |
| 9.3.1 | Privaatbesit van Produksiefaktore | |
| 9.3.2 | Vrye Onderneming | |
| 9.3.3 | Winsmotief | |
| 9.3.4 | Mededinging | |
| 9.3.5 | Outomatiese Prysstelsel | |
| 9.3.6 | Erkenning van Regsbeginsels | |
| 9.4 | Samevatting . . . . . . . . . . | 132 |

HOOFSTUK 10

| | | |
|---|---|---|
| Beleidsraamwerk ter Ondersteuning en Uitbreiding van 'n Stabiele en Funksionele Binnelandse Owerheid . . . . . . . . . . | | 133 |
| 10.1 | Inleiding | |
| 10.2 | Monetêre en Fiskale Beleid . . . . . . . . | 134 |
| 10.2.1 | Monetêre Beleid | |
| 10.2.2 | Fiskale Beleid | |
| 10.3 | Brontoedeling en Investeringsbeleid . . . . . . | 135 |
| 10.4 | Sektorale Beleid . . . . . . . . . . | 136 |
| 10.5 | Mannekragbeleid | |
| 10.5.1 | Indiensnamebeleid . . . . . . . . . | 137 |
| 10.5.2 | Salaris- en Loonbeleid | |

Bladsy

10.5.3 Vakbondbeleid . . . . . . . . . . 138
10.5.4 Werktoestande en Opleiding . . . . . . 139
10.6 Gesondheid, Onderwys en Welsynsbeleid
10.7 Markbeleid . . . . . . . . . . 140
10.8 Valutabeleid
10.9 Samevatting . . . . . . . . . . 141

HOOFSTUK 11

Beleidsraamwerk vir die Ondersteuning en Uitbreiding van 'n Stabiele en Funksionele Binnelandse Owerheid . . . . . . . . 143

11.1 Inleiding
11.2 Elemente van 'n Sinvolle Beleid Rakende Internasionale Betrekkinge . . . . . . . . 144
11.2.1 Ekonomiese Soewereiniteit van State
11.2.2 Stelsel van Konsultasie . . . . . . . 145
11.2.2.1 Basis van Konsultasie
11.2.2.2 Deelname in Wêreldorganisasie
11.2.2.3 Ekonomiese en Tegniese Samewerking
11.2.3 Voorsiening van Basiese Behoeftes . . . . 146
11.2.4 Mededingendheid van Natuurlike Hulpbronne
11.2.4.1 Sintetiese Substitute
11.2.4.2 Ekologiese Voordele . . . . . . . 147
11.2.4.3 Bepaling van Potensiaal
11.2.5 Ontplooiing van 'n Nywerheidsproduksieprogram
11.2.6 Uitvoerstimulering
11.2.7 Eliminering van Beperkende Handelspraktyke . . 148
11.2.8 Oordrag van Tegnologie
11.2.8.1 Internasionale Kode
11.2.8.2 Toegang tot Tegnologieë . . . . . . . 149
11.2.8.3 Aanwending van Tegnologieë
11.2.8.4 Navorsingsprojekte
11.2.9 Private Investering
11.2.9.1 Kapitaalvorming
11.2.9.2 Belastingtoegewings
11.2.9.3 Ekonomiese en Politieke Oorwegings . . . . 150
11.2.10 Heronderhandeling van Minder-ontwikkelde Lande
11.3 Samevatting . . . . . . . . . . 151

HOOFSTUK 12

Samevatting . . . . . . . . . . . . 152
Synopsis . . . . . . . . . . . . 163
BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . i–vi

## LYS VAN FIGURE EN TABELLE


Figuur 1 Voorstelling van die Multidimensionele Aard van die Ekonomiese Ontwikkelingsproses

2 Omvattende Bose Kringloop van Armoede (Van der Merwe en Stadler-model)

3 'n Meer Omvattende Bose Kringloop van Armoede

Tabel 1 'n Vergelyking van die Produksie/Inkomste per capita tussen Lande (R,1978)

2 Die Graad van Ongelyke Verdeling van Inkomste (R, 1974)

3 Die Daaglikse Aanbod van Kalorieë as Persentasie van die Aangevraagde Hoeveelheid (1980)

4 Aantal Persone per Mediese Praktisyn (1977)

5 Die Lewensverwagting van Inwoners van Onderskeie Lande (1978)

6 Bevolkingsaanwaskoers

7 Die Verdeling van Wêreldbevolking (1978,miljoene)

8 Produktiwiteit van die Arbeidsmag (1977)

9 Stedelike Aanwas (1970; 1985)

10 Werkloosheidskoers in Geselekteerde Stedelike Gebiede

11 Jaarlikse Geprojekteerde Arbeidsmag Groeikoerse

12 Totale In- en Uitvoer van Geselekteerde Minder-ontwikkelde Gebiede

13 Produksamestelling van Uitvoer (1971)

14 Jaarlikse Gemiddelde Groeikoers van Uitvoer (1972)

HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 MOTIVERING VIR VOORGENOME STUDIE

Wêreldwyd voer mense op verskillende wyses 'n bestaan. Sommige bevind hulle in gunstige omstandighede, terwyl ander onder armoede en geestelike vervalling gebuk gaan. Sommige is van 'n redelik aanvaarbare graad van sekuriteit verseker. Ongeveer twee-derdes van die wêreldbevolking (Todaro MP 1977 p 1) het egter minder om na uit te sien. Hulle beskik oor weinig of geen beskutting of voedsel. Hul gesondheid is swak, hulle is ongeletterd en werkloos met 'n vae en onsekere toekomsverwagting.

Hierdie agterlike groep het sedert die Eerste Ontwikkelingsdekade in 1960-1970 en daarna die verbeelding van die meer welvarende, ontwikkelde mens aangegryp. Voorheen is hierdie agterlike groepe maar as net twee-derdes van die mensdom beskou. Vandag word daar uit 'n ander oog na hulle gekyk. Hierdie nuwe benadering het twee wêrelde met uiteenlopende agtergrond en toekomsvisie bymekaar uitgebring.

Daar is gou besef dat albei groepe 'n verantwoordelikheid vir die oplossing of algehele uitwissing van hierdie agterlikheid het. Aan die een kant vereis dit 'n verandering in die gesindheid en strewe van die ekonomies agterlikes en aan die ander kant 'n eerlike en opregte hulpvaardigheid van die ontwikkelde bevolkings.

Aangesien die mikpunt van selfstandige ekonomiese ontwikkeling nie 'n inherente, vitale deel van die begeertes of primêre behoefte-omlyning van hierdie mense is nie, word 'n goed geformuleerde en goed deurdagte ontwikkelingsbeleid vereis (Weidemann JJS 1969 p 11). Ook Suid-Afrika is nie hiervan vrygestel nie. By die Swartman in Suid-Afrika bestaan daar 'n motief van ontvlugting van die prestasie tot selfbehoud. Daar is dus twee strome vanuit dieselfde motief: die een streef

na ontvlugting van die ontwikkelingsbeleid, terwyl die ander streef na die sekuriteit en orde onder die Blanke gemeenskappe (Weidemann JJS 1969 p 11). Hierdie bepaalde motiewe moet dus verander word. Sowel die ontwikkelde as die onderontwikkelde gemeenskappe moet bewus gemaak word van die verskil tussen behoeftes en vermoëns.

In 'n goed geformuleerde ontwikkelingsbeleid word hierdie behoeftes en vermoëns geïdentifiseer. Daarom kan enige eerlike en opregte poging gemik op die opheffing van die lae lewenstandaard slegs suksesvol wees indien dit op 'n goed geformuleerde ontwikkelingsbeleid berus.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Soos later sal blyk ( p 3 ), is die vernaamste probleem die formulering van 'n ontwikkelingsbeleid. Die afgelope vyftien jaar het daar in die literatuur baie min verskyn wat spesifiek handel oor die belangrike aspekte wat in die formulering van 'n ekonomiese ontwikkelingsbeleid in ag geneem moet word. Dit is derhalwe die doel van hierdie navorsing om tekortkominge te probeer aanvul.

Daarom is dit belangrik om binne die bestek van hierdie studie die feitlike situasie in die minder ontwikkelende gebiede te ondersoek (die positiewe) en ook om na te gaan wat gedoen moet word om die onderontwikkeldheid uit te wis (die normatiewe).

Die probleem wat dus die meeste aandag en toewyding sal verg, is om die beginsels en vertrekpunte vir die formulering van 'n ekonomiese ontwikkelingsbeleid te stel. 'n Ontwikkelingsbeleid wat by bepaalde omstandighede pas kan dan hierop gebou word. Laasgenoemde is nie die doel van hierdie studie nie.

## 1.3 STUDIEMETODE

Gedagtig aan die definisie van wat 'n wetenskap is, naamlik "soveel as moontlik geverifieerde en gesistimatiseerde kennis" (Van Heerden JHP 'n Inleidende Studie van Ekonomie p 1), sal daar deurgaans gepoog word om bestaande tegnieke te gebruik. Indien dit onvoldoende blyk te wees, sal van oorspronklike nuwe tegnieke en metodes gebruik gemaak word.

Om die gestelde doelwit te realiseer, sal eerstens 'n literatuurstudie onderneem word. Die literatuurstudie word dan aangevul deur empiriese mikro- en makronavor-

/-sing...

sing. Dit sluit persoonlike onderhoude en besoeke aan beleidmakers en beleidmakende instellings en algemene waarneming in, waardeur met behulp van die induksiemetode 'n algemene model ontwikkel sal word.

## 1.4 SAMESTELLING

Indien die regering 'n ontwikkelingsbeleid wil formuleer, moet die volgende bekend wees: die ekonomiese struktuur, die gestelde doelwitte en doelstellings en strategieë. Die indeling van hierdie studie sal reg aan hierdie drie vereistes laat geskied.

Die studie word in twee afdelings verdeel. Afdeling A kan beskou word as 'n teoretiese analise. In hierdie afdeling word gehandel oor die eerste twee vereistes soos hierbo geïdentifiseer. Afdeling B het dan meer te doen met die raamwerk vir die oplossing en verbreking van die Bose Kringloop van Armoede.

Vanweë die multidimensionele aard van die ontwikkelingsproses en die bestaan van persoonlike interpretasies van ontwikkeling is dit van besondere belang dat die uitgangspunte vir die onderliggende basis van die studie duidelik uitgelig moet word.

Enige beleidmaker of beleidmakende instelling gemoeid met die formulering van 'n ontwikkelingsbeleid moet noodwendig vergewis word van die verskillende interpretasies van die term "ontwikkeling". Die interpretasies van die terme "ontwikkeling" en "groei" sal noodwendig die geïdentifiseerde knelpunte en strategieë wat as oplossing moet dien, beïnvloed. Daarom is dit in die eerste plek essensieel dat beleidmakers hulle met 'n bepaalde beskouing oor die term "ontwikkeling" moet assosieer. Dit word in hoofstuk twee bespreek. Hoofstuk twee beklemtoon dan ook daardie veranderlikes wat deur die jare aangevoer is vir moontlike beleidmaatreëls. Dit dien as agtergrond vir Afdeling B.

In hoofstuk 3 word die vraag waarom ontwikkeling belangrik is, nasionaal en internasionaal, beantwoord. Soos reeds vroeër gestel (p 1 ) is daar 'n besef by sowel die ontwikkelde as die minderontwikkelde lande dat ontwikkeling 'n integrerende deel van hul behoefte-omlyning moet wees. In hierdie hoofstuk word die ekonomiese struktuur van die minderontwikkelde lande ontleed.

Aan die hand van hoofstukke twee en drie wat onderskeidelik die verskillende interpretasies van die terme "ontwikkeling" en die ekonomiese struktuur van die minder ontwikkelde lande bespreek, kan in hoofstuk 4 ontwikkelingsdoelwitte en leidende

beginsels geïdentifiseer word.

Met Afdeling A as agtergrond kan daar nou gevorder word tot die identifikasie van sektorale strategieë of maatreëls wat op sektorale vlak geïmplementeer kan word om sinvolle ekonomiese ontwikkeling moontlik te maak.

In Afdeling B word dan vervolgens gesoek na maatreëls vir die vermindering van bevolkingsgroei, wat insluit bevolkingsbeplanning en tweedens die voorsiening van basiese behoeftes.

In die daaropvolgende hoofstuk word 'n beleidsraamwerk saamgestel wat die geleenthede skep om 'n beter benutting van bronne te realiseer. Eerstens word gekyk na mannekragbenutting as 'n beter metode om arbeid en entrepreneurskap by ontwikkeling te betrek. Tweedens word die ontwikkeling van die landbousektor en mynbousektor as metode vir beter grondbenutting ondersoek. Derdens word die aandag gevestig op nywerheidsontwikkeling en die ontwikkeling van die handels- en dienstesektor om kapitaal beter te betrek. Laastens word gelet op tegnologiese vernuwing as metode om tegnologie, by ekonomiese ontwikkeling te betrek.

In hoofstuk 8 word verder gelet op daardie maatreëls wat kan bydra tot voldoende kapitaalvorming sowel as die toedeling van kapitaal. Dit is belangrik vanweë die daling inkomste en rentabiliteit, wat meebring dat grensbestedingsgeneigdheid styg en die dalende spaargeneigdheid dus veroorsaak dat onvoldoende kapitaal verkry word.
Vanweë die inherente probleme van die markmeganisme moet maatreëls wat daarop ingestel is om die markmeganisme te versterk om sodoende 'n beter verdeling van bronne te bewerkstellig, ingestel word. Hoofstuk 9 doen dan sekere maatreëls aan die hand wat kan bydra tot die verbreking van die geïdentifiseerde bose kringloop genaamd "onvoldoende marktoestande".

Hoofstukke 10 en 11 is ten slotte onderskeidelik gemoeid met maatreëls ter ondersteuning en uitbreiding van 'n stabiele en funksionele binnelandse en buitelandse owerheid.

In hoofstuk 12 word die resultate wat verkry is saamgetrek en moontlike navorsingsterreine blootgelê.

oooooooooooooooooooooo

AFDELING A

TEORETIESE ANALISE

HOOFSTUK 2

# DIE BETEKENIS VAN DIE TERM EKONOMIESE ONTWIKKELING

## 2.1 INLEIDING

Vanweë die omvangryke aard van die ontwikkelingsproses en die uiteenlopende aard van fasette wat ten nouste daarmee saamgaan, moet beleidmakers gemoeid met die formulering van 'n ontwikkelingsbeleid, hul noodwendig van verskillende interpretasies van die term "ontwikkeling" vergewis. Die interpretasies van die term "ontwikkeling" sal noodwendig die geïdentifiseerde knelpunte en strategieë wat moet dien as oplossing beïnvloed. Daarom is dit in die eerste plek essensieel dat hierdie studie met 'n bepaalde beskouing van die term "ontwikkeling" geassosieer word. Om hierdie rede is dit belangrik om vanuit 'n historiese oorsig van die term "ontwikkeling" tot 'n meer resente, aanvaarbare beskouing van die term, wat dan as uitgangspunt in hierdie studie gebruik sal word, te kom.

## 2.2 'N HISTORIESE OORSIG OOR DIE TERM ONTWIKKELING

### 2.2.1 Inleiding

Voor die afgelope sestigerjare is ontwikkeling beskou as 'n uitbreiding en handhawing van 'n styging in die bruto binnelandse produk. Die reële bruto binnelandse produk is dan as tradisionele maatstaf by die bepaling van 'n gemeenskap se welvaart gebruik. Daar is ook in die verlede groter klem op die struktuurveranderinge in produksie en indiensname gelê. Ontwikkelingstrategieë is derhalwe hoofsaaklik op stedelike industrialisasie toegespits en in die meeste gevalle ten koste van landbou- en plattelandse ontwikkeling. (Todaro MP 1977 p 98)



/Hierdie...

Hierdie tradisionele beskouings van die ontwikkelingsproses kom duidelik na vore deur die Klassieke, Neo-klassieke, Marxistiese en Post-Keynesiaanse skool van denkers. Hierdie skole se vertolking van ontwikkeling word hoofsaaklik aan die hand van Meier en Baldwin (1957 p 19-124) gedoen.

### 2.2.2 Klassieke Skool

In die klassieke skool van denkers word twee prominente denkers uitgesonder naamlik, Adam Smith (1776) en David Ricardo (1817).

#### 2.2.2.1 Adam Smith

Smith huldig in sy boek "An inquiry into the nature and causes of the wealth of nations" (1776) die "laissez-faire" gedagte. Die basis van sy benadering was die agtiende-eeuse aanvaarding van die "natural law". Hierdie natuurreg bestaan uit 'n "set of rules of right or justice, and perhaps even of morality in general which are, or may be, known by all men by the help either of 'reason' or of a moral sense and which possess an authority superior to that of such commands of human sovereigns and such customary legal and moral regulations as many contravene them " (Taylor OH 1955 p 73).

Volgens Smith sal deur hierdie 'natuurreg' 'n stelsel ontwikkel wat die ontwikkelingsproses die beste sal bevorder. Dit sal van so 'n aard wees dat elke individu se reg beskerm sal word, maar nie ten koste van ander nie. In Smith se eie woorde:

> "..... if each member of society is free to pursue his self-interests, a harmonious beneficial economic order will result "
> (In Meier en Baldwin, 1957 p 19).

Hierdie gestelde doel sal deur die werking van die "onsigbare hand" verwesenlik kan word. Volgens Smith, soos die ander klassieke ekonome, sal die ontwikkelingsproses 'n harmonieuse proses wees en sal vermoë en behoeftes hierdie volledige werking van die markmeganisme, bygestaan deur die "onsigbare hand", altyd aan mekaar gelyk wees. (Meier en Baldwin, 1957 p 20)

#### 2.2.2.2. David Ricardo

Ricardo het besondere klem op die werke van Adam Smith gelê en die teorie van

/ontwikkeling.......

ontwikkeling verfyn en uitgebou. In sy boek "The Principles of Political Economy and Taxation" (1817) word die klassieke teorie van ontwikkeling nie baie sistematies en ordelik beskryf nie.

'n Kenmerk van Ricardo se werk is dat hy besondere klem op die landbou plaas en nie die rol van tegnologie in die vermeerdering van landbouaktiwiteite aanvaar nie. Op hierdie wyse het hy die sentrale probleem, naamlik die verskaffing van voedsel aan die groeiende bevolking, oor die hoof gesien.

Anders as vir Adam Smith is dit vir Ricardo nie ooglopend dat die ontwikkelingsproses 'n harmonieuse proses is nie. Volgens Ricardo lei ontwikkeling tot stagnasie as gevolg van die wet van dalende meeropbrengs en die afwesigheid van tegnologie. Uiteindelik sal ekonomiese ontwikkeling tot 'n onaanvaarbare verdeling van inkomste lei wat verdere ontwikkeling dan sal beperk.

### 2.2.2.3 Samevatting

By beide ekonome is kapitaalvorming 'n voorvereiste vir ekonomiese ontwikkeling. By Adam Smith is dit nodig vir spesialisasie terwyl Ricardo van mening is dat dit vir die aankoop van grond en dus die vermoë om 'n toenemende gaping tussen die bruto en netto inkomste te verkry, noodsaaklik is.

Ten spyte hiervan staan hulle skepties oor die normale proses van kapitaalvorming. Twee moontlike verklarings kan hiervoor aangebied word. In die eerste plek die wet van dalende opbrengs. Aangesien die klassieke ekonome die tegnologiese proses, wat moet verhoed dat dalende produksie ontstaan, misken, gebeur dit dat indien kapitaal met dieselfde inkremente geïnvesteer word, die produksie nie met dieselfde inkremente sal styg nie. Die produksie kan slegs met bepaalde inkremente daal. Die gevolg is dat kapitaalvorming met kleiner inkremente styg en selfs met bepaalde inkremente kan daal.

In die tweede plek is die klassieke ekonome daarvan oortuig dat die lone volgens die Malthus-beginsel van bevolkingsaanwas altyd op die minimum bestaansvlak sal lê. Hierdie lae loonpeil met sy hoë bestedingsgeneigdheid veroorsaak dan 'n lae spaargeneigdheid. Daar kan dan nie genoegsame besparing vir 'n aanvaarbare vlak van kapitaalvermeerdering gemobiliseer word nie. Dit is die twee belangrikste struikelblokke aangesien die klassieke beskouing gebaseer is op 'n ekonomiese omgewing waar:

"....development....

"..... development occurs gradually, in which perfect competition prevails and - most important - in which attitudes, institutions, abilities etc. favourable to development already exist "
(Meier en Baldwin 1957 p 45).

In die mate wat hierdie omstandighede geld, sal die klassieke beskouing van hoe ontwikkeling sal plaasvind aanvaarbaar wees. Anders vereis dit aanpassings en verstellings.

### 2.2.3 Neo-klassieke Ekonome

Die neo-klassieke ekonome was prominent voor die Eerste Wêreldoorlog. Anders as vir die klassieke ekonome was dit vir die neo-klassieke ekonome irrelevant om te konsentreer op die surplus van die totale produksie bo die benodigde produksie om die welvaart van die bevolking bo 'n bestaanspeil te verhoog. Een moontlike verklaring hiervoor is dat die neo-klassieke ekonome in gebiede gewoon het waar die reële lone bo die bestaanspeil was. Aangesien die neo-klassieke ekonome die bestaanspeilteorie laat vaar, verbreek dit ook die klassieke en Marxistiese verwantskappe wat daar bestaan het tussen die distribusie van inkome en die volume besparing en dus kapitaalvorming. So ondervang die neo-klassieke ekonome die grootste kritiek teen die klassieke ekonome. Die neo-klassieke ekonome het wel aandag geskenk aan korttermyn-fasette, soos inkomste-distribusie, waarde- en algemene ewewigsteorieë. Dié ekonome was meer geïnteresseerd in die ekonomiese verwantskappe tussen veranderlikes op 'n gegewe moment in plaas van oor langtermynperiodes.

Die neo-klassieke ekonome het dus die ontwikkelingsproses as 'n "gradually, harmonious and reinforcing process" (Meier en Baldwin 1957 pp 71-75) beskou. Hulle het dus geglo dat met 'n gegewe hoeveelheid produksiefaktore kan 'n land 'n hoër produksie lewer. Al voorvereistes wat hulle gestel het, is dat daar mededingende marktoestande moet bestaan en 'n effektiewe verdeling van bronne moet wees. Aangesien die neo-klassieke ekonome die klassieke gedagte van 'n vaste hoeveelheid arbeid en kapitaal (proporsioneel) vir produksie onder 'n gegewe toestand van tegnologie verwerp, aanvaar hulle die substitusie van kapitaal vir arbeid. Namate die kapitaal in verhouding met die bevolking groei, styg die nasionale en per kapita-inkomste. Die aanwending van kapitaal hang af van die verhouding tussen die grensproduktiwiteit van kapitaal en die rentekoers. Tog bestaan daar 'n beperking in die sin dat die grensproduktiwiteit van kapitaal daal na mate die proses van kapitaalvorming toeneem. Kapitaalvorming is dus die basis van toekomstige

/ontwikkeling.....

ontwikkeling. Anders as die klassieke ekonome erken hulle die belangrike rol van tegnologie.

Die neo-klassieke ekonome aanvaar dus dat daar as gevolg van interne en eksterne besparing met 'n konstante hoeveelheid kapitaal en arbeidsaanbod, 'n styging in die nasionale inkome bereik kan word. Tog erken en aanvaar die neo-klassieke ekonome dat die tegnologiese kennis langsaam en outonoom groei en sodoende fisiese geleenthede bied om 'n styging in inkomste per arbeidsuur te realiseer.

Samevattend was daar volgens die neo-klassieke ekonome 'n meer volkome verwantskap tussen die kapitalis en arbeider in die ontwikkelingsproses.

### 2.2.4 Marxistiese Skool van Denkers

In teenstelling met die voorgaande denkers is Marx oortuig daarvan dat ekonomiese ontwikkeling onder die kapitalistiese stelsel sal lei tot 'n "mass of misery, oppression, slavery, degradation (and) exploitation" (Meier en Baldwin 1957 p 53 ). Marx verwerp die oorbeklemtoning van kapitaalintensiteit. Volgens Marx sal hierdie proses van kapitaalintensiteit lei tot krisisse wat die swakheid van die kapitalisme sal aantoon. Hierdie krisisse sal volgens Marx die fondamente van die gemeenskap skud.

Vanweë hierdie aard van die ontwikkelingsproses sal daar krisisse ontstaan wat sal uitloop op die finale revolusie en oorname van kapitalisme. Die langtermynontwikkelingsproses word geken aan drie elemente, naamlik:

"(1) increasing misery of labour;
(2) concentration of capital and
(3) falling rate of profits"
(Meier en Baldwin 1957 p 53).

Ekonomiese ontwikkeling is dus volgens Marx 'n disharmonieuse proses wat korttermynvoordele aan sowel arbeider as kapitalis bied. Oor die medium- en langtermyn hou dit ook probleme in beide groepe in: "Die finale resultate van hierdie proses van ekonomiese ontwikkeling is die verdelging van kapitalisme en die opkom van sosialisme" (Meier en Baldwin 1957 p 60).

### 2.2.5 Post Keynesiaanse Skool

/ 2.2.5.1

**2.2.5.1 Inleiding**

Met die werke van Joseph Schumpeter (1911); Sir Roy Harrod en Evesy Domar (1950) en Walt W Rostow (1960) word die twintigste eeu ingelei.

Joseph Schumpeter het bekendheid verwerf met sy studie oor besigheidsiklusse wat in 1939 verskyn het. In 1911 het hy in Duitsland sy teorie van ekonomiese groei saamgevat in sy boek "Theory of Economic Development".

Sir Roy Harrod van Engeland en Evesy Domar van die VSA het gesamentlik in die begin van die vyftigerjare die "Harrod-Domar-model" geformuleer, wat 'n uitbreiding van die Keynes-model is.

Watt Rostow se ontwikkelingsteorie kom uit sy boek "The stages of Economic Growth - a non-communist manifesto" van 1960.

Elk van hierdie skrywers se benaderingswyse tot die term "ekonomiese ontwikkeling" word vervolgens behandel.

2.2.5.2 Joseph Schumpeter

In teenstelling met Ricardo en Marx verklaar Schumpeter dat daar geen rede bestaan om sommer te aanvaar dat daar 'n wet van dalende opbrengs, 'n Malthusiaanse bevolkingsbeginsel en 'n wanverdeling van inkomste, sal bestaan nie. Volgens Schumpeter sal daar nooit 'n gebrek aan investeringsgeleenthede en dus onderindiensname ontstaan nie.

Schumpeter is van mening dat die groter suksesse van kapitalisme die sosiale lewenswyse en ingesteldheid sal verander, en dat dit die kapitalistiese stelsel sal vernietig. Dit is dan teen hierdie agtergrond dat Arthur Smithies verklaar dat Schumpeter "....is the most uncompromising stagnationist of them all" (Smithies A 1950 p 640).

Schumpeter verwerp die neo-klassieke skool se beskouing dat ontwikkeling 'n langsame en harmonieuse proses is, en is van mening dat ontwikkeling slegs plaasvind gedurende tydperke van disharmonieuse siklusse soos wat totaal nuwe investeringshorisonne ontwikkel word. Voorts beweer hy dat ontwikkeling gevolg sal word deur tydperke van korttermyn-opbloei en depressie. Ekonomiese gebeurtenisse soos onder andere die elektrifisering van gebiede en die uitbreiding wat op die industriële

/omwenteling.......

omwenteling in die vorige eeu gevolg het, gryp sy verbeelding aan. Hy beskou hierdie soort gebeurtenisse as die basis van volgehoue ekonomiese ontwikkeling. Dit skep investeringsgeleenthede wat deur die entrepreneur in ontwikkelingsgeleenthede omskep word.

Daarom is die sentrale figuur in die analise van die ontwikkelingsproses van Schumpeter, die entrepreneur wat die innoveerder is en oor die vermoë beskik om nuwe kombinasies van produksiefaktore te gebruik. Hy beskou die entrepreneur as 'n kragtige, buigsame individu, wat alle moontlike struikelblokke kan oorkom. Die rede hoekom Schumpeter dan juis die entrepreneur so beklemtoon, is omdat 'n integrerende deel van die ontwikkelingsproses die disharmonieuse oplewing in die ekonomie is. In laasgenoemde bestaan daar in Schumpeter se wêreld groter risiko's en onsekerheid, wat uitbreiding vertraag en benadeel. Dit is hier dat die entrepreneur volgens Schumpeter 'n rol te vervul het.

Voorts beklemtoon hy die belangrikheid van kredietinstellings in die ontwikkelingsproses. Volgens Schumpeter maak die entrepreneur ruim van die beskikbare bankfondse en kredietskepping gebruik. Die fondse word aangewend om projekte te inisieer waarna hy dit dan met sy winste terugbetaal. Kredietskepping help dus om die ontwikkelingsproses 'n ongelyke en disharmonieuse proses te maak.

'n Verdere belangrike aspek van Schumpeter is dat hy nie die verbruikerssoewereiniteit erken nie maar dieselfde standpunt as Marx huldig. Hy ontken nie die belangrikheid van veranderinge in die verbruikersvraag in die ontwikkelingsproses nie, maar wil tog voorgee dat enige veranderinge in die verbruikerskeuse deur die produsent veroorsaak word.

Die kern van Schumpeter se ontwikkelingsmodel is dan die entrepreneur wat as innoveerder van tegnieke en produksiefaktorkombinasies optree met die oog op 'n toename in produksie en winsgeleenthede.

Dit het dan 'n ongelyke, disharmonieuse proses met sikliese fluktuasies tot gevolg.

#### 2.2.5.3 Harrod en Domar

Die pogings van Harrod en Domar kan beskou word as 'n post-Keynesiaanse analise. Genoemde persone poog om die teorie van Keynes, wat veral om die korttermyn sentreer, aan te vul, en sodoende 'n meer omvattende langtermynteorie van produksie en indiensname te formuleer. Hierdie ekonome probeer bepaal watter vereistes

/nagekom.........

nagekom moet word om 'n bestendige groei onder toestande van volle indiensname te realiseer.

Volgens Harrod en Domar kan die ekonomie by volle indiensname produseer deur genoegsame besparing te mobiliseer. Hierdie gemobiliseerde spare verhoog die produksie via die investeringsproses. Dus kom dit daarop neer dat vir groter indiensname die spaar en investeringsvolume groter moet wees, wat vereis dat die reële nasionale inkome aanhoudend moet styg. Indien gebrekkige kapitaalvorming plaasvind na mate die inkomste styg, kan verwag word dat by die kapitaal- en arbeidsbronne onderindiensname sal ontstaan.

Hieruit is dit duidelik dat die groeikoers gesamentlik van die nasionale spaar- en kapitaaluitsetkoers afhanklik is. Die groeikoers hou dus positief met die spaarkoers en negatief met die kapitaaluitsetkoers verband. Hiervolgens is dit so dat hoe meer 'n land kan spaar en hoe minder kapitaalintensief hy is, hoe groter sal die groeikoers wees.

### 2.2.5.4 Walt W Rostow

Rostow beweer dat indien 'n land tot 'n nywerheisland wil ontwikkel, hy bereid sal moet wees om deur verskillende opeenvolgende fases te gaan. Hy stel in sy boek "The stages of Economic Growth - a non-communist manifesto" dat lande se ekonomië in een van die volgende vyf fases tuishoort.

#### 2.2.5.4.1 Die Tradisionele Gemeenskap

Hy definieer hierdie gemeenskap as een wie se ekonomiese struktuur met beperkte produksiefunksies ontwikkel is, gebaseer op voor-Newtoniaanse wetenskap en tegnologie en op voor-Newtoniaanse benaderings tot die fisiese wêreld. (Rostow, WW 1960 p 1 in Higgins, B 1959 p 175)

Aangesien die produktiwiteit laag is, word 'n groot deel van die bruto binnelandse produk van die landbousektor verkry. In sodanige gemeenskappe is daar nog nie 'n gees van volgehoue ontwikkeling te bespeur nie.

#### 2.2.5.4.2 Die Oorgangsfase

Hierdie fase kan beskou word as 'n oorgang tussen die feodalisme en die wegspringstadium. Om tot die sogenaamde "wegspring"-fase te vorder moet lande aan

/sekere........

sekere voorvereistes voldoen.

i Tydens hierdie fase is die ekonomie hoofsaaklik gebonde aan die pogings om die vlak van investering te laat toeneem, om sodoende 'n selfonderhoudende groei te verseker. Om hierdie investeringsvlak te bereik, moet die entrepreneur in staat wees om moderne wetenskap te manipuleer en toe te pas en gepaste nuwighede voor te stel. (Higgens B 1959 p 176)

ii 'n Verdere voorvereiste is die aanvaarding van en gebruikmaking van sogenaamde leiersektore (leading sectors). So 'n sektor is een wat die grootste voordeel vir ander sektore bied. Die ontwikkeling in hierdie sektor sal dan netto voordeel vir ander sektore inhou wat dan op sy beurt die ekonomie tot volgehoue ekonomiese ontwikkeling dryf.

iii 'n Ander voorvereiste is die bestaan van 'n rekreatiewe nasionalisasie (reactive nationalism). Hierdie gees van nasionalisasie is 'n belangrike en kragtige ondersteunende krag in die omskakelingsproses van tradisionele na moderne gemeenskappe. (Higgens B 1959 p 178)

2.2.5.4.3 <u>Die Wegspringstadium</u>

Dit is 'n kort tydperk van ontwikkeling waarin groei selfondersteunend word. Verdere klem is geplaas op investering, met 'n aanverwante styging in die inkomste per capita sodat daar in die toekoms ewewig tussen besparing en investering bereik kan word.

2.2.5.4.4 <u>Die Ontwikkelingsfase</u>

Rostow verwys hier na 'n tydperk waar die gemeenskappe effektiewe aanwending van beskikbare bronne maak. Nuwe sektore vervang oues. Veranderinge wat kan plaasvind is: veranderinge in die verbruikerstruktuur; die werkerstruktuur; groei in agtergeblewe gebiede en verskuiwing van leierskap vanaf die entrepreneur na die bestuurder. Veranderinge gedurende hierdie stadium vind stadiger plaas.

2.2.5.4.5 <u>Hoë Verbruiksfase</u>

Dit word as 'n tydperk van volgehoue groei beskou. Volgens die teoretici oor sektorale fases sal hierdie fase deur die hoë inkomstevlakke gekenmerk word. Namate die inkomste per capita styg, vind daar meer vryetydsbesteding plaas en

/bestaan.........

bestaan daar meer versadigde markte vir vervaardigde produkte, en is dienste en tersiêre aktiwiteite met 'n hoë inkomste-elastisiteit van vraag aan die orde van die dag. Hierdie verskuiwing van primêre na sekondêre na tersiêre bedrywighede, vorm 'n integrale deel van die ekonomiese ontwikkelingsproses.

### 2.2.6 Samevatting

Ekonomiese ontwikkeling is 'n meer omvattende onderwerp as wat die meeste van bogaande ekonome sal wil toegee. Vanweë die multidimensionele aard van die ontwikkelingsproses is dit noodsaaklik om nie net na ekonomiese groeiteorieë te kyk nie maar dat die interverwantskappe van die ontwikkelingsproses duidelik aangedui word. Dit is dan veral die klassieke en die neo-klassieke ekonome wat onder skoot van kritici beland.

Genoemde denkers het hoofsaaklik net klem op ekonomiese veranderlikes wat die ontwikkelingsproses beïnvloed, gelê. Daar was hoofsaaklik net klem gelê op (1) die graad van tegnologiese ontwikkeling in die algemeen; (2) die kwantiteit en kwaliteit van die arbeidsmag; (3) die hoeveelheid en samestelling van die kapitaalvoorraad en (4) die aard van die natuurlike hulpbronne. Weinige aandag is gegee aan die sosiale en politieke faktore wat 'n interverwantskap met die genoemde ekonomiese faktore toon. Dus wil dit voorkom of die genoemde ekonome nie gepoog het om 'n algemene teorie van ontwikkeling te formuleer nie. Daar is eerder slegs gelet op sekere ekonomiese veranderlikes, wat volgens hulle oordeel baie belangrike invloede op die ontwikkelingsproses kan uitoefen.

Slegs Marx, Rostow en Schumpeter het gepoog om 'n algemene teorie te ontwikkel. Marx se pogings is op die identifisering van die kulturele veranderlikes in die ontwikkelingsproses gerig. 'n Ander meer realistiese skrywer was Schumpeter. Aangesien hy die ontwikkelingsproses aan die hand van die kapitalistiese dekmantel probeer verklaar het, kan hy 'n meer uitgebreide beeld van die ontwikkelingsproses daarstel. Volgens hom kan die gees van nasionaliteit as rede vir die ekonomiese, sosiale en politieke prestasies van die kapitalistiese stelsel aanvaar word. Rostow het met sy sektorale faseteorie 'n groter interafhanklikheid tussen ekonomiese en nie-ekonomiese faktore geopenbaar en kan dus meer suksesvol as die ander twee skrywers beskou word. Dus met die uitsondering van hierdie drie, het die ander ekonome hulle modelle gebou op die Westerse kapitalisme. Daarom was dit nodig om vele aannames in verband met die algemene sosiologiese, politieke en ekonomiese aard van die gemeenskap, te maak.

/Dat .........

Dat daar wel ekonome was wat in hierdie tyd pogings aangewend het om 'n meer uitgebreide spektrum van veranderlikes by hulle modelle te inkorporeer, is waar.

By die reedsgenoemde werke van Schumpeter, Marx en Rostow kan die volgende ook bygevoeg word:

i Max Weber wat die rol van die Calvinistiese etiek in die ontwikkeling van die winsmotief van die Westerse kapitalisme probeer verklaar. (Max Weber **The Protestant Ethic and Spirit of Capitalism,** red T Parsons, Allen and Unwin London 1930)

ii W Sombart wat weer die "spirit of capitalism" as die inisiërende krag beskou. (Sombart W **Der Moderne Kapitalismus,** Duncker en Humblot Leipzig 1916)

iii V Pareto het weer 'n algemene sikliese teorie vir die sosiale veranderlikes ontwikkel. (V Pareto **The Mind and Society,** red A Bangiorno en A Livington Harcourt, Brace and Co New York 1935)

iv T Parsons het probeer om die tradisionele ekonomiese teorieë met die sosiologiese teorieë te integreer. (Parsons T **The structure of Social Action,** McGraw-hill, New York 1937)

Om dus 'n beter begrip van die ekonomiese ontwikkelingsproses te verkry, is dit noodsaaklik om besondere aandag te skenk aan sulke teorieë wat poog om ook die nie-ekonomiese faktore met die ekonomiese faktore te integreer.

Dat daar wel gebreke is in die genoemde tradisionele teorieë (1776-1959), is nie te bevraagteken nie, maar tog:

> "..... they focus upon certain critical economic factors....... and in doing so they yield insights upon the kind of forces that effects these factors (Meier en Baldwin 1957 p 124).

Sonder hierdie teorieë sal dit moeiliker gewees het om die ander dissiplines se bydrae tot die oplossing van die moeilike vraagstukke, te kan bepaal:

> "They are limited, but they are extremely valuable within their limits as a foundation upon which to construct more elaborate and complete explanations,

/of .........

of this complicated social problem "
(Meier en Baldwin 1957 p 124).

## 2.3 'N RESENTE BESKOUING VAN DIE TERM EKONOMIESE ONTWIKKELING

### 2.3.1 Inleiding

Die reedsgenoemde tradisionele maatstawwe van ekonomiese ontwikkeling (kyk paragrawe 2.2 tot 2.2.6) is later deur algemene aanvaarbare nie-ekonomiese indikators aangevul. Hierdie nie-ekonomiese indikators sluit byvoorbeeld geletterdheid, gesondheidstoestande en dienste in. Gedurende die vyftigerjare was probleme soos armoede, onderindiensname en die verdeling van inkomste van sekondêre aard.

Ten spyte daarvan dat dit in die eerste ontwikkelingsdekade meer moontlik was om gestelde groeikoerse te bereik, het die styging in die welvaart van gemeenskappe nie noemenswaardig plaasgevind nie.

Dit het daartoe gelei dat ekonomiese ontwikkelingstrategieë weer ondersoek moes word waardeur die vermindering van armoede, ongelyke inkomsteverdeling en onderindiensname belangrike ekonomiese verskynsels geword het. Verskeie ander bykomende aspekte het in belangrikheid toegeneem.

Volgens Seers is die vraag gedurende die Tweede ontwikkelingsdekade (1970-1980) 'n meer omvattende een. Volgens hom moet die vraag eerder wees:

Wat het gebeur met armoede?
Wat het met werkloosheid gebeur?
Wat het met ongelykheid gebeur?
(Seers S 1969 p 3)

Ontwikkeling as ekonomiese verskynsel is dus meer as net die verhoging van die graad van effektiwiteit van aanwending van produksiefaktore. Ekonomiese ontwikkeling is dan 'n multidimensionele proses. Dit behels die verandering in strukture, benaderings en gewoontes, ekonomiesegroei, meer gelyke verdeling van inkomste en die uitwissing van armoede. Ekonomiese ontwikkeling, in resente tye, word dan geag as veranderinge wat 'n verbeterde materiële en geestelike voortbestaan waarborg. (Todaro MP 1977 p 96)

/Hierdie.........

Hierdie verandering vereis dan 'n wysiging in die tradisionele beskouing van die begrip "ekonomiese ontwikkeling".

### 2.3.2 Resente Teorieë oor die Term Ekonomiese Ontwikkeling

Gedurende die eerste ontwikkelingsdekade (1960-1970) het meer resente teorieë op die voorgrond getree. Hierdie teorieë was nie so eng as die tradisionele ontwikkelingsteorieë nie en het interdissiplinêre faktore in ag geneem. Hierdie teorieë kan meer as moontlike verklarings van die multidimensionele aard van die ekonomiese ontwikkelingsproses beskou word. Meer resente ontwikkelingsteorieë het nie alleen 'n verklaring gesoek waarom snelle ekonomiese ontwikkeling in minder-ontwikkelde lande nie plaasvind nie, maar ook die basiese faktore nagevors wat aanleiding gee tot ekonomiese ontwikkeling, sowel as die intersektorale en intersekulêre proses waardeur kapitaal en groei plaasvind. (Baldwin R 1972 p 66)

Aangesien die kern van hierdie teorieë saamgevat word wanneer die multidimensionele aard van die ekonomiese ontwikkelingsproses (kyk paragraaf 2.3.3) bespreek word, word hulle nie afsonderlik bespreek nie. (Daar sal in Afdeling B, indien noodsaaklik, na hierdie teorieë verwys word) Die volgende belangrikste denkers word hier uitgesonder.

i JH Boeke beklemtoon in sy boek "Economics and Economic Policy of Dual Societies" (New York 1953) die dualistiese aard van die ekonomiese ontwikkelingsproses.

ii David C Mc Clelland beklemtoon weer die wisselwerking tussen sosiale instellings, individuele gedragspatrone en ekonomiese ontwikkeling

(Mc Clelland DC The Achieving Society Princeton NJ 1962).

iii Myint benadruk weer die rol van internasionale handel in die ekonomiese ontwikkelingsproses (Myint H An interpretation of Economic Backwordness Oxford Economic Papers Vol VI No 2 Junie 1954).

iv Arthur Lewis se "Unlimited Supplies of Labour" dui die wisselwerking tussen die moderne en tradisionele sektore aan (Lewis WA Economic Development with Unlimited Supplies of Labour. The Manchester School of Economic and Social studies Mei 1954).

/v Besondere.......

v Besondere aandag is ook aan gebalanseerde en ongebalanseerde groei gegee. Die werke van Hirschman A The strategy of Economic Development (New Haven 1958) kan uitgesonder word.

vi Teorieë wat ook noemenswaardig is, is die van die internasionale strukturaliste. Hier moet tussen die Valse paragdigma-model en die neo-koloniale afhanklikheidsmodel onderskei word.

vii Gedurende die Wêreld-indiensnemingskonferensie in Junie 1976 is daar aanbeveel dat die nasionale ontwikkelingsplanne en strategieë vanuit 'n basiese behoeftebenadering gesien moet word. Sedert hierdie wysiging in ontwikkelingsdenke, is buitengewoon baie werk in die verband gedoen. Sedert 1978 het die Wêreldbank 'n intensiewe navorsingsprogram oor die hele vraagstuk van "basic needs".

### 2.3.3 Die Multidimensionele Aard van die Ekonomiese Ontwikkelingsproses

Die multidimensionele aard van ekonomiese ontwikkeling word deur ekonomiese en nie-ekonomiese faktore bepaal.

Volgens die meegaande figuur (kyk figuur 1) kan die knelpunte in die ekonomiese ontwikkelingsproses gereduseer word tot drie elemente, te wete, lae lewenstandaard, selfrespek en beperkte vryheid.


Lae lewenstandaard word dan volgens hierdie teorie deur hoë aanwaskoerse, hoë graad van werkloosheid en onder-indiensname en lae investeringskoers veroorsaak. Dit gee dan aanleiding tot lae inkomste. Die bestaande wisselwerking tussen hierdie faktore lei dan tot absolute armoede, onvoldoende mediese fasiliteite en swak opvoedkundige en ander sosiale dienste.

Vanweë die internasionale ekonomiese tegnologiese kwesbaarheid word die vryheid van sulke gemeenskappe beperk. Laasgenoemde faktore gee aanleiding tot gebrekkige toekomsbeplanning wat dan die identiteit, integriteit, respek, eer en erkenning van sulke gemeenskappe in die internasionale gemeenskap knou.

Die gebrek aan selfrespek skep 'n klimaat van trae benadering en motivering wat dan die bestaande lae lewenstandaard verder vergroot.

Juis as gevolg van die onbeperkte wisselwerking wat daar tussen die vermelde faktore bestaan, moet die ekonomiese ontwikkelingsproses volgens hierdie teorie as 'n multidimensionele een beskou en gehanteer word.

Figuur 1 <u>Voorstelling van die Multidimensionele Aard van die Ekonomiese Ontwikkelingsproses</u>




<u>Bron</u> Todaro MP 1977 p 101

/2.4. Samevatting........

## 2.4 SAMEVATTING

Anders as by die tradisionele teorieë moet daar by die formulering van 'n meer resente ontwikkelingstrategie en -model meer aandag gegee word aan ekonomiese sowel as nie-ekonomiese faktore. Die multidimensionele aard van huidige ekonomiese ontwikkeling vereis so 'n benadering.

Tog bied 'n studie van tradisionele teorieë voordele vir die formulering van 'n meer resente ekonomiese ontwikkelingsmodel. Die tradisionele teorieë benadruk die veelomvattende aard van so 'n ekonomiese ontwikkelingsmodel.

Adam Smith beklemtoon as klassieke ekonoom die belangrikheid van spesialisasie en die werking van die onsigbare hand in die ekonomie (kyk par 2.2.2.1). David Ricardo benadruk weer die belangrikheid van landbou en grond in die ontwikkelingsproses. Beide hierdie ekonome gee besondere aandag aan die verdeling van inkomste (kyk par 2.2.2.2).

By die neo-klassieke ekonome, net soos in die geval van die klassieke ekonome, is kapitaalvorming die basis van toekomstige ontwikkeling. Volgens die neo-klassieke ekonome, en dan veral Marshall, word hierdie proses van kapitaalakkumulasie aangespoor deur verbeterde tegnologie. Voorts beklemtoon dié ekonome die interafhanklikheid en komplementariteit van die ekonomie (kyk par 2.2.3). 'n Belangrike begrip wat deur hulle ontwikkel is, is in- en eksterne besparing. Hiervolgens sal ekonomiese ontwikkeling nie net tot sekere sektore van die ekonomie beperk wees nie.

Karl Marx, leier van die Marxistiese skool rig 'n aanval teen die kapitalistiese stelsel. In sy poging om kapitalisme af te skiet, raak hy baie belangrike fasette aan. Anders as die ander neo-klassieke ekonome verwerp hy die oorbeklemtoning van kapitaalintensifikasie. Laasgenoemde lei tot 'n wanverdeling van welvaart wat die arbeidersklas tot voordeel van die kapitalis sal benadeel. Hierdie konsentrasie van kapitaal lei dan tot "increasing misery of labour". As gevolg van groter mededinging tussen kapitaliste sal die winskoers ook daal. Ontwikkeling versmoor dus verdere ontwikkeling (kyk par 2.2.4)

Joseph Schumpeter, een van die post-keynesiaanse ekonome, verklaar dat daar geen rede bestaan om sommer te aanvaar dat daar 'n wet van dalende opbrengs, 'n Malthusiaanse bevolkingsbeginsel en 'n wanverdeling van inkomste sal bestaan nie. Die sentrale figuur in die analise van die ontwikkelingsproses van Schumpeter is

/die.........

die entrepreneur (kyk par 2.2.5.2). Vir hom is dit "leadership rather than ownership that matters". Voorts beklemtoon hy die belangrikheid van kredietinstellings in die ontwikkelingsproses. 'n Belangrike faset wat Schumpeter aanraak is die verbruikersoewereiniteit. Volgens hom is die entrepreneur in staat om die verbruikersoewereiniteit te beperk. Van betekenis vir vandag is die erkenning en beklemtoning van konjunktuurskommelinge in die ekonomie. Volgens Schumpeter is dit die produk van besigheidsmededinging.

Harrod en Domar beklemtoon as post-keynesiaanse ekonome weer die belangrikheid van die investeringsproses. Volgens hulle bestaan daar 'n positiewe verband tussen die groei en die spaarkoers en 'n negatiewe verband tussen die groeikoers en die kapitaaluitsetkoers. Volgens Domar is die ewewigtige groeikoers afhanklik van die "size of the multiplier and the productivity of new investment" (kyk par 2.2.5.3).

Walt Rostow is weer van mening dat lande deur verskillende fases of stadiums ontwikkel. Met hierdie beskouing van die ontwikkelingsproses het Rostow nader beweeg na die meer resente beskouinge van die proses (kyk par 2.2.5.4).

Meer resente teorieë het ook die nie-ekonomiese veranderlikes beklemtoon ( kyk par 2.3.2). Hier kan die volgende uitgesonder word. JH Broeke beklemtoon die dualistiese aard van die ontwikkelingsproses.

Mc Clelland beklemtoon sosiale instellings, individuele gedragspatrone en die verband met ontwikkeling. Myint benadruk weer die rol van internasionale handel in die ekonomiese ontwikkelingsproses. Ook die bevolking en surplus-arbeid het in die werke van Lewis besondere prominensie verkry. Besondere aandag is ook aan gebalanseerde en ongebalanseerde groei gegee. Die werke van Hirschman kan hier uitgesonder word.

Uit bogenoemde voorbeelde spreek dit duidelik dat die ontwikkelingsproses deur baie veranderlikes beïnvloed word wat individueel en gesamentlik as gevolg van die komplementariteit van ekonomiese veranderlikes belangrik is.

Juis as gevolg van hierdie ekonomiese ontwikkelingsproses se aard is dit nie moontlik om die teorieë van die klassieke ekonome, of dié van die neo-klassieke ekonome, insluitend die Marxistiese skool of die Post-keynesiaanse skool, as enkele basis vir hierdie studie te beskou nie.

Waar daar dan in hierdie studie hoofsaaklik op die multidimensionele aard van die

/ekonomiese.........

ekonomiese ontwikkelingsproses gerugsteun word, sal die onderskeie beginsels, waar van toepassing, soos uitgestippel in die genoemde teorieë, in ag geneem word.

Samevattend: Hierdie studie het dus te doen met 'n ekonomiese ontwikkelingsproses wat plaasvind in 'n kapitalistiese stelsel en wat deur gesamentlike, geïsoleerde invloedryke ekonomiese veranderlikes beïnvloed word soos uitgestippel in hierdie hoofstuk (kyk veral par 2.3.3).

Hierdie veranderlikes kom duidelik na vore as die ekonomiese struktuur van minder-ontwikkelde lande vervolgens ontleed word.

oooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 3

# DIE EKONOMIESE STRUKTUUR VAN MINDER ONTWIKKELDE LANDE

## 3.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is talle elemente as elemente wat gewysig moet word om ekonomiese ontwikkeling te realiseer, uitgesonder. Aan die hand van die saamgestelde multidimensionele proses van ekonomiese ontwikkeling (kyk par 2.3.3 ), is dit vervolgens moontlik om 'n sinoptiese uiteensetting van die ekonomiese struktur van minder-ontwikkelde lande aan te bied. Hieruit kan maatreëls op sektorale vlak vir sinvolle ekonomiese ontwikkeling geïdentifiseer word. Dit is belangrik om die ekonomiese struktuur van minderontwikkelde lande en die doelwitte wat deur die sektorale strategieë bereik moet word, te bespreek.

Alhoewel dit moeilik is om tussen lande met uiteenlopende omstandighede te veralgemeen kan algemene eienskappe wel onderskei word. Daar is egter ook uiteenlopende of besondere eienskappe. Vanweë die multidimensionele benadering van die ontwikkelingsproses raak dit die ekonomiese en sosiokulturele milieu van die gemeenskappe. Die ontwikkelingsproses het dus 'n tyds- en ruimtelike dimensie. (Mc Crystal LP 1969 p 7) Die ondergenoemde feitlike situasie sal hierdie dimensies duidelik illustreer.

Die grafiese voorstelling van die multidimensionele aard van die ekonomiese ontwikkelingsproses (figuur 1) toon duidelik die algemene eienskappe van ekonomiese onderontwikkeldheid. Om dus duidelikheid oor die ekonomiese struktuur van minder-ontwikkelde lande te verkry, word die volgende algemene eienskappe ontleed:

- i Die lae inkomste/produksie per capita;
- ii swak gesondheidsprofiel;
- iii beperkte onderwysfasiliteite;
- iv produktiwiteit;
- v bevolkingsgroei;
- vi werkloosheid;
- vii verstedeliking; en
- viii internasionale kwesbaarheid.

/Enkele.......

Enkele besondere eienskappe word ook gemeld.

Al heirdie elemente moet gesamentlik bespreek word, anders word die gemeenskaplikheid daarvan nie duidelik aangetoon nie.

Hierdie eienskappe gee gesamentlik aanleiding tot:

i Die bose kringloop van armoede;
ii onvolledige werking van die markmeganisme;
iii dualisme; en
iv afhanklikheid van eksogene faktore.

'n Studie van bogenoemde is behulpsaam om die werklike struikelblokke in die pad van ontwikkeling aan te dui.

## 3.2 ALGEMENE EIENSKAPPE VAN MINDER ONTWIKKELDE LANDE

### 3.2.1 Inkomste en Produksie per capita

Omdat inkomste en produksie per capita beskou kan word as 'n indeks wat die ekonomiese welvarendheid sowel as die mate van ekonomiese aktiwiteit aandui, is 'n studie van die inkomste en produksie per capita in minder-ontwikkelde lande nodig.

Gedurende 1970 het die totale wêreldproduksie R3483 000miljoen[1] bedra. Ongeveer R2939 000 miljoen (85%) is deur ontwikkelde lande geproduseer en die res (R544 000 miljoen) deur minder-ontwikkelde lande. Dit impliseer dat ongeveer 85% van die wêreldproduksie deur ongeveer een-derde van die wêreldbevolking gelewer is. (Todaro MP 1977 p 65) Hierdie lae produksieprofiel van minder-ontwikkelde lande kan dan tereg beskou word as die hoofoorsaak van hul lae inkomsteprofiel.

Dit lei dan tot 'n lae inkomste per capita in minder-ontwikkelde lande. 'n Vergelyking van die inkomste per capita (soos in Tabel 1 ) tussen lande toon hierdie situasie by implikasie.

---

1 R1 = VSA $,9188.

/Volgens.........

Volgens hierdie vergelyking kan drie kategorieë van lande onderskei word.

i <u>Nywerheidslande</u>

'Die eerste sewe lande word geag as nywerheidslande of hoër inkomste-lande. Die gemiddelde inkomste en produksie per capita van hierdie lande was in die onderhawige periode R 8783.


ii <u>Gemiddelde inkomste-lande</u>

iii <u>Lae inkomste-lande</u>

Hierdie nege lande se inkomste per capita was in 1978 'n skamele R218.

Volgens hierdie vergelyking het 23.5% van die wêreld se bevolking 'n gemiddelde inkomste/produksie per capita van R 8783 gehad. Daarenteen het 45.6% 'n gemiddelde inkomste per capita van R218 gehad. (Meeting Basic Needs, Wêreldbank 1980 pp 24-27)

**Tabel 1** 'n Vergelyking van die produksie/inkomste per capita tussen lande (R 1978)




Bron: Wêreldbank 1980 pp 24-27.

Hierdie groep lande se gemiddelde inkomste en produksie per capita bedra R1578.

/Verder.........

Verder word hierdie inkomstegaping vergroot deur die lae groeikoers in minder-ontwikkelde lande. Twee-en-veertig lande wat volgens die Verenigde Volke-Organisasie as minder-ontwikkelde lande geklassifiseer word, het gedurende 1965-1974 'n gemiddelde groeikoers van 1.1% in hulle bruto nasionale produk ondervind. Vyf-en-vyftig ontwikkelde lande het daarenteen 'n groeikoers van 3.3% in die onderhawige periode ondervind. (Todaro MP 1977 p 67)

Volgens Brand (SS 1976 pp 26-29) kan die gesamentlike bruto nasionale produksie van al die lande in die wêreld groei vanaf R3,5 biljoen in 1965 tot R12,l biljoen in 2000. Dit beteken dat die gemiddelde groeikoers oor hierdie periode 3,64% sal beloop. Interessant hier is dat daar verwag word dat die produksie in minder-ontwikkelde lande vinniger sal groei as in ontwikkelde lande. Volgens Brand sal die gesamentlike bruto nasionale produk van die minder-ontwikkelde lande teen 'n jaarkoers van 4,9% groei en dié van ontwikkelde lande teen 3,48%. (Brand SS 1976 p 27) Die groter groeikoers word deur die toename in die bevolking van minder-ontwikkelde lande uitgewis. Dit bring mee dat die bruto nasionale produk per capita egter met net 2,41% sal groei. Die gevolg is dat die absolute verskil tussen die bruto nasionale produk per capita in die ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande van R2721 in 1965 na R6194 teen 2000 sal toeneem. (Brand SS 1976 p 27)

As gevolg van die verskille in die relatiewe groeikoerse van inkomste en produksie tussen die ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande, ontstaan daar internasionale dualisme. Dit gee tot groter ontwikkelingsgaping aanleiding en in so 'n mate dat die gemiddelde Amerikaner vier-en-twintig keer beter lewe as die gemiddelde persoon in Afrika. Die VSA is dus fisies in staat om 'n groter stroom van produkte en dienste te produseer met groter verskeidenheid produksiekombinasies en keuses, waardeur die welvaart en geluk groter word. (Brand SS 1973 p 168)

Die verdeling van die inkomste binne die nasionale grense gee ook aanleiding tot wêreldarmoede. As gevolg van die ongelyke verdeling van inkomste binne die nasionale grense ontstaan daar binnelandse dualisme en verkry net 'n klein persentasie van die bevolking voordele uit ontwikkelingsprogramme.

Die graad van ongelykheid kan verdeel word in lande met 'n hoë ongelykheid, lande met 'n gematigde ongelykheid en lande met 'n lae graad van ongelykheid. Tabel 2 toon enkele voorbeelde waarvolgens dit duidelik is dat daar nie 'n noue verwantskap tussen graad van ongelykheid en inkomste per capita bestaan nie.

/Die.........

| | Per capita Inkomste | Laagste 40% | Middel 40% | Boonste 20% |
|---|---|---|---|---|
| HOOGS ONGELYK: | | | | |
| Zimbabwe (1968) | R274 | 8.2 | 22.8 | 69.0 |
| Suid-Afrika (1965) | 761 | 6.2 | 35.8 | 58.0 |
| Frankryk (1962) | 2082 | 9.5 | 36.8 | 53.7 |
| MATIG GELYK | | | | |
| Zambië (1959) | 250 | 14.5 | 28.5 | 57.0 |
| Iran (1968) | 361 | 12.5 | 33.0 | 54.5 |
| Nederland (1967) | 2166 | 13.6 | 37.9 | 48.5 |
| MINDER GELYK | | | | |
| Uganda (1970) | 137 | 17.1 | 35.8 | 47.1 |
| Spanje (1965) | 816 | 17.6 | 36.7 | 45.1 |
| VSA (1970) | 5279 | 19.7 | 41.5 | 38.8 |

BRON: Chenery 1974 pp 8-9.

'n Sinvolle projeksie van huidige en toekomstige ekonomiese ontwikkeling moet dus nie net op die vlak van die nasionale inkomste berus nie, maar ook die verdeling daarvan. As gevolg van wanverdeling van inkomste was daar in 1970 1,3 miljard (35% van wêreldbevolking) mense wat 'n lewe net bo die minimum bestaanspeil moes voer.

Dit lei tot 'n hoë bestedings- en lae spaargeneigdheid. Laasgenoemde beperk dan die proses van kapitaalvorming sodat daar nie genoegsame werksgeleenthede geskep kan word om die inkomste te verhoog nie. Hierdie ongelyke verdeling en die lae vlak van inkomste met sy gepaardgaande lae groeikoers, versterk dan die bose kringloop van armoede.

Hierdie toestande het dan die volgende uitwerking op die onderontwikkeldheid van minder-ontwikkelde lande:

- i Hoë geboortekoerse;
- ii dalende spaargeneigdheid van individue;
- iii hoë graad van werkloosheid en onderindiensname;
- iv swak gesondheid en wanvoeding;
- v hoë ongeletterdheidskoers; en
- vi lae arbeidsproduktiwiteit.

/Uit.........

Uit bovermelde spreek dit duidelik dat die lae inkomste en produksie per capita en die ongelyke verdeling van die inkomste binne nasionale grense die kern van die ekonomiese onderontwikkeldheid vorm. Ontwikkelingsprogramme moet dan by 'n beter verdeling van inkomste begin. Indien dit gebeur, kan daar verwag word dat elke individu uit ontwikkelingsprogramme baat sal vind. Die ontwikkelingsprogramme moet gesamentlik en afsonderlik op die verhoging van die nasionale inkomste en produksie gerig wees.

### 3.2.2. Swak Gesondheidsprofiel

Die lae inkomstevlakke in minder-ontwikkelde lande lei tot beperkte toegang van voedselbronne en gesondheidsfasiliteite. Dit veroorsaak 'n swak gesondheidsprofiel in minder-ontwikkelde lande.

Die verwantskap tussen gesondheid en ontwikkeling is tweeledig van aard.

3.2.2.1 Die liggaamlike gesondheid vorm die basis van die volk se dryfkrag, werklus en uithouvermoë. Hierdie faktore word noodsaaklik vir veranderinge geag.

3.2.2.2 Verder bestaan daar 'n direkte verwantskap tussen die bevolkingsgroei, ouderdomstruktuur en gesondheid.

Vanweë die lae inkomste per capita bestaan daar dus 'n voortdurende stryd teen ondervoeding, swak gesondheid en epidemies. Die lae inkomste beperk die toegang tot sekere noodsaaklike dienste.

Gedurende 1973 was die daaglikse per capita proteïengebruik in die VSA 97 gram. Daarteenoor was dit 50 gram per dag in minder-ontwikkelde lande. Koringverbruik toon groter afwykings. In die onderhawige periode het ontwikkelde lande ongeveer 650 kilogram per capita per jaar gebruik, teenoor die 180 kilogram in minder ontwikkelde lande. (Todaro MP 1977 p 69)

'n Studie deur die Wêreldbank toon ook hierdie afwykings. Tabel 3 toon duidelik hoe die graad van ondervoeding toeneem namate die inkomste daal. Die lande is van bo na onder in volgorde van inkomste per capita.

Volgens die Wêreldbank se studie van agt-en-dertig lae inkomste-lande, blyk dat slegs vyf lande 'n ooraanbod van kalorieë het. Dit impliseer dat slegs 13% van

/die.........

die lae inkomste-lande in staat is tot voldoende voedselvoorsiening. 'n Uitbreiding van bogenoemde studie na twee-en-vyftig middel inkomste-lande toon dat slegs vier-en-dertig lande (65.3%) in staat is om in hul voedselbehoeftes te voorsien. Die oorblywende agtien hoë inkomste-lande is egter almal in staat om in hul voedselbehoeftes te voorsien. Dit beteken dat slegs 58 uit 108 lande in hul voedselbehoeftes kan voorsien, sodat 47.2% van die 108 lande aan ondervoeding gebuk gaan. (Wêreldbank 1980 pp 24-26)

As slegs net die lae en middel inkomste-lande in berekening gebring word, verander dit meer dramaties. In so 'n vergelyking blyk dat 56.6% van die lande nie genoegsame voedselbronne het nie. (Wêreldbank, Meeting basic needs 1980 pp 24-26)

Tabel 3 Die daaglikse aanbod van kalorieë[1] as persentasie van die aangevraagde hoeveelheid.

| | TEKORT | OORAANBOD |
|---|---|---|
| Switserland | | 130 |
| Verenigde State | | 135 |
| Frankryk | | 136 |
| Japan | | 126 |
| Verenigde Koninkryk | | 132 |
| Nieu Seeland | | 127 |
| Spanje | | 128 |
| Suid-Afrika | | 116 |
| Taiwan | | 120 |
| Mexiko | | 114 |
| Zimbabwe | | 108 |
| Zambië | 87 | |
| Angola | 91 | |
| Uganda | 91 | |
| Lesotho | 99 | |
| Afghanistan | | 110 |
| Malawi | 90 | |
| Indië | 91 | |
| Mosambiek | 81 | |
| Ethiopië | 75 | |
| | TEKORT | OORAANBOD |

Bron: Wêreldbank 1980 p 26

1 1 kalorie = 4 kilojoules

/Indien.........

Indien die bevolking van die onderskeie lande ook geneem word, kan die ware toedrag verder geïllustreer word. Slegs 218 miljoen van die totale 1 293,9 miljoen inwoners van lae inkomste-lande, het in 1978 oor genoegsame voedsel beskik. Dit impliseer dat 83.15% van die bevolking ondervoed was. In die middel inkomste-lande het 71.9% van die inwoners oor genoegsame voedselbronne beskik. Hieruit blyk dat ongeveer 1 320,7 miljoen van die 2 834,5 wêreldbevolking ondervoed is, of dat uit 108 lande 46.5% van die inwoners ondervoed is.

Die probleem is selfs groter omdat die graad van ondervoeding nie deur bloot 'n beter verdeling van voedselbronne opgelos sal kan word nie:

> "If all the food in the world were equally distributed and each human received identical quantities, we would all be malnourished "
> (Borgstrom GA 1972 pp 176-186).

Die wanverdeling van voedselbronne en die beperkte toegang tot die juiste aanwending daarvan, veroorsaak 'n groeiende "hongergaping". Dit is volgens Borgstrom (pp 176-186) belangriker as "atombombs, continental missiles, microbioltoxims and nervegas".

Ten opsigte van mediese hulp bestaan daar nog groter tekorte. Vir elke 100 000 inwoners in minder-ontwikkelde lande, is daar ongeveer 27 dokters. Die verhouding in ontwikkelde lande is 135 dokters. Indien daar inag geneem word dat die dienste hoofsaaklik in stedelike gebiede gesentreer is maak dit die probleem nog groter.

Weereens kan die noue verwantskap tussen die inkomste per capita en die omvang van mediese fasiliteite waargeneem word (kyk tabel 4 ). In die laer inkomste-lande was daar in 1977 gemiddeld 9 900 inwoners per mediese dokter, terwyl daar 4 310 inwoners per dokter in die middel inkomste-lande was. In die hoër inkomste-lande was daar slegs maar 630 inwoners per mediese dokter. Dit impliseer dat die aantal inwoners per mediese praktisyn 15,7 maal meer is in laer inkomste-lande as in die hoë inkomste-lande. 'n Soortgelyke vergelyking toon dat die ooreenstemmende gegewens tussen die middel en hoë inkomste-lande so hoog as 6,8 kan wees.

Die gevolge van sulke onvoldoende mediese fasiliteite en voedselbronne kan in 'n indeks oor die lewensverwagting van inwoners saamgevat word. Dit gee 'n beter beeld van die ekonomiese onderontwikkeldheid en dualisme. Daarom is dit wenslik

/om .........

om so 'n vergelyking reeds nou al te tref. (kyk Tabel 4 )

Tabel 4 Aantal Persone per Mediese Praktisyn (1977)

| | | |
|---|---|---|
| Ethiopië | 76 320 | |
| Indië | 3 620 | |
| Malawi | 48 200 | |
| Afghanistan | 19 890 | |
| Lesotho | 18 640 | |
| Uganda | 27 600 | LAE INKOMSTE-LANDE |
| Zambië | 10 100 | |
| Zimbabwe | 7 110 | |
| Mexiko | 1 820 | |
| Taiwan | 1 570 | |
| Spanje | 560 | MIDDEL INKOMSTE-LANDE |
| Nieu Seeland | 740 | |
| Verenigde Koninkryk | 750 | |
| Japan | 850 | |
| Frankryk | 610 | |
| VSA | 580 | |
| Switserland | 500 | HOë INKOMSTE-LANDE |

Bron: Wéreldbank "Meeting Basic Needs" 1980 pp 24-27

**Tabel 5** **Die Lewensverwagting van Inwoners van Onderskeie Lande (1978)**

| | |
|---|---|
| **HOË INKOMSTE-LAND** | |
| Switserland | 74 |
| VSA | 73 |
| Frankryk | 73 |
| Japan | 76 |
| Verenigde Koninkryk | 73 |
| Nieu Seeland | 73 |
| **MIDDEL INKOMSTE-LAND** | |
| Spanje | 72 |
| Suid-Afrika | 60 |
| Taiwan | 72 |
| Mexiko | 65 |
| Zimbabwe | 54 |
| Zambië | 48 |
| **LAE INKOMSTE-LAND** | |
| Angola | 41 |
| Uganda | 50 |
| Lesotho | 50 |
| Afghanistan | 42 |
| Indië | 51 |
| Ethiopië | 39 |

Bron: Wéreldbank "Meeting basic Needs" 1980 pp 24-26

Uit die voorgaande gegewens (tabelle 3,4 en 5) is 'n noue korrelasie tussen die voedselverbruik, aantal inwoners per praktisyn en die lewensverwagting waarneembaar. Die feit dat daar 9% te min kalorieë daagliks tot die beskikking van lae inkomste-lande is en ook dat daar ongeveer 10 000 inwoners per mediese praktisyn is, verlaag die lewensverwagting van hierdie inwoners tot ongeveer vyftig jaar per inwoner. In die middel inkomste-lande is daar 'n 8% ooraanbod van kalorieë en slegs maar 4 400 inwoners per praktisyn. Dit verhoog die lewensverwagting na 'n gemiddelde van 61 jaar. In die hoë inkomste-lande is die lewensverwagting 74 jaar. Hierdie hoë lewensverwagting kan grootliks aan die 31% ooraanbod van kalorieë toegeskryf word en die feit dat daar slegs maar 630 inwoners per mediese praktisyn is.

Die bose kringloop begin dus by die lae vlak van inkomste per capita. Dit plaas dan 'n verdere beperking op die voedsel en mediese gebruike. Laasgenoemde

/verlaag.........

verlaag die lewensverwagting wat sekondêre invloede tot gevolg het, naamlik:

i Hoë bevolkingsaanwas;
ii ongeletterdheid;
iii lae kapitaalvoorsiening en
iv verhoogde risiko en onsekerheid.

### 3.2.3. Lae Geletterdheidspeil

Regerings is almal daarop ingestel om ongeletterdheid te elimineer en genoegsame tegniese en akademies opgeleide werkers te voorsien. Regerings van minder-ontwikkelde lande poog dus om nie slegs die kwantiteit van opvoedingsdienste te verhoog nie, maar ook die kwaliteit. Vanweë die snel groeiende bevolking word steeds meer van die nasionale inkomste vir hieride doeleindes opgeëis. Vandag bestee minder-ontwikkelde lande 'n groter deel van hul nasionale inkomste op opvoedingsdienste as wat hoë inkomste-lande doen. (Leistner CME 1973 pp 1-16)

Ten spyte daarvan dat onderwys die grootste deel van die begrotingsuitgawes van minder-ontwikkelde lande is, neem ongeletterdheid toe.

Ongeveer 10-15% van minder-ontwikkelde lande se bevolking is geletterd. (Todaro MP 1977 p 71)

Die oorblywende Derde Wêreld-lande toon 'n geletterdheidskoers van 50%. Hierteenoor is 97% van die ontwikkelde lande geletterd. Volgens die Wêreldbank was die volwassegeletterdheidskoers in die lae inkomste-lande in 1975 38%. Die ooreenstemmende koers in die middel inkomste-lande was 71% en in die hoë inkomste-lande 99%. (Wêreldbank "Meeting basic needs" 1980 pp 24-27)

'n Blote voorstelling van die hoë ongeletterdheidskoers in minder-ontwikkelde lande weerspieël nie die werklike situasie nie. Die koste van primêre- en sekondêre onderrig moet daarmee in verband gesien word.

In die ontwikkelde lande is die kosteverhouding tussen sekondêre- en primêre opleiding 6.6 tot 1 en tussen tersiêre- en primêre opleiding 17.6 tot 1. In die minder-ontwikkelde lande is die onderskeie kosteverhoudings 11.9 en 87.9 tot 1. (Todaro MP 1977 p 260)

/Volgens.........

Volgens bogenoemde verhoudings blyk dit dat die geleentheidskoste van tersiêre opleiding in minder-ontwikkelde lande hoër as in die ontwikkelde lande is. Dit impliseer dat vir elke 1 tersiêre opgeleide werker daar 88 primêre opgeleide werkers ingeboet word. Dit bring mee dat daar meer op primêre opleiding gekonsentreer word.

Ten spyte daarvan dat die kosteverhouding tussen primêre opleiding en tersiêre opleiding 1 tot 87.9 is, is die inkomsteverhouding tussen hierdie twee vlakke 'n skrale 1 tot 6.4. Vanweë hierdie verskille tussen koste van opleiding en inkomste uit opgeleide arbeid, word daar gevind dat inwoners van minder-ontwikkelde lande verkies om slegs primêre opleiding te ondergaan. Die wat sekondêre en tersiêre opleiding ontvang het, is dan ook meer geneig om beter werksgeleenthede met hoër inkomsteverwagting in die ontwikkelde lande te soek. (Todaro MP 1977 p 260)

Die wanhopige pogings om die demografiese vloedgolf en die stygende verwagtinge te harmoniseer, lei tot onproduktiewe aanwending van skaars hulpmiddels. Die uitwerking hiervan op die sosiale vrede en die politieke stabiliteit van so 'n situasie is nie bemoedigend nie. (Leistner GME 1973 pp 1-10) Vanweë hierdie toestand word daar toenemend op die opleiding en opvoeding van die individu as belangrike strategie gekonsentreer.

### 3.2.4 Hoë bevolkingsgroei

#### 3.2.4.1 Bevolkingsgroeikoers

Gedurende 1798 het Malthus in sy boek Essay on the Principle of Population" beweer dat net soos plante en diere, ook die mens deur die natuur begiftig is om met redelik onbeperkte vermoë homself voort te plant. Indien daar geen teenwerkende metode optree nie, sou die bevolking van die wêreld redelik maklik homself elke vyf-en-twintig jaar kan verdubbel.

Alhoewel dit nie werklik gebeur nie, kan hierdie tendens tog in 'n mate waargeneem word. Ongeveer 12 000 jaar gelede was die wêreldbevolking vyf miljoen. Aan die begin van die christelike era ongeveer 2 000 jaar gelede het die bevolking gegroei tot 250 miljoen. Vir die daaropvolgende 1 750 jaar het die bevolking ongeveer verdriedubbel na 728 miljoen. Van 1750 tot 1950 is 'n addisionele 1700 miljoen mense bygevoeg. Maar in die laaste 25 jaar (1950-1975) is ongeveer dieselfde aantal (1 500 miljoen) mense bygevoeg wat die totale wêreldbevolking

/op.........

op 4 000 miljoen te staan bring. Indien hierdie tendens voortgaan sal die bevolking in die jaar 2 000 ongeveer 6 500 miljoen wees. (Todaro MP 1977 p 169) Tabel 6 verstrek verdere gegewens.

Tabel 6 Bevolkingsaanwaskoers

| TYDPERK | | GROEIKOERS AS PERSENTASIE | VERDUBBELINGS- TYDPERK (JARE) |
|---|---|---|---|
| 12000 vC | - 1650 | 0,002 | 35 000 |
| 1650 | - 1750 | 0,3 | 240 |
| 1850 | - 1900 | 0,6 | 115 |
| 1930 | - 1940 | 1,0 | 70 |
| HUIDIG | | 2,0 | 35 |

Bron: Berelson B 1974 p 47

Volgens Berelson is die verdubbelingstydperk vandag 1 000% vinniger as tussen die tydperk 12000 vC 1650. (Berelson B 1974 p 47) Die inkorting van die verdubbelingstydperk kan grootliks aan die toename in die bevolkingsaanwaskoers toegeskryf word. Alhoewel die verdubbelingstydperk nie so laag is as Malthus se verwagte vyf-en-twintig jaar nie kan die meetkundige toename in die bevolking tog waargeneem word. Indien daar geen teenwerkende invloede optree nie kan bogenoemde tendense voortgesit word.

Uit bogenoemde gegewens beteken dit dat die wêreldbevolking in die oorblywende twee dekades gemiddeld met 2,14% per jaar sal toeneem.

### 3.2.4.2 Verspreiding

In die jaar 1950 was ongeveer 70,3% van die wêreldbevolking in minder-ontwikkelde lande. (Berelson B 1974 p 5) Deur die bevolkingsaanwaskoers sal dit tot 81,2% in die jaar 2000 toeneem.

Die bevolking in 1978 kan soos in tabel 7 tussen die lae-, middel- en hoë inkomste-lande en lande met sentrale beplanning verdeel word.

/Tabel..........

**Tabel 7** **Die verdeling van Wêreldbevolking**

(1978, miljoene)

| | Bevolking | % van totaal |
|---|---|---|
| Lae inkomste-lande | 1,293.9 | 30.9 |
| Middel inkomste-lande | 872.8 | 20.85 |
| Hoë inkomste-lande | 667.8 | 15.95 |
| Sentraal beplande-lande | 1,352.4 | 32.3 |
| | 4,186.9 | 100.0 |

Bron: Wêreldbank "Meeting basic Needs" 1980 pp 24-27

### 3.2.4.3 Redes

Die snelle toename in bevolking kan hoofsaaklik aan twee redes toegeskryf word. Die bevolkingsgroei tans is hoofsaaklik as gevolg van die snelle verandering van 'n lang historiese era gekenmerk aan hoë geboortekoerse en sterftekoerse na een waar sterftekoerse drasties daal, terwyl geboortekoerse, hoofsaaklik in minder-ontwikkelde lande, konstant bly. (Todaro MP 1977 p 167)

Die minder-ontwikkelde lande verkeer dus tans in die tweede fase van die demografiese kringloop. Dit is 'n tydperk waar die sterftekoers skerp daal terwyl vrugbaarheid op die hoë tradisionele peil bly, sodat 'n geweldige vinnige bevolkingsaanwas plaasvind. (Leistner GME 1973 p 4) As gevolg hiervan word daar aansienlike verskille tussen die aanwaskoers in ontwikkelde- en minder-ontwikkelde lande ondervind. In die minder-ontwikkelde lande is dit tans ± 40 per 1 000 inwoners terwyl dit ± 20 per 1 000 inwoners in ontwikkelde lande is. (Todaro MP 1977 p 73) Daarteenoor het die sterftekoers as gevolg van eksogene faktore met ongeveer 50% in minder-ontwikkelde lande gedaal.

As gevolg van hierdie hoë bevolkingsaanwaskoers in minder-ontwikkelde lande, neem die afhanklikheidslas toe. Dit verhoog die druk op die produktiewe korps van die bevolking. Dit word verduidelik deur die ouderdomstruktuur van die minder-ontwikkelde lande se bevolking. Die grootste deel van die bevolking is tussen die ouderdom 0-15 (± 50%) teenoor ± 25% in ontwikkelde lande. (Todaro MP 1977 p 73) Die groter druk op die produktiewe korps, tesame met die reeds dalende produktiwiteit (vanweë gebrekkige sosio-ekonomiese infrastruktuur) gee tot 'n daling in produksie aanleiding namate die afhanklikheidslas groter word.

/3.2.5 .........

### 3.2.5 Lae Produktiwiteit

Die lae produktiwiteit in minder-ontwikkelde lande word hoofsaaklik in die arbeidsmag, investering en kapitaal en die landbousektor ondervind.

Tabel 8 toon duidelik die lae produktiwiteit van die arbeidsmag in verskillende wêrelddele.

Tabel 8 Produktiwiteit van die Arbeidsmag

| LANDE | % VAN ARBEIDSMAG [1] | BYDRAE TOT B.B.P. |
|---|---|---|
| Suid-Asië | 71 | 40 |
| Oos-Asië | 64 | 33 |
| Latyns-Amerika | 49 | 21 |
| Afrika | 79 | 41 |

Bron: Todaro MP 1977 p 228

Uit tabel 8 is dit duidelik dat daar gemiddeld 66% van die totale arbeidsmag gebruik word om slegs maar gemiddeld 34% van die bruto binnelandse produksie van die vermelde lande te lewer. Hierdie lae peil kan nie slegs aan die arbeider as sulks toegeskryf word nie. Die omstandighede in die landbousektor dra ook grootliks daartoe by.

Die beskikbaarheid van grond en die grondbesitstelsel is twee van die belangrikste redes. In die minder-ontwikkelde lande word die probleem ondervind dat een hektaar grond ongeveer 10-15 persone moet huisves. Indië se per capita beskikbare grond is 0,295 hektaar teenoor China se 0,202 hektaar en Japan se 0,068 hektaar. Die probleem bereik sy uiterste in Sentraal-Java waar daar 1 500 persone per vierkante kilometer woon. (Todaro MP 1977 p 236)

Hierdie omstandighede lei daartoe dat die landbousektor afstuur op 'n punt van stagnasie. Gedurende 1960 was die per capita produksie van ontwikkelde lande dertien keer meer as die van minder-ontwikkelde lande. Volgens projeksies kan dit soveel as vyf-en-twintig keer meer wees in die jaar 2000.

---

1 Indiensname en produksie van die landbousektor

/Die.........

Die lae produktiwiteit bied 'n swak raamwerk vir industrialisasie en daar word ondervind dat die beskikbare kapitaalbronne nie optimaal benut kan word nie. Aangesien ekonomiese groei die resultate is van 'n doeltreffende koers van investering en produksie, asook die produktiwiteit van investering[1] is, kan daar verwag word dat die groeikoers sal daal indien die produktiwiteit van investering (marginale doeltreffendheid van kapitaal) gaan daal. Indien hierdie toestand bly bestaan kan daar verwag word dat verhoogde welvaart 'n droom sal bly.

### 3.2.6 Hoë Graad van Verstedeliking

In die minder-ontwikkelde lande word daar in die twintigste eeu toenemend op industrialisasie as moontlike oplossing van hul huidige ekonomiese onderontwikkeldheid van die gemeenskappe en inwoners gesteun. Daar word dus toenemend prominensie aan industrialisasie in die onderskeie lande se ontwikkelingstrategieë verleen.

Vanweë hierdie benadering ten gunste van industrialisasie en daarmee tesame verstedeliking, is dit veral duidelik dat op geen ander gebied die bevolkingsgroei so dramaties sal wees as in die belangrike stede van minder-ontwikkelde lande nie. (Todaro MP 1977 p 201) Soos wat plattelandse landbouers na stede migreer op soek na misleidende, dikwels nie-bestaande werksgeleenthede, sal die stedelike bevolking van minder-ontwikkelde lande viervoudig toeneem.

Huidige stedelike bevolkingsgroeikoerse wissel van onder 1% in stede soos New York en Londen, tot oor 6 en 7% in die meeste Afrikalande met Asië en Latyns-Amerikaanse stedelike bevolkingsgroei van 4 tot 6%. (Todaro MP 1977 p 201) Die grootste enkele en belangrikste rede in hierdie snelle stedelike bevolkingsgroei is nie natuurlike bevolkingsaanwas nie, maar eerder verstedeliking. Nagenoeg 70% van die minder-ontwikkelde lande se stedelike bevolkingsgroei is as gevolg van stedelike migrasie . (Todaro MP 1977 p 201) Tabel 9 toon die twaalf vinnigste groeiende stede.

---

1 Persentuele verhouding tussen die verandering in produksie in 'n gegewe jaar en die investering vir die ooreenstemmende tydperk.

/Tabel.........

Tabel 9 Stedelike Bevolkingsaanwas

| | Stad | 1970 bevolking (miljoene) | 1985 bevolking (raming) (miljoene) | aanwas koers % |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Bandung, Indonesië | 1.2 | 4.1 | 242 |
| 2 | Lagos, Nigerië | 1.4 | 4.0 | 186 |
| 3 | Karachi, Pakistan | 3.5 | 9.2 | 163 |
| 4 | Bogota, Kolombië | 2.6 | 6.4 | 146 |
| 5 | Bagdad, Irak | 2.0 | 4.9 | 145 |
| 6 | Bangkok, Thailand | 3.0 | 7.1 | 137 |
| 7 | Teheran, Iran | 3.4 | 7.9 | 132 |
| 8 | Seoel, Suid-Korea | 4.6 | 10.3 | 124 |
| 9 | Lima, Peru | 2.8 | 6.2 | 121 |
| 10 | Sao Paulo, Brasilië | 7.8 | 16.8 | 115 |
| 11 | Meksikostad, Mexiko | 8.4 | 17.9 | 113 |
| 12 | Bombaai, Indië | 5.8 | 12.1 | 109 |

Bron: Todaro MP 1977 p 201

Daar bestaan vandag verskeie modelle wat poog om 'n moontlike verklaring vir die proses van migrasie van die plattelandse gebiede na stedelike sentra te bied. (Vergelyk Todaro MP 1977 p 215) Die Todaro migrasiemodel huldig die standpunt dat migrasie hoofsaaklik 'n ekonomiese verskynsel is, wat vir die individu wat migreer 'n belangrike rasionele besluit is, ondanks die bestaande stedelike werkloosheid. (Todaro MP 1977 p 220) Volgens Todaro vind migrasie plaas as gevolg van die verwagte in plaas van werklike inkomstes wat in stedelike gebiede verdien kan word. Dit berus op twee veronderstellings, naamlik dat die:

i Reële inkomste in stedelike gebiede groter as in plattelandse gebiede is en

ii verwagtinge vir werksgeleenthede in stedelike gebiede groter as in plattelandse gebiede is.

Dit is dan vir die migrant moontlik om na stedelike gebiede te migreer ondanks die grootskaalse werkloosheid. Die onderliggende rede hiervoor is naamlik dat die hoë inkomsteverwagting dit vir die migrant moontlik maak om enkele maande werkloos te wees en nog steeds na indiensname finansieel beter daaraan toe te wees as wanneer hy die volle tyd in die plattelandse landbousektor in diens geneem sou wees.

/Volgens.........

Volgens die Todaromodel kan stedelike migrasie sowel as toenemende werkloosheid in minder-ontwikkelde lande in die vooruitsig gestel word.

### 3.2.7 Hoë en Stygende Vlak van Werkloosheid en Onderindiensname

Een van die hoofuitdrukkings van, en faktore bydraend tot die lae lewenstandaard in minder-ontwikkelde lande is hul relatiewe onvermoë of oneffektiewe aanwending van arbeidsbronne in vergelyking met ontwikkelde lande.

Die onderbenutting van arbeidsbronne vind inslag in twee vorme, te wete:

i Onderindiensname

Dit is daardie deel van die bevolking wat minder werk as wat hulle graag sou wou. Dit sluit dus daardie deel van die bevolking in wie se produktiwiteit so laag is dat, indien hulle dienste ontbeer word, dit geen noemenswaardige invloed op die totale produksie sal hê nie.

ii Werkloosheid

Dit omsluit die gedeelte van die arbeidsmag wat bereid is en in staat is om te werk maar nie gepaste werksgeleenthede kry nie.

Huidige werkoosheidskoerse in stedelike gebiede van minder-ontwikkelde lande is gemiddeld 10-15% van die stedelike arbeidsmag. (Todaro MP 1977 p 75) Volgens Edwards is die werkloosheid onder jeugdiges tussen die ouderdom 15-24 ongeveer dubbel soveel as die algemene gemiddelde. Die onderstaande tabel toon skattings van werkloosheid in geselekteerde stedelike gebiede.

/Tabel..........

Tabel 10 Werkloosheidskoers in Geselekteerde Stedelike Gebiede

| | Ouderdom 15-24 | Ouderdom 15 + (totaal) |
|---|---|---|
| Ghana, Groter dorpe | 21.9 | 11.6 |
| Bogota, Kolombië | 23.1 | 13.6 |
| Buenos Aires, Argentinië | 6.3 | 4.2 |
| Chile, Stedelike gebiede | 12.0 | 6 |
| Caracas, Venezuela | 37.7 | 18.8 |
| Bangkok, Thailand | 7.7 | 3.4 |
| Philippyne, Stede | 20.6 | 11.6 |
| Singapore | 15.7 | 9.2 |

Bron: Edgar O Edwards Employment in Developing Countries Augustus 1973

Die gegewens in bogaande tabel toon slegs maar 'n fraksie van arbeidsonderbenutting. Wanneer onderindiensname by die werkloosheid bygetel word, sal daar gevind word dat ongeveer 30% van die totale plattelandse en stedelike arbeidsmag van die Derde Wêreld onderbenut word. (Todaro MP 1977 p 75)

Soos wat die bevolkingsaanwas toeneem kan daar verwag word dat die arbeidsmag moet toeneem. Om slegs maar die status quo te handhaaf beteken dit dat werksgeleenthede teen dieselfde koers geskep moet word. Daarbenewens moet daar in stedelike gebiede voorsiening gemaak word vir die addisionele 6 tot 9% toename in die arbeidsmag vanweë stedelike migrasie. (kyk tabel 11 vir jaarlikse geprojekteerde arbeidsmaggroeikoerse)

Tabel 11 Jaarlikse Geprojekteerde Arbeidsmag Groeikoerse

| | Arbeidsmaggroeikoers (%) | | |
|---|---|---|---|
| | 1970-80 | 1980-90 | 1990-2000 |
| Ontwikkelde lande | 1.1 | 0.9 | 0.9 |
| Minder-ontwikkelde lande | 2.1 | 2.4 | 2.6-2.8 |
| Streke | | | |
| Suid-Asië | 2.3 | 2.6 | 2.9 |
| Oos-Asië | 1.6 | 2.1 | 2.5 |
| Afrika | 2.2 | 2.5 | 2.7 |
| Latyns-Amerika | 2.8 | 3.0 | 3.0 |

Bron: International Labour Office. Bulletin of Labour statistics: Labour force and World Population Growth, Geneva 1974

/3.2.8 ........

### 3.2.8 Kwesbaarheid deur en Afhanklikheid van Internasionale Handel

Faktore binne sowel as buite die beheer van agterlike gebiede het bestaande politieke en ekonomiese strukture so gewysig dat ontwikkelde gebiede 'n meer dominante mag en kontrole oor die wyse en omvang van internasionale betrekkinge verkry het. (Todaro MP 1977 p 77)

In resente tye het die minder-ontwikkelde gebiede pogings aangewend om veral die politieke kwesbaarheid te verminder. Dit konsentreer hoofsaaklik om pogings tot bevryding van die koloniale wurggreep van veral Afrika- en Latyns-Amerikaanse lande. (Vergelyk Munro JF **Africa and International Economy** 1800-1960 Hoofstuk 7)

Ongelukkig is dieselfde sukses nie ten opsigte van ekonomiese kwesbaarheid bereik nie. Aangesien die ontwikkelde wêrelddele oor die vermoë beskik om die vloei van kapitaal en tegnologie na ekonomiese minder-ontwikkelde gebiede te manipuleer, word daar gevind dat die Derde Wêreld-lande al hoe meer kwesbaar word. Eerste- en Tweede Wêreldstandaarde word op die inwoners van Derde Wêreld-lande oorgedra met 'n sogenaamde uitvloei van kundigheid ("international braindrain") as een belangrike gevolg. (Todaro MP 1977 p 78)

Dit is dan nie net slegs die ryk lande wat ontwikkel ten koste van ekonomiese minder ontwikkelde gebiede nie. Ook meer welvarende groepe binne sulke ekonomiese minder-ontwikkelde gebiede ontwikkel, ten koste van die oorgrote meerderheid wat polities en ekonomies meer kwesbaar en afhanklik is. (Todaro MP 1977 p 78)

Konkrete realiteit van hoë invoergeneigdhede en lae uitvoergeneigdhede (kyk meegaande tabel) met dreigende bankrotskappe word vandag eers deur die minder-ontwikkelde lande as 'n ware bedreiging beskou.

/Tabel.........

**Tabel 12** **Totale In- en Uitvoer van Geselekteerde Minder-Ontwikkelde Gebiede**

| | Totale uitvoere (1973 R,m) | Totale invoere (1973 R,m) |
|---|---|---|
| Afghanistan | 97.9 | 197 |
| Bangladesh | 388.5 | 951.2 |
| Indië | 3219.4 | 3521.9 |
| Kenya | 501.7 | 669.4 |
| Malawi | 107.7 | 154.5 |
| Mali | 58.8 | 125.2 |
| Senegal | 212.2 | 392.9 |
| Kuba | 873.9 | 1406.2 |
| Mexiko | 2863.5 | 4512.4 |
| Marokko | 949.1 | 1196.1 |
| Mosambiek | 330.8 | 520.2 |
| Panama | 144.7 | 532.2 |

Bron: International Monetary fund. International financial Statistics vol 28 nr 3 Maart 1975

Daar word nou besef dat hierdie kwesbaarheid van minder-ontwikkelde lande as gevolg van die afhanklikheid van primêre produkuitvoer ter verkryging van buitelandse valuta vir finansiering van noodsaaklike invoer, vergroot word. Die ironie is dat minder-ontwikkelde lande juis hul voedselproduksie ter finansiering van die lewensnoodsaaklike invoer moet uitvoer. Voedselprodukte en ru-materiaal is ongeveer 39% en brandstof 39% van die totale uitvoer van minder-ontwikkelde lande, sodat primêre produkuitvoere ongeveer 60-75% van die buitelandse reserwes lewer. Laasgenoemde dien as aanvulling tot besparing wat vir finansiering van ontwikkelingsprojekte gebruik word. Die uitvoer van vervaardigde produkte is dan ongeveer 22% van die minder-ontwikkelde lande se totaal. (kyk meegaande tabel) (Todaro MP 1977 p 78)

/Tabel........

**Tabel 13** **Produksamestelling van Uitvoer (1971)**

| Kategorieë | Minder-ontwikkelde lande | Ontwikkelde lande |
|---|---|---|
| Primêre produkte | | |
| Voedsel, voedselprodukte en ru-materiaal | 39 | 18 |
| Brandstof | 39 | 4 |
| Vervaardigde produkte | | |
| Chemikalieë | 2 | 9 |
| Ingenieursprodukte | 2 | 36 |
| Vervaardigde produkte (nie-metaal, minerale en ander) | 17 | 31 |
| Ongespesifiseerd | 1 | 2 |
| Totaal | 100 | 100 |

Bron: Overseas Development Council 1974 Tabel B-7

Indien aanvaar word dat primêre produkuitvoer sover moontlik beperk moet word met die aanmoediging van vervaardigde en halfverwerkte produkte, word weereens gevind dat minder-ontwikkelde gebiede slegs so 'n stap kan ondersteun deur eers meer in te voer alvorens meer uitgevoer kan word. Hierdie "J-kurwe" effek (verwys na laasgenoemde tendens) kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat 98% (Todaro MP 1977 p 123) van die wêreld se ontwikkeling en navorsing in ontwikkelde lande plaasvind. Sodoende word minder-ontwikkelde gebiede vir gesofistikeerde produksietegnieke en hulpmiddels afhanklik van ontwikkelde lande.

Alhoewel uitvoer so belangrik vir voortgesette ekonomiese ontwikkeling is, word die afgelope 20 jaar ondervind dat uitvoergroei (uitsluitend petroleum) nie tredhou met diè in die ontwikkelde lande nie. Kyk meegaande tabel vir gemiddelde jaarlikse groeikoerse van uitvoer .

/Tabel.........

Tabel 14 Jaarlikse Gemiddelde Groeikoerse van Uitvoer

| | 1950-67 | 1960-66 | 1967-72 |
|---|---|---|---|
| Wêreld | 6.9 | 8.0 | 13.6 |
| Ontwikkelde lande | 7.6 | 8.7 | 14.5 |
| Minder-ontwikkelde lande | 4.1 | 6.0 | 11.5 |
| Ontwikkelde sosialistiese lande | 9.2 | 7.5 | 11.5 |

Bron: UNCTAD Handboek 1969; Overseas Development Council 1974 Tabel B-2

Selfs gedurende die minder-ontwikkelde lande se beste jare het hul aandeel aan uitvoer na ontwikkelde lande afgeneem. So byvoorbeeld was hul aandeel in 1950 33% en het intussen tot 16% in 1973 gedaal. (Todaro MP 1977 p 77) Intussen het die ontwikkelde lande hul aandeel in wêreldhandel tot 74% verhoog. (Todaro MP 1977 p 77) Op die wyse raak minder-ontwikkelde lande meer van ontwikkelde lande vir hul uitvoer, en dus afsetgebiede, afhanklik, aangesien die handel tussen minder-ontwikkelde lande van 23% in 1960 tot 19% in 1973 gedaal het.

## 3.3 BESONDERE KENMERKE

### 3.3.1 Gebrekkige Infrastruktuur

In hierdie verband kan onderskeid tussen sosiale- en fisiese infrastruktuur getref word. Die sosiale infrastruktuur sluit in swak onderwysfasiliteite, religieuse, maatskaplike en politieke ontwikkelinge. Vanweë die sosio-ekonomiese en politieke aard van die sosiale infrastruktuur word dit slegs vir kennisname hier genoem. Die fisiese infrastruktuur wat water en elektrisiteitsvoorsiening, swak verbindingspaaie, swak finansiële stelsels en markstruktuur insluit, is 'n meer besondere kenmerk wat wisselend voorkom. Die mate waarin dit ontwikkeling strem word deur die graad van gebreke bepaal.

Die fisiese infrastruktuur beïnvloed die produksievermoë van 'n land direk sowel as indirek. Dit is veral die swak verbindingspaaie asook spoorverbinding wat die markstruktuur strem en oneffektief laat. Die vrye oordraging en verspreiding van markinligting is vanweë die swak kommunikasie feitlik onmoontlik. Dit

/verhoog.......

verhoog binnelandse produksiekoste en verswak sodoende die internasionale ruilvoet van minder-ontwikkelde lande.

'n Ontoereikende finansiële struktuur maak weer die bekombaarheid van krediet en beleggings teen goeie rentekoerse baie moeilik. Dit laat die proses van kapitaalopbou daal vanweë die swak korrelasie tussen die marginale doeltreffendheid van kapitaal en rentekoerse. Daarmee saam word as gevolg van die swak markstruktuur 'n tekort aan instellings gevind wat die distribusie van geproduseerde produkte kan behartig. Sodoende ontstaan daar swak mededingende gebiede, wat tot swak prysstrukture lei, met 'n gepaardgaande laer bruto binnelandse produk vanweë die kleiner vraag.

### 3.3.2 Grondbesit en -gebruikstelsels

Grondbesit en -gebruikstelsels is uiteenlopend van aard. Afrika word hoofsaaklik aan die stamstelsel gekenmerk waar grond tussen verskillende stamme verdeel word. Daarteenoor laat die monargiese grondbesitstelsel hom duidelik in veral Latyns-Amerikaanse state geld. Hierdie stelsels beïnvloed ontwikkeling duidelik. Die stamstelsel word aan ongekende vergroting van grense gekenmerk, terwyl die monargiese grondbesitstelsel tot onekonomiese onderverdeling van grond lei. So is byvoorbeeld 1,3% van die landhere in besit van 71,6% van die totale landbougrond in Latyns-Amerika. (Verenigde Volke Voedsel en Landbouorganisasie in Todaro MP 1977 p 233 )

In Latyns-Amerika bestaan daar 'n "Latifundio-Minifundio" grondbesitstelsel. Laasgenoemde is 270 keer kleiner as eersgenoemde en laasgenoemde bestaan uit 90% van die totale aantal plase in Latyns-Amerika. Hierdie Minifundio lewer vanweë sy beperkte omvang slegs 17% van die totale landbouproduksie. In Guatemala is Latifundio's soms 1732 keer groter as Minifundio's. Die gevolg is dat 88,4% van die landbouproduksie-eenhede, Minifundio's is en slegs 14,3% van die totale landbougrond beslaan. Hierdie soort van onderverdeling van landbougrond in marginale ekonomiese eenhede vorm 'n struikelblok in die pad van ontwikkeling in ekonomies minder-ontwikkelde gebiede. (Todaro MP 1977 p 235 )

### 3.3.3 Politieke Onstabiliteit

Dit kan as sekerlik een van die belangrikste verskille tussen die huidige ontwikkelde lande en die minder-ontwikkelde lande beskou word.

/Die.........

Die gewese kolonisasie van ekonomies minder-ontwikkelde gebiede is verantwoordelik vir die aanwending van huidige ekonomiese minder-ontwikkelde gebiede tot voordeel van die huidige ontwikkelde gebiede. Die slotsom is dat die huidige ontwikkelde gebiede ten koste van die huidige minder-ontwikkelde gebiede ontwikkel het.

Dit het daartoe gelei dat die huidige minder-ontwikkelde gebiede nou eers politieke status begin verwerf. Vandag kan minder-ontwikkelde gebiede 'n gekonsolideerde nasie-staat word en kan 'n beleid gerig op nasionale ekonomiese progressie geformuleer en nagevolg word. Totdat stabiele en buigsame politieke instellings met die publieke ondersteuning gekonsolideer word, sal die huidige sosiale en kulturele gefragmenteerdheid van talle Derde Wêreld-lande hul begeerte aan volgehoue nasionale ekonomiese vooruitgang aan bande lê. (Todaro MP 1977 p 373)

### 3.3.4 Sosio Kulturele Eienskappe

Net soos wat waardestelsels mense saamtrek, skei dit volkere van mekaar. Die wye verspreiding van kulturele groepe binnelands sowel as op internasionale vlak, is van noemenswaardige belang by die formulering van die ontwikkelingsbeleid en programme.

### 3.3.5 Omgewingsfaktore

Die omgewing waarbinne individue hul bevind, verskil noemenswaardig. Dit plaas 'n eie stempel op die inwoners en verskerp die proses van dualisme en die gepaardgaande groter verdeling van aktiwiteite. Daar sal dus noukeurig gelet moet word op elke land se ontwikkeling in die onderhouds- of tradisionele ekonomiese sektor en die moderne sektor.

### 3.3.6 Klassestruktuur

Elke volk word aan sy eie familie- en klassestruktuur gekenmerk. Hoewel daar pogings aangewend word om die klassestruktuur te beperk, assosieer mense met gelyke ekonomiese agtergrond hul nog onderling met mekaar.

### 3.3.7 Ander

Ander faktore van 'n kwalitatiewe aard, soos byvoorbeeld geloof en religie en

/rasseverhoudings.......

rasseverhoudings speel ook 'n rol by die formulering van ontwikkelingsbeleid. Die historiese verloop van gebeure bepaal die rasseverhoudings, terwyl omgewingsfaktore, familie- en klassestrukture die geloof en religie van minder-ontwikkelde lande beïnvloed.

Hierdie faktore bepaal dan die ingesteldheid en motivering van volkere. Vanweë die verskille in moderne en tradisionele kultuurwaardes, ontstaan daar 'n groot gaping in die produktiwiteit van minder-ontwikkelde gebiede met die ontwikkelde lande.

## 3.4. OORSIGTELIKE ANALISE VAN DIE ONTWIKKELINGSPROBLEMATIEK

### 3.4.1 Inleiding

Dit is sinvol om die bogenoemde feitelike situasie nie as waterdigte kompartemente te behandel nie, maar dit as geïntegreerd te beskou.

Dit kan as Dualisme en die Bose kringloop van armoede gesien word wat die verwantskappe tussen aspekte van die ontwikkelingsproblematiek aantoon. Dualisme kan gesien word as die milieu waarbinne die bose kringloop van armoede sirkuleer. Dualisme toon die gesamentlike bestaan van 'n tradisionele onderhoudsekonomie en 'n moderne ekonomie binne een nasionale ekonomie aan.

Deur 'n studie van die bose kringloop van armoede kan ons enkele fasette wat aanleiding tot ekonomiese onderontwikkeldheid gee, identifiseer. Aangesien dit van kardinale belang is dat ekonomiese onderontwikkeldheid sover moontlik uitgewis moet word, vereis dit verdere ondersoek van die bose kringloop van armoede. Dit sal dan veral die strekking van die verdere bespreking wees. Om in hierdie doel te slaag, word 'n meer ingewikkelde kringloop ontwikkel. Dit gee dan 'n beter beeld van die multidimensionele aard van die ontwikkelingsproses.

Hierbenewens is dit van besondere belang om dualisme as 'n wyer verskynsel as basis van die bose kringloop van armoede te bespreek. Dit blyk duidelik dat dualisme meer as 'n ekonomiese verskynsel is en dat daar duidelik gelet moet word op die bestaan, omvang, oorsaaklike faktore en die wyse waarop dualisme die bose kringloop van armoede beïnvloed.

### 3.4.2. Dualisme

Volgens Singer is dualisme die bestaan en voortbestaan van toenemende verskille

/tussen.........

tussen ryk en arm lande en individue op verskillende vlakke. Die begrip dualisme omsluit meer spesifiek vier elemente, te wete:

i Verskillende toestande, waarvan sommige meerderwaardig is terwyl ander minderwaardig is, kan in dieselfde milieu op dieselfde moment bestaan;

ii hierdie gelyktydige bestaan is kronies van aard;

iii daar is 'n neiging tot uitbreiding; en

iv die bestaande interverwantskap tussen elemente wat meer- en minderwaardig is, is nie daarop ingestel om die minderwaardige elemente te opgradeer nie. Inteendeel, dit kan die minderwaardige elemente verder degradeer.
(Singer H 1970 pp 60-61)

In werklikheid is dualisme die bestaan van 'n moderne geïndustrialiseerde sektor, wat reproduserende kapitaal en geskoolde arbeid gebruik, en saam met 'n onderhoudsekonomie funksioneer. Laasgenoemde word gekenmerk deur tradisionele en primitiewe produksietegnieke. (Lighthelm AA 1977 p 35) Dualisme ontstaan dus as gevolg van die ontwikkelingsproses soos wat laasgenoemde meer 'n geldekonomiese karakter aanneem. Hierdie tweeledige karakter word mooi deur Thirlwall (p 130) beskryf.

Volgens Thirlwall is 'n dualistiese ekonomie een wat gekenmerk word deur verskille in sosiale gewoontes tussen die tradisionele ruil- en moderne sektor. Voorts word daar 'n gaping in die tegnologie van die onderskeie sektore aangetref. Dualisme kan ook aan inkomsteverskille tussen gebiede van 'n land gekenmerk word indien die moderne geldekonomie en nywerheisontwikkeling geografies gesentreerd is. (Thirlwall AP 1978 p 130)

Volgens Lighthelm kan sewe faktore uitgesonder word wat die genoemde verdeling tussen sektore veroorsaak, naamlik:

i Tegnologiese verskille;

ii institusionele samestellings;

iii kommersialisasie;

/iv Geografiese.........

iv geografiese verdeling;

v sosio-kulturele verskille;

vi nywerheids- versus landbouontwikkeling; en

vii leidende sektor teenoor die tradisionele of agtergeblewe sektore.
(Lighthelm AA 1977 p 35)

Volgens Thirlwall kan hierdie faktore óf natuurlik deur spesialisasie ontstaan, óf van buite deur die invoer van vreemde ekonomiestelsels ingestel word.
(Thirlwall pp 1978 pp 130-135)

Dit moet dus duidelik wees dat dualisme aanleiding gee tot toenemende verskille tussen welvaartsgroepe binne een ekonomie. Die deelnemers binne een ekonomie word dus verdeel in die:

i Lae-inkomste landbougeoriënteerde inwoners; en

ii meer welvarende, hoër-inkomste inwoners.

Die lae-inkomste landbougeoriënteerde inwoners word hoofsaaklik gekenmerk deur die volgende:

i Swak opleiding;

ii ekonomiese lewe word deur gewoontes en gebruike bepaal;

iii produseer slegs vir eie gebruik;

iv koop min in die mark;

v handhaaf 'n onderhoudsekonomie;

vi lae grens spaargeneigdheid;

vii kapitaaltoerusting is beperk en het 'n lae grens investeringsgeneigdheid;

viii weinige aansporings tot materiële welvaart; en

ix word beperk deur risiko.
(Meier en Baldwin 1957 pp 321-323)

/ Die........

Die welvarende klas word gekenmerk deur:

i 'n Hoë persentasie besteding op duursame produkte wat hoofsaaklik ingevoer moet word;

ii 'n hoë grens spaargeneigdheid en belegging in hoofsaaklik behuising, buitelandse sekuriteite en uitvoernywerhede; en

iii die voorsiening van 'n klein persentasie van die entrepreneurs. (Meier en Baldwin 1957 pp 321-323)

Aangesien die werking van die bose kringloop van armoede die vlak van ekonomiese ontwikkeldheid van hierdie twee klasse bepaal, is 'n studie oor die werking van die bose kringloop van armoede van kardinale belang. Die belangrikheid van die bose kringloop van armoede in die uitwissing van dualisme, is in die wisselwerking van elemente wat beide klasse se ekonomiese ontwikkeldheid beïnvloed, opgesluit. Daar sal dus aandag aan die wisselwerking van ekonomiese elemente binne elke klas se ekonomiese milieu geskenk moet word sowel as tussen die twee binne een gesamentlike ekonomie.

### 3.4.3 Die Bose Kringloop van Armoede

#### 3.4.3.1 Inleiding

Baie struikelblokke in die pad van ontwikkeling is sowel oorsake as gevolge van armoede. Daar bestaan dus bepaalde verwantskappe wat aanleiding tot die lae peil van ontwikkeling gee. Hierdie verwantskappe kom duidelik na vore in die bose kringloop van armoede sodat die rol van elke ontwikkelingselement en daarmee saam die onderlinge werking van ontwikkelingselemente aangetoon word.

'n Studie van die bose kringloop van armoede kan dan lig op die oorsake en gevolge van ekonomiese onderontwikkeldheid werp. Die belangrikheid van so 'n studie is naamlik dat dit makliker is om ekonomiese onderontwikkeldheid gedeeltelik en geheel uit te wis, indien die onderlinge werking van die ontwikkelingselemente deeglik begryp word. Dit is dan hoofsaaklik die doel van die verdere bespreking oor die bose kringloop van armoede.

In hierdie bespreking word hoofsaaklik aan die tradisionele opvatting van die bose kringloop van armoede aandag gegee en dan geleidelik tot 'n meer saamge-

/stelde.........

stelde bose kringloop van armoede gevorder. Laastens word die werking van genoemde kringloop bespreek. Later word weer teruggekeer na hierdie ontwikkelingselemente. (kyk Afdeling B)

### 3.4.3.2 Tradisionele Beskouing

Namate die multidimensionele aard van die ontwikkelingsproses bekend geraak het, het die beskouing oor die bose kringloop van armoede dienooreenkomstig gewysig.

Die Eerste ontwikkelingsdekade (1960-1970) was hoofsaaklik met die verhoging van per capita inkomste en dienooreenkomstig produksie per capita gemoeid. Om hierdie rede is dit verstaanbaar dat die bose kringloop gesien is as 'n teorie wat daarop ingestel was. Thirlwall het dit gesien as 'n poging om bevolkings- en ontwikkelingsteorieë te integreer, deur die interverwantskap tussen bevolkingsgroei, per capita inkomste en nasionale inkomegroei te erken. (Thirlwall AP 1978 p 140 )

Volgens Lombard en Van der Merwe (p 24) ontstaan die bose kringloop van armoede soos volg: Die verhoogde produktiwiteit per werker bepaal die toename in inkomste per capita. Die besparing uit inkomste wat verdien word is kapitaalvorming se vernaamste bron. Aangesien die spaargeneigdheid deur die inkomste per capita beïnvloed word, gebeur dit dat besparing daal namate inkomste daal met die gevolg dat kapitaalvorming nie kan tredhou met bevolkingsgroei nie. Gevolglik daal die produksie per werker en die inkomste per capita met 'n gevolglike verdere daling in die spaargeneigdheid. Sodoende word die kringloop van armoede in stand gehou of selfs bevorder. (Lombard en Van der Merwe 1977 p 24 )

Die hoofelemente in die beskouing van Lombard en Van der Merwe is hoofsaaklik inkomste, produktiwiteit, kapitaalvorming en bevolking.

Meier en Baldwin voeg 'n verdere belangrike element tot die tradisionele beskouing van die bose kringloop van armoede toe, naamlik 'n tekort aan werklike bronne. (Meier en Baldwin 1957 p 319-320)

Volgens die skrywers kan daar ander kringlope wat hierdie basiese kringloop oorvleuel, geïdentifiseer word:

i Die lae vlak van reële inkomste wat beide 'n oorsaak en gevolg van die

/beperkte.........

beperkte vraagbronne is. Hierdie lae reële inkomste lei tot 'n laer vraag wat weer tot lae investering en kapitaalgebrek lei; en

ii verminderde ontwikkeling van natuurlike hulpbronne aangesien laasgenoemde van die aard van die menslike produksiekapasiteit afhanklik is. Hoe meer die mens ekonomies onderontwikkeld raak, hoe swakker is die menslike produksiekapasiteit. As gevolg van ongeletterdheid, onopgeleide arbeidsmag, gebrekkige kennis en faktor onbeweeglikheid, bly die bronne onderbenut en wanaangewend.

Die hoofelemente in hierdie beskouing is hoofsaaklik markonvolledigheid, swak ontwikkelde bronne; onderontwikkelde mense; lae produktiwiteit; lae reële inkomste; lae vraag, lae spaargeneigdheid; lae investeringsgeneigdheid en kapitaalgebrekkigheid. Meier en Baldwin (1957 p 323) verbind die werking van hierdie bose kringloop van armoede ook aan die rol van die owerheid en die beïnvloedende krag van internasionale betrekkinge.

Volgens Meier en Baldwin (p 323) kan die bestaande bose kringloop van armoede nie net aan die optrede van die private sektor toegeskryf word nie, maar ook aan die owerheid se optrede. Die werklike probleem is dat die regering polities agterlik, onstabiel en geen samewerking ten opsigte van toekomstige ontwikkelinge toon nie. Aangesien binnelandse owerhede deur buitelandse magte geregeer word, bestaan daar jeens binnelandse probleme, min belangstelling. (Meier en Baldwin 1957 p 323)

Die bogenoemde modelle van Lombard en Van der Merwe en Meier en Baldwin dui 'n sekere rigting waarop sektorale strategieë toegespits kan word, aan. (Lighthelm AA 1977 p 47) Om die ontwikkelingsprobleem te oorkom, moet hierdie skakel verbreek word. Volgens die eng tradisionele beskouing van die kringloop, is die oplossing of verbreking van hierdie bose kringloop hoofsaaklik gesentreer rondom kapitaalvorming. Maar as gevolg van die dalende relatiewe inkomste is die bestedingsgeneigdheid groot en sal investering betreklik beperk wees.

Volgens Nurkse (S 1952) kan daar in hierdie verband onderskei word tussen

i Die geringe aansporing om te investeer (geringe vraag) vanweë die lae reële inkomste; en

/ii die.........

ii die beperkte spaar- en investeringsvermoë (geringe aanbod).

Aangesien daar bestaande verbandhoudende en eksterne faktore wat die winsgewendheid van investerings in sodanige gebiede beperk, bestaan, kan Nurkse se geïdentifiseerde vraag en aanbod beperkings, as moontlike verklarings vir die tradisionele bose kringloop van armoede dien.

In minder-ontwikkelde gebiede word besondere klem gelê op sosiale en administratiewe infrastruktuur onderneem deur die openbare sektor. Dit bied wel 'n basis vir ekonomiese ontwikkeling maar wat van besondere belang is, is openbare en private investering in produksiestrukture om geleenthede vir groter indiensname te skep en dus inkomste, sodat die bose kringloop van armoede verbreek word. Die antwoord kan dus in kapitaalvorming gevind word en kan as die kern van die tradisionele beskouers se oplossing van die ontwikkelingsproblematiek beskou word.

Die tradisionele opvatting dat die bose kringloop van armoede slegs deur kapitaalvorming verbreek kan word, het nie met die werklikheid waartydens die ekonomiese onderontwikkeldheid dieper gewortel geraak het tred gehou nie.

Alhoewel die beskrywing van Meier en Baldwin as 'n tradisionele opvatting van die bose kringloop van armoede beskou is, kan dit tereg as die mees omvattende verklaring van die kringloop beskou word. Waar die voorafgaande skrywers hoofsaaklik op die rol van kapitaal in die kringloop gekonsentreer het, het Meier en Baldwin die gevolge van die kringloop en sowel die oorsake daarvan, dieper en wyer getrek. By die reeds bestaande lys van oorsake en gevolge van die kringloop voeg hulle nog elemente by sodat al die elemente uit die volgende bestaan:

i Bevolkingsgroei;
ii per capita inkomste;
iii nasionale inkomegroei;
iv kapitaalvorming;
v produktiwiteit;
vi swak ontwikkelde bronne;
vii markonvolledigheid;
viii rol van die owerheid; en
ix beïnvloedende krag van internasionale betrekkinge.

Aangesien hierdie benadering te beperk is, kan vervolgens 'n meer omvattende

/kringloop .........

kringloop ontwikkel word.

### 3.4.3.3 'n Meer Omvattende Bose Kringloop van Armoede

Pogings tot 'n wyer vertolking van die bose kringloop van armoede is deur Van der Merwe en Stadler (1976 p 148) gepoog. Alhoewel hul poging net tot die ontwikkelingsprobleem van Suider-Afrika beperk is, kan dit (met kwalifikasies) as verklaring van die ekonomiese onderontwikkeldheid van veral Afrika-state dien.

Die kern van laasgenoemde skrywers se bose kringloop van armoede stem met die tradisionele beskouing ooreen en is hoofsaaklik met kapitaalprodukte, produktiwiteit, inkomste per capita, beperkte koopkrag en investeringsgeneigdheid gemoeid. Wat hierdie model verskillend van die tradisionele model maak, is die wyer uiteenlopende verskeidenheid van beïnvloedende faktore wat op die genoemde kernelemente inwerk. Die belangrikste van hierdie kernelemente is:

i Politieke onsekerheid;
ii ligging ten opsigte van markte in ontwikkelde gebiede;
iii gebrek aan entrepreneurs;
iv omvang en aard van owerheidsbesteding;
v arbeidsmigrasie;
vi stelsel van grondbesit;
vii kredietfasiliteite;
viii tradisionele gebruike; en
ix lekkasie van koopkrag.

Uit bovermelde toevoeging tot die bestaande lys van elemente blyk dat die ontwikkelingsprobleem nie net deur ekonomiese en interne wysigings opgeklaar kan word nie. Dit is wel veel wyer as wat die tradisionele model aandui. Dit word in resente tye deur interne strukture beïnvloed in soverre wat dit die publieke- en private sektor optrede en bestaande gemeenskapstrukture raak, asook die verhouding tussen gebiede met verskillende ontwikkelingspeile binne die betrokke gebied.

Figuur 2 toon die groter beïnvloedende kragte en interverwantskappe wat daar tussen die elemente bestaan.

Alhoewel die genoemde model in Figuur 2 wyer strekking as die genoemde tradisionele modelle het, is dit nog steeds opvallend dat die term "ekonomiese

/ontwikkeling".........

ontwikkeling" in sy engste vorm deur die genoemde skrywers gebruik is. Dit wil voorkom of net die probleme verwant aan ekonomiese groei by die genoemde model ingesluit is. Weinige aandag is aan die wyer konsep van ontwikkeling gegee. Die volgende probleme is dikwels oor die hoof gesien.

i Absolute armoede wat insluit onvoldoende:
  1 mediese en
  2 opvoedkundige fasiliteite.

ii Selfrespek wat faktore insluit soos:
  1 identiteit;
  2 integriteit;
  3 respek;
  4 eer; en
  5 erkenning.

iii Internasionale oordrag van materiële waarde.

iv Internasionale oordrag van tegnologiese kwesbaarheid.

v Die terugspoel effek van internasionale betrekkinge.

vi Gebrekkige toekomsbeplannining en beheer.

vii Bereidwilligheid om onafhanklik te wees.

viii Beperkte vryheid wat insluit:
  1 eksterne afhanklikheid en dominasie; en
  2 beperkte keuse.


Vanweë bogenoemde beperkings kan dit wenslik wees om die multidimensionele aard van die ontwikkelingsproses by die meer omvattende model van die bose kringloop van armoede te integreer.

/ Figuur 2 .........

Figuur 2

## 'n OMVATTENDE BOSE KRINGLOOP VAN ARMOEDE

(Van der Merwe en Stadler model)




Bron: Van der Merwe en Stadler (1976 p 148)

/Die.........

Die oorblywende deel van hierdie hoofstuk sal dan hoofsaaklik met die samestelling van 'n meer omvattende bose kringloop van armoede gemoeid wees. Dit sal hoofsaaklik die doel wees om die multidimensionele aard van die ontwikkelingsproses met die bose kringloop van armoede-model te integreer. Sodoende kan die komplekse ontwikkelingsproblematiek in een grafiese voorstelling saamgevat word.

'n Samevattende lys van bëinvloedende faktore wat direk of indirek op die bose kringloop van armoede inwerk en sodoende tot middelontwikkeldheid bydra behoort die volgende in te sluit.

1 <u>Demografie</u>
- 1.1 Geboortekoerse
- 1.2 Sterftekoerse
- 1.3 Aanwaskoerse
- 1.4. Afhanklikheidslas

2 <u>Produktiwiteit</u>
- 2.1 Druk op produksiefaktore vergroot
- 2.2 Druk op bestaande faktore
- 2.3 Arbeid
  - 2.3.1 Selfrespek
    - 2.3.1.1 identiteit
    - 2.3.1.2 integriteit
    - 2.3.1.3 respek
    - 2.3.1.4 eer en erkenning
  - 2.3.2 Absolute armoede
  - 2.3.3 Afrokkeling van opgeleide inwoners
- 2.4 Kapitaal
- 2.5 Grond
  - 2.5.1 Swak-ontwikkelde hulpbronne
    - 2.5.1.1 landbou
    - 2.5.1.2 mynbou
  - 2.5.2 Stelsel van grondbesit en gebruik
  - 2.5.3 Gebrekkige infrastruktuur
- 2.6 Entrepreneurs
  - 2.6.1 Gebrek aan entrepreneurs
  - 2.6.2 Risiko
  - 2.6.3 Rol van multinasionale ondernemings

/3 Onvoldoende.........

3 <u>Onvoldoende kapitaalvorming</u>

3.1 Lae inkomste per capita

3.2 Lae rentabiliteit

3.3 Beperkte koopkrag

3.4 Hoë grensbestedingsgeneigdheid

3.5 Lae spaargeneigdheid

3.6 Lae investeringsgeneigdheid

3.6.1 Alternatiewe moontlikhede

3.6.2 Politieke onsekerheid

3.6.3 Ligging van markte

3.7 Gebrekkige sosiale en fisiese infrastruktuur

4 <u>Onvolledige Marktoestande</u>

4.1 Geringe aanbod

4.2 Geringe vraag

4.3 Produksiefaktore word onbeweeglik

4.4 Prysstarheid

4.5 Onvolledige markkennis

4.6 Gebrek aan spesialisasie

5 <u>Plaaslike Owerhede</u>

5.1 Politieke onsekerheid

5.2 Bereidwilligheid om afhanklik te wees

5.3 Gebrekkige toekomsbeplanning en beheer

5.4 Swak belastingbasis

5.5 Politieke wil en durf

5.6 Owerheidsbesteding

6 <u>Internasionale Betrekkinge</u>

6.1 Oordrag van materiële welvaart en standaarde

6.2 Oordrag van tegnologie

6.3 Terugspoeleffekte

6.4 Internasionale handel en investering

Dit is moeilik om die interverwantskappe en onderlinge konflik tussen hierdie genoemde element aan te toon. 'n Poging hiertoe kan tereg die breë basis waarop ekonomiese ontwikkelingsbeleide en -strategieë geformuleer moet word, aandui.

/Aangesien.........


Aangesien dit juis die primêre doel van hierdie hoofstuk is om daardie belangrike elemente in die formulering van 'n ontwikkelingsbeleid uit te wys, word daardie elemente nou aangedui en hoe dit gesamentlik die bose kringloop van armoede vorm. Al is dit moeilik om al die dimensies van die bose kringloop te bestudeer, kan Figuur 3 'n moontlike verklaring van die ekonomiese onderontwikkeldheid van minder-ontwikkelde lande gee. Dit toon selgs die ontwikkelingsproblematiek in sy meer algemene vorm. Spesifieke lande kan spesifieke struikelblokke identifiseer en ondervind, wat spesifieke eise aan so 'n voorstelling stel.

Die kern van hierdie benadering stem grootliks met die voorafgaande verklarings ooreen. Enkele toevoegings was genoodsaak om reg aan die multidimensionele aard van die hedendaagse ontwikkelingsproses te laat geskied. Dit is na ses afsonderlike kringlope uitgebrei wat weer gesamentlik die bose kringloop van armoede vorm. Hierdie ses kringlope kan beskou word as:

1 Bevolkingsontploffing;
2 lae produktiwiteit;
3 onvoldoende kapitaalvorming;
4 onvoldoende marktoestande;
5 plaaslike owerhede; en
6 internasionale betrekkinge.

Soos reeds voorheen vermeld is, kan verskillende verklarings vir die onderontwikkeldheid van veral Derde Wêreld-lande aangebied word. Figuur 3 moet in hierdie lig geëvalueer word. Dit kan op die meeste as 'n verklaring van die ekonomiese onderontwikkeldheid beskou word.

/ Figuur 3.............




Figuur 3 'n Meer Omvattende Bose Kringloop van Armoede

Die werking van die genoemde kringlope en hoe hulle gesamentlik tot die bestaande toestande van ekonomiese onderontwikkeldheid bydra, word vervolgens bespreek.

Die ses afsonderlike kringlope kom op die volgende neer.

1 Bevolkingsontploffing

Die bevolkingsontploffing ontstaan vanuit twee uiteenlopende rigtings. Aan die een kant word dit deur die bestaande bevolking en die hoë aanwaskoers geïnisieer Laasgenoemde is die produk van hoë geboorte- en lae sterftekoerse. Aan die ander kant word die bestaande bevolkingsontploffing deur die voltooiing van die kringloop vererger. Die lae inkomste lei ook tot hoë aanwaskoerse. Hierdie bevolkingsontploffing veroorsaak dan 'n hoë afhanklikheidslas. Laasgenoemde word dan die inisieerder van die tweede kringloop, naamlik lae produktiwiteit.

2 Lae Produktiwiteit

Vanweë die hoë afhanklikheidslas ontstaan daar druk op al vier die produksiefaktore. Voorts brei hierdie druk na ander bestaande fasiliteite uit wat veral die sosiale infrastruktuur raak. Die bestaande fasiliteite word dan deur die toenemende bevolking opgeneem. Dit ontaard in groter armoede vanweë die gebrek aan fasiliteite. Dit bepaal dan weer die vlak van produktiwiteit van die vier produksiefaktore. Tesame met die stygende armoede en die aantasting van die integriteit van die bevolking, word 'n daling in arbeidsproduktiwiteit gou bespeur. Hierdie daling word deur 'n grootskaalse uittog van geskoolde arbeiders na meer gunstige toestande in ontwikkelde lande (sg. "braindrain") aangewakker. Die toenemende druk op bestaande fasiliteite en die internasionale oordrag van tegnologie lei gou tot 'n daling in die produktiwiteit van kapitaal. Beskikbare kapitaal word nie in optimum kombinasies aangewend nie. Grond word toenemend oorbenut. Tesame met tradisionele gebruik en bestaande grondbesitstelsels word daar gou ondervind dat die produktiwiteit ook hier aan die kwyn is. Daar is dus 'n daling in produktiwiteit van alle produksiefaktore. Vanweë hierdie daling word daar aanverwante dalings in inkomste en rentabiliteit bespeur. Die toestande lei dan tot 'n verdere kringloop, waar onvoldoende kapitaalvorming ondervind word.

3 Onvoldoende Kapitaalvorming

Vanweë die daling in inkomste en rentabiliteit, ontstaan daar beperkte koopkrag. Die grens-bestedingsgeneigdheid styg en dus daal die grens-spaargeneigdheid. Tesame

/met.........

met die beperkte koopkrag is beperkte alternatiewe moontlikhede, politieke onsekerhede en die ligging van die markte oorsaak dat daar min aansporing is om verder te investeer. Daar word dan nie genoeg produktiewe bates geskep nie, met ander woorde, daar is onvoldoende kapitaalvorming.

4 Onvolledige Marktoestande

Bovermelde gebreke herbeklemtoon weer eens die bestaande druk op produksiefaktore en fasiliteite. Die beperkte koopkrag en lae grens-spaargeneigdheid veroorsaak weer op hul beurt 'n klein vraag en aanbod, sodat produksiefaktore onbeweeglik raak, prysstabiliteit intree, onvolledige markkennis en 'n gebrek aan spesialisasie ontstaan. Die wisselwerking van bogenoemde faktore lei tot 'n verder kringloop, naamlik waar die markmeganisme onvoldoende funksioneer.

5 Plaaslike Owerhede

Die wisselwerking van die elemente in die vyfde kringloop kan met enkele uitsonderings nie direk aan die vorige kringlope gekoppel word nie. Die bereidwilligheid om afhanklik te wees, die gebrek aan politieke gemotiveerdheid ("political will"), gebrek aan toekomsbeplanning en beheer; en onstabiliteit beïnvloed die bogenoemde elemente in sy breedste vorm. Dit werk hoofsaaklik indirek op die bestaande kringlope in. Sodoende word sterk punte en gebiede waar korrektiewe aksie nodig is, nie behoorlik geïdentifiseer nie, en word korrektiewe beplanning halfhartig en ongegrond gedoen. In soverre dit die beperkte belastingbasis en investering in sosiale dienste aangaan, beïnvloed die plaaslike owerhede die ander kringlope op 'n direkte wyse. Die enkele gevalle waar produktiwiteit in winsvorming resulteer, word die rentabiliteit verlaag vanweë die hoë belasting wat ontstaan vanweë die enkele punte waar belasting gehef kan word. Die wisselwerking tussen gebrekkige politieke gemotiveerdheid, onstabiliteit, gebrekkige toekomsbeplanning en bereidwilligheid om afhanklik te wees beperk dan afsonderlik en gesamentlik die ontwikkelingsproses.

6 Buitelandse Betrekkinge

Die laaste kringloop toon die betrekkinge aan tussen minder-ontwikkelde lande onderling en tussen ontwikkelde lande en minder-ontwikkelde lande. Die invloed van die buiteland op die ander kringlope word tot die oordrag van tegnologie, materiële welvaart en standaarde asook internasionale handel en investering beperk. Alhoewel die buiteland tot verhoogde produktiwiteit via die oordrag van tegnologie bydra, skep dit verwronge gemeenskappe vanweë die oordrag van ongepaste materiële

/welvaart........

welvaart en standaarde wat dualisme in die hand werk en sodoende minder-ontwikkelde lande meer kwesbaar en afhanklik maak. Die effek van internasionale handel is gunstig op plaaslike markte maar swak plaaslike toestande (verwys na al bogenoemde kringlope) beperk mededinging en gebeur dit dat multinasionale ondernemings die ekonomieë van minder-ontwikkelde lande verarm deur ontwikkelinge wat plaaslike toestande nie verlig nie maar slegs enkele groepe bevoordeel.

## 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is twee belangrike resultate bereik. Ten eerste is die ontwikkelingsproblematiek in een grafiese voorstelling saamgevat. Dit toon duidelik die multidimensionele aard van die ontwikkelingsproblematiek binne die hedendaagse ontwikkelingsproses. Op hierdie wyse is die feitelike situasie in wêreldperspektief tot enkele kernelemente gereduseer.

Tweedens was dit ook moontlik om enkele kernelemente uit te sonder as die meer invloedryke elemente.

Aangesien ons die struikelblokke in die pad van ekonomiese ontwikkelings nou reeds geïdentifiseer het, kan ons vervolgens op ontwikkelingsdoelwitte wat nagestreef moet word, let.

oooooooooooooooooo

HOOFSTUK 4

# ONTWIKKELINGSDOELWITTE EN LEIDENDE BEGINSELS

## 4.1 INLEIDING

Uit die vorige hoofstukke is dit duidelik dat moontlike oplossings in resente tye veel wyer gesoek moet word as net bloot die monitor van ekonomiese veranderlikes.

Vandag begin minder-ontwikkelde lande die noodsaaklikheid van pogings wat op die voorsiening van veral basiese behoeftes gerig is, besef. Die verbetering in die lewenstandaard in minder-ontwikkelde lande toon hierdie besef wat tans aan die ontwikkel is.

Volgens die Wêreldbank was daar gedurende die laaste twee dekades 'n klein toename in voedsel beskikbaar. Die voedsel per capita beskikbaar, het sedert 1961 tot 1976 van 208 kilogram tot 218 kilogram toegeneem. Die totale aantal kinders op skool het van 1960 tot 1975 van 142 miljoen tot 315 miljoen toegeneem. Verder was daar 'n toename in water beskikbaar sowel as 'n klein toename in beskikbare behuising. (Wêreldbank 1980 p 6)

Bogenoemde verbeterings het wel 'n invloed op die lewenstandaard gehad. So byvoorbeeld, het die lewensverwagting by geboorte sowel as die vlak van geletterdheid toegeneem. In al die ontwikkelende lande was 'n toename van 15% in die lewensverwagting by geboorte te bespeur. Sodoende het die lewensverwagting van sewe en veertig jaar tot vier en vyftig jaar gestyg. Soortgelyk het die geletterdheid onder volwassenes van 39% tot 51% gedurende die vyftien jaar van 1960 toegeneem. (Wêreldbank 1980 p 6)

Ten spyte van hierdie besef en die genoemde verbeterings word die gaping tussen ontwikkelde lande en minder-ontwikkelde lande groter / verklein dit in 'n beperkte



/mate.........

mate. Volgens die Wêreldbank het die verskil in lewensverwagting tussen ontwikkelde lande en minder-ontwikkelde lande in 'n klein mate verklein. Kinders wat gedurende 1977 in ontwikkelde lande gebore was, kan verwag om twintig jaar langer te leef as diegene wat in minder-ontwikkelde lande gebore is. (Wêreldbank 1980 p 6)

Daar bestaan tog wel genoegsame redes om te aanvaar dat indien daar voorsien sal word in basiese behoeftes, soos voedsel, water, geletterdheid en mediese hulp, die produktiwiteit en inkomste sal verbeter. (Wêreldbank 1980 p 13) 'n Beter opgeleide en gesonder arbeidsmag is oor die algemeen meer produktief. Baie gevallestudies het bewys dat basiese opleiding soos deur geletterdheid gemeet 'n belangrike bepaler van produktiwiteit van arbeid en groei in produksieuitsette is. (p 13 )

Die grootste les wat ervaring leer, is die volgende:

> "......... even at low levels of resources, economics can be effected through a better allocation of resources. At the same time, however, considerable emphasis must be given to increasing output "(Wêreldbank 1980 p 14 ).

Bogenoemde dui op pogings in die opheffing van die ekonomies agterlikes en in besonder die verbreking van die bose kringloop van armoede. Die werklike uitdaging is om 'n strategie van groei wat produktiwiteit en die verligting van absolute armoede kombineer, te kies. (Wêreldbank 1980 p 14 )

Indien die klem net op die stimulering van die bruto binnelandse produk val, sal geleenthede waartydens korttermynvoordele tot die beskikking van die ekonomies minderontwikkeldes kom, nie ten volle benut kan word nie. Die oplossing van die ekonomies minderontwikkeldheid van minder-ontwikkelde lande:

> "........ involves (thus) the excision of the roots of fear and their replacement with a climate of security to afford a launching pad of hope and incentive for the individual and for the group, whatever its size, its tribal or colour affiliations and political weight "
>
> (In Development 1976 pp 30-32 ).

Die oplossing van die ekonomiese minderontwikkeldheid is dus meer as net "...a

/mere.........

mere shuffle on the international political chessboard" (Development 1976 pp 30-32.) Dit behels in die eerste plek goed geformuleerde doelwitte en leidende beginsels en ten tweede 'n sinvolle ontwikkelingsbeleid en -strategie wat nie gerig is op ongeïdentifiseerde massas nie, maar op die behoeftes van elke individu in sy onmiddellike huishouding en die totale gemeenskap.

In hierdie hoofstuk word dan juis na die ekonomiese- en ontwikkelingsdoelwitte sowel as die konflik en verenigbaarheid van die doelwitte gekyk.

## 4.2. EKONOMIESE DOELWITTE

Alhoewel die realisering van 'n hoë groeikoers 'n belangrike ekonomiese doelwit is, is dit slegs een van baie ekonomiese doelwitte. Daar kan hoofsaaklik vyf ekonomiese doelwitte onderskei word:

i Die handhawing van 'n hoë en stabiele vlak van indiensname wat gewoonlik as volle indiensname aangedui word;

ii 'n goeie verspreiding van inkomste met die oog op maksimum nasionale produksie;

iii die handhawing van 'n genoegsame beleggingskoers sodat die bestaande volume kapitaal bewaar word en uitbrei sodat die nywerheidswese in die internasionale sfeer doeltreffend sal kan meeding en die lewenstandaard van die bevolking tegelykertyd verhoog kan word;

iv die handhawing van 'n gunstige handelsbalans deur voldoende uitvoer om vir die invoer te betaal of om fondse vir buitelandse beleggings te voorsien; en

v die handhawing van 'n stabiele prysstruktuur in die binneland of om dit ten minste teen groot variasies te beskerm.

Dit is belangrik om nie hierdie doelwitte as waterdigte kompartemente te beskou nie, maar as interafhanklik wat soms aanvullend maar ook in konflik met mekaar kan wees. Hierdie doelwitte word vervolgens afsonderlik bespreek.

### 4.2.1 Indiensname

Met volle indiensname word eintlik 'n hoë en stabiele graad van indiensname

/bedoel.........

Laasgenoemde veronderstel egter nie indiensname in dieselfde onderneming of selfs nywerheidstak nie, aangesien die dinamika van die volkshuishouding dikwels verskuiwings deur veranderinge in die algemene vraag na produkte en dienste en dus ook in die produksieprosesse meebring. Dit vereis dat die produksieondernemings voortdurend by die veranderde vraag na produkte en dienste moet aanpas en daardeur 'n wisseling van indiensname bestaan.

Daar bestaan egter verskil van mening ten opsigte van die beskouing omtrent 'n toestand van volle indiensname. Persentasies wat wissel van 3-8% word aanvaar, dog teoreties word aanvaar dat enige persoon wat gewillig is om teen heersende loonskale te werk voldoende werksgeleenthede kan vind. Sodanige toestand word gewoonlik as sinoniem met die produksie van die optimum nasionale produk aanvaar. (Venter WJ 1980 p 3 )

### 4.2.2. Beter Verspreiding van Inkomste

Dit het 'n eksplisiete doelstelling van veral die fiskale beleid geword om 'n herverdeling van die inkomste in die volkshuishouding deur middel van belastings en oordraguitgawes teweeg te bring, sodat die uiterstes van armoede en rykdom uitgeskakel kan word. Dit veronderstel dat dit nie die doel is om absolute gelykheid van inkomste in die volkshuishouding te bewerkstellig nie. Daar is verskillende betrekkinge waar verantwoordelikhede en tydsduur van opleiding verskil, en dit verg verskillende loonpeile en dus ongelyke distribusie van die volksinkomste. Dit moet egter die doelstelling wees om die loonkoerse ekonomies regverdig te kry. (Venter WJ 1980 p 4 )

### 4.2.3 Handhawing van Voldoende Beleggingskoers

Enige gemeenskap is gebonde om 'n deel van sy lopende inkomste vir belegging te gebruik, indien sy lewenstandaard (in die vorm van die gebruik van produkte en dienste) in die toekoms verhoog wil word.

Om dit te vermag, moet die nasionale produksie verhoog word of deur groter produktiwiteit met bestaande kapitale toerusting of deur nuwe kapitaaltoerusting in die vorm van nuwe beleggings. Laasgenoemde is meer langtermyn van aard. Oor die korttermyn kan dit gedoen word deur internasionale lenings aan te gaan, of deur onewewigtigheid van die handelsbalans deur die invoer bo die uitvoer te laat toeneem. Dit kom op dieselfde neer as 'n buitelandse lening. Daardeur kan dan meer as die grootte van die nasionale produk verbruik of belê

/word.........

word. By terugbetaling van hierdie balans sal die skuldenaarsland beleggingskonsumpsie in elk geval moet besnoei en kom sodoende weer by die beleid van langtermyn verhoging van die lewenstandaard. (Venter WJ 1980 p 4)

### 4.2.4 Handhaaf van Stabiliteit met die Buiteland

Dit is nodig vir die owerheid om die binnelandse nywerhede sover moontlik aan te moedig om 'n verskeidenheid en kwaliteitprodukte te produseer. 'n Tweede stap is om omstandighede te skep wat hierdie verskeidenheid kwaliteitprodukte in die buiteland aantreklik sal maak. Vir die ontwikkeling van die binnelandse nywerheidspotensiaal word soms (afgesien van fiskale doelstellings) van doeaneheffings gebruik gemaak. Dit kan ook gebruik word om die binnelandse monetêre reserwes te versterk. Daar is in die moderne tyd 'n populêre geroep vir die afskaffing van doeaneheffings in die verkryging van ekonomiese welvaart, dog dit geld slegs gedeeltelik, want die belangrikste faktor wat ekonomiese fluktuasies tot gevolg het, is variasies in die koers van reële beleggings. (Hansen p 449 in Venter WJ 1980 p 5.)

### 4.2.5 Handhaaf van Stabiele Prysstruktuur

Die pryspeil is van besondere belang aangesien dit die effektiewe vraag van verbruikers beïnvloed. Dit het 'n direkte verband met indiensname van produksiefaktore. 'n Hoë en stabiele vlak van indiensname is slegs moontlik indien die peil van verbruiksbestedinge voldoende is om die nasionale produk by volle indiensname en met 'n spaarvolume identies aan die beleggingsvolume te absorbeer. Hierdie absorbsie van die nasionale produk kan slegs geskied indien die pryspeil dit vir die verbruiker moontlik maak om die volle hoeveelheid geproduseer te verbruik en dit vir die produsent moontlik maak om die volle hoeveelheid in volle indiensname van produksiefaktore te produseer.

### 4.2.6 Samevatting

Die bogenoemde vier doelstellings vat Sameulson (Sameulson PA 1958 p 337) saam in:

i Die uitskakeling van die sikliese skommelinge in die ekonomie en

ii 'n bydrae tot die handhawing van 'n progressiewe ekonomie waarin 'n hoë vlak van indiensname sonder enige groot inflasionêre en deflasionêre skommelinge gehandhaaf word.

/Hierdie.......

Hierdie twee doelstellings kan verwesenlik word sonder enige noemenswaardige verbetering van die ekonomiese onderontwikkeldheid van die grootste deel van die bevolking. Laasgenoemde voeg egter 'n tweede dimensie by. In resente tye moet daar veral op die aanwending van die resultate van ekonomiese groei tot die opheffing van ekonomiese minderontwikkeldheid gelet word.

Bogenoemde doelstellings moet dan op so 'n wyse geïmplimenteer word dat dit sosiale, ekonomiese en institusionele prosesse wat die bereiking van ekonomiese ontwikkeling verseker, kombineer. Dit sluit in:

i 'n Verhoging in die beskikbaarheid en 'n wyer distribusie van basiese lewensnoodsaaklike behoeftes waaronder voedsel, behuising, gesondheid en beskerming;

ii 'n verbetering in welvaart insluitende, as toevoeging tot verhoogde inkomste, die verskaffing van werksgeleenthede, verbeterde onderwys en groter aandag aan kulturele en humanitêre waardes. Hierdie verbeterings is op verbeterde materiële welvaart, verhoogde nasionale trots en eie waarde gemik en

iii 'n uitbreiding van die reeks van ekonomiese en sosiale keuses van individue en nasies deur laasgenoemde van beperkings en afhanklikheid van ander en omstandighede te verlos.
(Todaro MP 1977 p 98)

In die samestelling van bovermelde kombinasie moet daar deeglik op die bestaande verenigbaarheid en konflik tussen die onderskeie doelwitte gelet word.

## 4.3 KONFLIK EN VERENIGBAARHEID VAN DIE DOELWITTE

Doelwitte is nie waterdigte kompartemente nie, maar is interafhanklik wat soms aanvullend maar ook in konflik met mekaar kan wees. (Kyk 4.2) Dit is gewens om reeds in hierdie stadium kortliks na die moontlikheid van konflik te verwys, maar ook na moontlike verenigbaarheid.

### 4.3.1 Konflik in die Toepassing van Doelwitte

#### 4.3.1.1 Volle Indiensname

Ten eerste moet op die moontlikheid van konflik en verenigbaarheid van ekono-

/miese.........

miese ontwikkeling as doelwit en volle indiensname met 'n aanvaarbare stabiele pryspeil gelet word.
Daar moet gelet word in watter mate volle indiensname as doelwit nagestreef moet word. Daar sal tussen 'n meer buigbare doelwit van volle indiensname met vinnige langtermyngroei en gemaksimeerde indiensname met 'n kleiner groeikoers gekies moet word.

#### 4.3.1.2 Stabiele Pryspeile

Soortgelyke probleme ontstaan indien daar tussen stabiele pryspeile en ekonomiese ontwikkeling as doelwit gekies moet word. Volgens Meier en Baldwin kan 'n geleidelike stygende pryspeil meer bevorderlik vir ekonomiese ontwikkeling wees as 'n stabiele pryspeil. Aan die ander kant kan stygende pryspeile weer spekulasie aanmoedig wat langtermynontwikkeling negatief kan beïnvloed. (Meier en Baldwin 1957 p 450 ) Dit blyk dus te wees dat stabiele pryspeile 'n meer aanneemlike toestand vir snelle ekonomiese ontwikkeling is.

#### 4.3.1.3 Gelyke Distribusie van Inkomste

Daar is bepaalde verwantskappe tussen ekonomiese ontwikkeling as doelwit en die bereiking van 'n gelyke distribusie van inkomste en sosiale sekuriteit. Die koers van ontwikkeling kan die distribusie van inkomste op 'n botsende sowel as komplementêre wyse beïnvloed. Dit is veral die Marxiste wat die moontlikheid van konflik identifiseer. (Meier en Baldwin 1957 p 451 ) Volgens hulle veroorsaak snelle ontwikkeling 'n gaping tussen die werkende klas en die kapitalis. Dit vergroot klasseverskille. Maar in teenstelling beweer Schumpeter dat snelle ontwikkeling juis inkomstedistribusie kan bevorder aangesien dit die reële inkomste van groepe verhoog sodat elke groep 'n begeerte tot 'n hoër lewenstandaard koester. (Meier en Baldwin 1957 p 451 ) Laasgenoemde kan gerealiseer word sonder dat die inkomste van ander groepe moet daal.

#### 4.3.1.4 Effektiewe Verdeling van Bronne deur die Markmeganisme

Daar bestaan ook 'n interverwantskap tussen ekonomiese ontwikkeling as doelwit en die effektiewe verdeling van bronne via die markmeganisme. Volgens die klassieke- en neo-klassieke skool van denkers is volle indiensname 'n voorvereiste vir volledige mededinging en sal ontwikkeling deur monopolieë vertraag word.(Meier en Baldwin 1957 p 451 ) Hierdie groep word deur ander denkers geopponeer. Volgens Schumpeter is groot ondernemings juis in staat om massaproduksie te

/onderneem.........

onderneem, tegnologiese innovasies te maak, en groot kapitaalfondse te versamel wat snelle ekonomiese ontwikkeling oor die langtermyn aanmoedig. (Meier en Baldwin 1957 p 451 ) Tog erken hulle dat die genoemde onderneming wel aanleiding tot 'n relatiewe oneffektiewe verdeling van produksiefaktore kan gee. Die effektiewe verdeling van bronne word dan minder belangrik teenoor 'n snelle ontwikkelingstempo.

### 4.3.1.5 Internasionale Betrekkinge

Internasionale betrekkinge word deur die ontwikkelingstempo bëinvloed en vice-versa. Die invloed van kwantitatiewe en kwalitatiewe instrumente soos tariewe, kwota's en valutabeheer is duidelik. Daar bestaan uiteenlopende voor- en nadele in die gebruik hiervan in die stabilisering van internasionale handel. So byvoorbeeld is dit vir 'n ryker land makliker vanweë die bestaan van gevestigde nywerhede om beskermingsbeleide te laat vaar en kapitaal na ander lande uit te voer. Aan die ander kant kan 'n snelle ontwikkelingsproses deur die invoer van kapitaal betalingsbalansprobleme vir veral die stadig groeiende land skep.

## 4.3.2 Verenigbaarheid van Doelwitte

Soos uit bogenoemde blyk, bestaan sowel aanvullende as botsende interverwantskappe tussen die vyf gestelde doelwitte wat dit soms moeilik maak om almal gelyktydig te realiseer. Daar moet dus, afhangende van prioriteite, deurgaans 'n mate van kompromie vereis word.

Wanneer 'n beleid saamgestel word om slegs een doelwit te bereik, moet die invloed daarvan op ander doelwitte in ag geneem word. Dit geld vir alle doelwitte. Hierbenewens sal die aard van die ekonomieë van verskillende lande en gedurende verskillende tydsperiodes uiteenlopend wees, sodat die gestelde kompromie ook kan verskil.

Die genoemde interafhanklike doelwitte moet dan op so 'n wyse gekoördineer word dat dit gesamentlik die volgende kan bereik. (Parmer SL 1970pp 115-117 )

### 4.3.2.1 Selfontwikkeling

Hiermee word bedoel dat 'n land se besparing genoegsaam vir die nodige investering met 'n bevredigende groeikoers moet wees. Hierdie besparing kan ook uitvoer vir betaling van invoer wees. Hierdie doelwit omsluit nie net 'n aanvaar-

/bare.........

bare groeikoers nie, maar ook 'n gelyke verdeling van bronne en ekonomiese mag, asook 'n verbeterde verhouding tussen sosiale groepe met 'n groter mate van onafhanklikheid.

**4.3.2.2 Ekonomiese Groei**

Daar word in baie lande van die Derde Wêreld gevind dat 'n bevredigende groeikoers nie bevredigend bydra tot stabiliteit en welvaart van die nasie nie. Daar moet dus meer as net na statistiese bewyse van vordering gekyk word. (Parmer SL 1970 p 115 )

**4.3.2.3 Ekonomiese Geregtigheid**

Vanuit die Eerste (1960-1970) en Tweede (1970-1980) Ontwikkelingsdekade blyk duidelik dat internasionale hulp van ontwikkelde lande aan minder-ontwikkelde lande nie daarop gerig is om die laasgenoemde lande na 'n stadium van selfonderhoudendheid te lei nie. Dit kan aan die gebrek aan ekonomiese geregtigheid ten opsigte van beleide oor handel, investering en hulpverlening toegeskryf word. Dit bring mee dat ryk lande in isolasie voortgaan en die arm lande van die tegnologiese vooruitgang van ontwikkelde lande afgesonder word. Daar moet nie net op selfbelang gelet word nie, maar alle kragte moet ingespan word om 'n nuwe internasionale orde te ontwikkel, waar sosiale geregtigheid die strewe na eiebelang vervang. So 'n stap moet hoë prioriteit geniet omdat die beginsel van geregtigheid in binnelandse beleide op ekonomiese en politieke gronde gestel word, maar in die internasionale beleid agterweë gelaat word. Dit stel meestal as voorvereiste die wysiging van sosiale strukture van die gemeenskap.

**4.3.2.4 Regverdige Verdeling van die Nasionale Produk**

Beleidsmaatreëls wat daarop ingestel is om sosiale regverdigheid na te streef, sal vind dat dit makliker die ontevredenheid van die massa kan oorkom en om so van die ondersteuning van ontwikkelingsprogramme verseker te wees. Die gedagte van regverdige verdeling van die nasionale produk wat hier voorgestaan word moet nie verwar word met 'n welvaartstaat-benadering nie. Die beginsel van sosiale regverdigheid berus op die basiese reg van elke mens vir gelyke en menslike waardigheid.

**4.3.2.5 Sosiale Struktuurwysiging**

Indien die oorkoepelende doelwit gerealiseer wil word, naamlik sosiale geregtigheid,

/word.........

word dit 'n absolute voorvereiste om die sosiale strukture van die gemeenskap te wysig. Daar moet gepoog word om die bestaande eiendomsbesit posisie van sosiale klasse, grondgebruikstelsel ens. te wysig. Dit wil voorkom of dit eerder struktuurtoestande in plaas van tegniese toestande is wat vereis word. (Parmer SL 1970 p 117 ) Uit so 'n wysiging sal produksiefaktore ekonomiese groei realiseer mits die omstandighede gunstig is. Volgens Parmer:

> "..... development cannot take place without radical changes in economic and social relationships and diffusion of political power."
> (Parmer SL 1970 p 117 )

Veranderinge ter wille van veranderinge bied egter nie blywende oplossing nie. Die wysigings moet dus nie kontraproduktief inwerk op bestaande produktiewe produksiefaktore nie. Daar moet gepoog word om die onproduktiewe produksiefaktore in so 'n mate aan te wend dat die verkrygde produksie die bestaande produksie met 'n nettobalans oorskry.

## 4.4 SAMEVATTING

Die feit dat die ekonomiese en ontwikkelingsdoelwitte afsonderlik bespreek is, maak dit nou veel makliker om daardie elemente wat in die pad van die realisering van die gestelde ekonomiese- en ontwikkelingsdoelwitte staan, sinvol te identifiseer. Waar daar konflik bestaan, kan dit aan die genoemde samevattende doelwitte gemeet word.

oooooooooooooooooooo

## AFDELING B

## RAAMWERK VIR DIE OPLOSSING EN VERBREKING

## VAN DIE

## BOSE KRINGLOOP VAN ARMOEDE

HOOFSTUK 5

### INLEIDING

In Afdeling A is baie belangrike resultate bereik. In die eerste plek is die betekenis van die term ekonomiese ontwikkeling bespreek. Nie een van die uitgangspunte van die historiese beskouings (par 2.2) is aanvaarbaar nie. Dit dui wel op die onderskeie elemente wat in die sektorale beleidmaatreëls geïnkorporeer moet word. Die beskouing van Rostow (par 2.2.5.4) is meer aanneemlik en dien hier vermeld te word. Die beginsels van die faseteorie sal deurgaans by die stel van 'n beleidsraamwerk in gedagte gehou word. Die resente beskouings van die terme ekonomiese ontwikkeling (par 2.3 ) is meer 'n omvattende een.

Die gedagte dat ekonomiese ontwikkeling as ekonomiese verskynsel meer as net die verhoging van die graad van doeltreffendheid van aanwending van produksiefaktore is, word in hierdie studie as uitgangspunt aanvaar. Ekonomiese ontwikkeling word as 'n multidimensionele proses wat die veranderinge in strukture, benaderings en gewoontes, ekonomiese groei, meer gelyke verdeling van inkomste en uitwissing van armoede insluit, beskou. (p 26.)

Die tweede belangrike resultaat wat bereik is, is die aanduiding van die ekonomiese struktuur van minder-ontwikkelde lande. Aan die hand van die saamgestelde multidimensionele proses van ekonomiese ontwikkeling (par 2.3.3) is 'n sinoptiese

 /uiteensetting.........

uiteensetting van die ekonomiese strukture van minder-ontwikkelde lande aangebied. Alhoewel dit moeilik is om die elemente soos aangedui in par 2.3.3 te skei is daarin geslaag om deur middel van 'n feitlike uiteensetting verskillende dimensies van ekonomiese ontwikkeling aan te toon.

Die feitlike situasie moet nie net as waterdigte kompartemente behandel word nie. Om die rede was die verskillende elemente in die bose kringloop van armoede geïntegreerd behandel (par 3.4.3 ). Die studie van die bose kringloop van armoede toon dus die oorsake en gevolge van ekonomiese onderontwikkeldheid. Die resultate van die studie word in Figuur 3 voorgestel. Dit dien dan as basis vir die indeling van Afdeling B.

'n Derde belangrike resultaat wat bereik is, is die aanduiding van doelwitte en leidende beginsels. In ag genome die betekenis van die term ekonomiese ontwikkeling, word die doelwitte (par 4.3.2) selfontwikkeling, ekonomiese groei, ekonomiese geregtigheid, verdeling van nasionale produk en wysiging van sosiale strukture, aanvaar. Die beleidsraamwerk sal aan die hand van die onderskeie bydrae tot die realisering van die genoemde doelwitte, beoordeel word.

Met hierdie geïdentifiseerde beginsels as agtergrond, kan daar vervolgens in Afdeling B gelet word op die beleidsraamwerk wat ingestel kan word om die bose kringloop van armoede te verbreek.

Die basis van hierdie afdeling is die ses sub-kringlope van die bose kringloop van armoede (kyk par 3.4.3.3) as verklaring van ekonomiese onderontwikkeldheid. Die vraag ontstaan watter beleidsraamwerk vir 'n oplossing of verbreking van die bose kringloop geformuleer moet word. Die antwoord word sover moontlik binne die bestek van hierdie afdeling gesoek.

In hoofstuk 6 word die beleidsraamwerk vir die oplossing of verbreking van die eerste kringloop, naamlik menslike hulpbronne, ondersoek. In hierdie geval word bevolkingsbeplanning en die voorsiening van basiese behoeftes bespreek.

Hoofstuk 7 verduidelik sektorale ontwikkeling. Hier word gekyk na mannekragbenutting, landbouontwikkeling, nywerheidsontwikkeling, mynbouontwikkeling, handel- en dienstesektor-ontwikkeling en tegnologiese progressie. Beleidsraamwerk ter ververbetering van die vier produksiefaktore en tegnologie word kortliks bespreek.

Hoofstuk 8 gee aandag aan beleidsraamwerk vir die versnelling van kapitaalvorming.

/Hoofstuk 9.........

Hoofstuk 9 gaan verder en bespreek die beleidsraamwerk vir die versterking van die markmeganisme. Besondere aandag word aan algemene en spesifieke voorvereistes vir die versterking van die markmeganisme, gegee.

Die elemente van en maatreëls vir 'n ekonomiese beleid van binnelandse owerhede word in Hoofstuk 10 bespreek. In hierdie hoofstuk word 'n beleidsraamwerk wat 'n stabiele en funksionele binnelandse owerheid verseker, aanbeveel.

Hoofstuk 11 sluit af met maatreëls en elemente van 'n sinvolle beleid oor internasionale betrekkinge. Hierdie beleidsraamwerk poog om stabiele en funksionele internasionale betrekkinge te verseker.

oooooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 6

# MENSLIKE HULPBRONONTWIKKELING

## 6.1 INLEIDING

Volgens Mc Namara (RS 1974 p 27):

> " ........ the only criterion for measuring its (development) success or failure is what it does to enhance the lives of individual human beings."

Aangesien die komplekse ontwikkelingsproses om twee elemente wentel, naamlik die deelname van mense en die voorsiening van bronne, tegniese vaardighede en ander dienste, is dit essensieel dat mense se inisiatief, selfhelp en hulpvaardigheid aangemoedig en gemotiveer word om effektiwiteit te bevorder. (Strategy for development 1976 p 57 ) Vandaar die kritieke belangrikheid van menslike hulpbronontwikkeling as element van 'n totale beleid.

Menslike hulpbronontwikkeling berus op twee aspekte. Ten eerste die handhaaf van 'n aanvaarbare bevolkingsaanwas. Ten tweede berus menslike hulpbronontwikkeling op die voorsiening van basiese behoeftes.

In die eerste plek plaas toenemende bevolkingsgroei deurgaans groter druk op grondbronne en verstedeliking, met gepaardgaande daling in lewenstandaard, sodat 'n beperkte toename in die deel van die bevolking wat voorsien word met basiese dienste, ondervind word.

Die oplossing is tweeledig. Ten eerste vereis die toenemende bevolkingsgetalle, bevolkingsbeplanning. Volgens Todaro (MP 1977 p 192) kan die bevolkingsprobleem alleen opgelos word deur (a) die geboortekoerse en (b) sterftekoerse te manipuleer. Wat die geboortekoerse betref, moet gepoog word om die koers in te kort terwyl die sterftekoers vergroot moet word. Uit 'n sosiale en ekonomiese oogpunt is die laasgenoemde alternatief nie aanvaarbaar nie. Daar moet dus eerder gepoog word om die geboortekoers te beperk. Die mees voor die handlig-

/gende.........

gende oplossing sou waarskynlik wees om die geboortebeperkings in te stel.

Ten tweede moet in basiese behoeftes van die gemeenskappe voorsien word. Vanweë die ondoeltreffendheid van die eersgenoemde oplossing is dit meer gewens om op faktore soos inkomste en opleidingspeil te let, wat 'n negatiewe korrelasie met die bevolkingsaanwas het. (Todaro MP 1977 p 194 ) Die standpunt word gehuldig dat modernisasie

"......... brings a decline in fertility "
(Accelerated Development 1981 p 113 ).

Vervolgens word na 'n beleidsraamwerk vir die vermindering van bevolkingsgroei, wat bevolkingsbeplanning en tweedens die voorsiening van basiese behoeftes insluit, gekyk.

## 6.2 BEVOLKINGSBEPLANNING

Aangesien die makro-ekonomiese implikasies van die bevolkingsontploffing reeds ontleed is (kyk par 3.4.3.3 sowel as par 3.2.4 ) is dit die doel om hier groter duidelikheid oor beleidsaangeleenthede rakende die beplanning en kontrole van bevolkingsgroei te verkry. Die bevolkingsbeleid van minder-ontwikkelde lande moet in hooftrekke die volgende maatreëls in ag neem:

i Gesinsbeplanning is die reg van elke huisgesin. Sodanige dienste moet as 'n basiese doelwit van elke regering (gratis of teen lae koste) voorsien word.

ii Die onderrig van vroue moet aangemoedig word. Sodanige onderrig beperk kindersterftes en geleidelike kindergeboortes. (kyk par 7.1 )

iii Inligting rakende gesinsbeplanning moet binne elkeen se bereik geplaas word.

iv Beleidsaspekte moet geanaliseer word om sodoende die effek van toekomstige bevolkingsgroei op die basiese doelwitte, soos indiensname, geletterdheid, voedselvoorsiening en sekuriteit te beklemtoon.

v Finansiële hulp ter bestryding van koste wat deur huishoudings vir gesinsbeplanningsdoeleindes aangegaan word, moet gelewer word. Dit sal die

/druk.........

druk op die reeds lae inkomstegroepe verlig.

vi Aangesien geboortekoerse positief met die vlak van per capita inkomste verbandhou en negatief met die graad van verstedeliking en vlak van onderwys korreleer, (kyk par 2.1) kan verbeterde onderwys en industrialisasie bevolkingsgroei verminder. Sodanige wysigings moet in oorleg met die bestaande bevolkingstoestande geskied.

vii 'n Korrekte register om jaarlikse bevolkingsgroeikoerse te bepaal moet aangehou word.

viii Gesinsbeplanning moet subtiel hanteer word en ruimte in eie tradisies moet gelaat word.

ix Gesinsbeplanning en bykomstige maatreëls moet as 'n integrale deel van gemeenskapsontwikkeling toegepas word.

Bogenoemde kan tot 'n meer aanvaarbare bevolkingsgroeikoers bydra. Die bedoeling is nie om die bevolking drasties te verminder om ekonomiese ontwikkelingsdoelwitte te realiseer nie. Die voordele van 'n toename in bevolking moet nie uit die oog verloor word nie. Die voordele, soos die stimulering van investering, die bevordering van grootskaalse produksie, die groter mate van buigbaarheid in die ekonomie is oor die algemeen groter as die nadele naamlik, die groter vraag na hulpbronne en owerheidsdienste. (Kyk Meier en Baldwin 1959 p 518 )

## 6.3 VOORSIENING VAN BASIESE BEHOEFTES

### 6.3.1 Inleiding

Wat belangrik is vir volgehoue ontwikkeling is eerder

> "......... the maintenance of growth-oriented attitudes within the population " (Meier en Baldwin 1959 p 519 ).

Om hierdie algemene benadering deurgaans gunstig te hou, is dit noodsaaklik om die arbeidsproduktiwiteit te verhoog. Die uiteenlopende verskille betreffende arbeidsproduktiwiteit in ryk en arm lande is nie slegs as gevolg van verskille in benaderings jeens ekonomiese vooruitgang nie. Groter en meer gebalanseerde dieet, beter mediese dienste en hoë standaard van onderwys en vaardigheid ver-

/klaar........

klaar grootliks die hoër produktiwiteit in ontwikkelde ekonomieë. (Meier en Baldwin 1959 p 521 )

Bogenoemde benadering plaas dus groter klem op die doeltreffendheid van arbeiders. Hierdie benadering kan slegs slaag indien die private en openbare sektore die belangrikheid daarvan verstaan as 'n poging om die doeltreffendheid van arbeid te verhoog. Die noodsaaklikheid van die voorsiening van basiese behoeftes het in resente tye besondere aandag geniet. Hierdie besef het ontstaan vanweë die bestaan van 800 miljoen individue wat in die greep van armoede vasgevang is (vergelyk par 1.1) – 'n toestand wat deur wan- en ondervoeding, siektes, ongeletterdheid, lae lewensverwagting en hoë kindersterftes geskep word. Hierdie toestand bestaan ten spyte van die vlakke van ekonomiese groei wat minder-ontwikkelde lande die afgelope 25 jaar ondervind het.

Gesaghebbende instansies soos die Wêreldbank ondersteun hierdie nuwe besef. Die Wêreldbank beskou verhoogde produktiwiteit as die enigste oplossing vir die wegdoening van absolute armoede. Die enigste weg om absolute armoede permanent te elimineer, is deur verhoogde produktiwiteit. (World Bank Meeting Basic Needs 1980 p 2 )

Hierdie verhoogde produktiwiteit kan slegs bereik word indien masjinerie, grond en krediet deur verbeterde onderwys, gesondheidsdienste, voeding en behuising aangevul word. Vanweë die beperkte toegang tot sulke dienste word dit vir minder-ontwikkelde lande moeilik om uit die bose kringloop van armoede te ontsnap. Dit is dan belangrik dat ontwikkelingstrategieë ruimte vir suksesvolle ontwikkeling van menslike hulpbronne moet skep. Die belangrikheid hiervan word vergroot vanweë die feit dat arbeid die enigste bate van die minder-ontwikkelde mens is.

Teen hierdie agtergrond moet die gestelde beleidsraamwerk oor bevolkingsgroei so geïmplementeer word dat die bevolkingsgroei met die ontwikkeling van beskikbare hulpbronne verbandhou. Maatreëls gerig op die opheffing van die bestaande bevolking en natuurlike bevolkingsgroei word nie geïgnoreer nie. Beide gesinsbeplanningsmaatreëls en maatreëls gerig op die voorsiening van basiese behoeftes moet by die breë beleidsraamwerk ingesluit word, en die prioriteite aan die hand van elke afsonderlike toestand moet bepaal word. Laasgenoemde maatreëls word vervolgens bespreek.

/ 6.3.2 Elemente .........

### 6.3.2 Elemente van die Basiese Behoeftebeleid

Die volgende elemente van die basiese behoeftebeleid kan geïdentifiseer word.

#### 6.3.2.1 Doelwitte

i Die sogenaamde minimumbestaansvlak as langtermyn doelwit, moet vir die grootste deel van die gemeenskap as 'n aanvaarbare lewenspeil vasgestel word.

ii Hierdie "broodlyn" of "minimum lewenspeil" moet 'n bondige uitdrukking van die vlak van verbruik van sekere produkte en dienste wat 'n gesin in die vermoë plaas om 'n bestaan te voer waar hulle nie van basiese materiële benodighede ontneem word nie, wees.

iii Gedurende die bepaling van die minimum lewenspeil moet doelwitte in huisgesininkomste in die implementering van die bogenoemde doelwit aangedui word.

iv Aangesien die handhawing van 'n genoegsame inkomstevlak geen waarborg is dat huisgesinne die markgeleide behoeftes sal kan bevredig nie, moet essensiële benodigde produkte en dienste vrylik beskikbaar wees.

v Daar moet maklike toegang tot daardie produkte en dienste wat deur openbare instellings voorsien word, bestaan.

vi Doelwitte moet in terme van die verspreiding van essensiële produkte en dienste volgens relevante kriteria van gebied, afstand en dekking van verbruikers gestel word. As voorbeeld: afstand van naaste gesondheidsentra, of dokters per duisend van die bevolking.

vii Aangesien beide kwaliteite- en koste-implikasies mense kan trek na gebiede waar hoë kwaliteit bekombaar is of waar die koste met die persoonlike inkomste verband hou, moet beide kwaliteit en koste met die aanvaarbare lewenspeil van die gemeenskap verband hou.

viii Daar moet gelet word op hoe die doelwitte gestel word. Oor die algemeen moet die doelwitte so eenvoudig en verstaanbaar moontlik aan die algemene publiek oorgedra word.

ix Die doelwitte moet voorts toegang tot en gebruik van en uitset in plaas van inset, van basiese behoeftes beklemtoon.

x Die kern van die strategie gerig op die voorsiening van basiese behoeftes, moet bestaan uit maatreëls wat die inkomste van die teikengroep tot 'n spesifieke vlak oor 'n gegewe periode ophef.

xi Maatreëls wat getref word moet op die optimale gebruikmaking van instellings en metodes ter bevordering van wydverspreide deelname, desentralisasie en selfvertroue en verantwoordelikheid gerig wees.

**6.3.2.2. Metodes en Tegnieke by die Voorsiening van Basiese Behoeftes**

Die metodes en tegnieke van die strategie moet, indien dit bogenoemde twee kernbeginsels wil handhaaf (kyk 6.3.2.1. x en 6.3.2.1.xi ) die volgende in ag neem.

i Ten eerste moet 'n meer optimale benutting van menslike hulpbronne via produktiewe indiensname verkry word.

ii In stedelike gebiede moet die werksgeleenthede wat geskep word met die hoë graad van verstedeliking verband hou.

iii In die plattelandse gebiede word dit van absolute dringendheid dat werksgeleenthede gedurende slaptes in die landbousektor voorsien moet word.

iv Voorts moet daar sterk geleun word op indiensname-georiënteerde strategieë wat arbeidsintensiewe aktiwiteite stimuleer en wat gepaste tegnologie, infrastruktuur en produkte indiensneem.

v Waar nodig en moontlik, moet 'n sinvolle herverdeling van bates, veral grond, ten gunste van die teikengroep plaasvind.

vi Die aanwending van openbare en private fondse vir krediet, navorsing, opleiding en tegniese advies word vereis. Die fondse moet fokus op programme wat die produktiwiteit van produksiefaktore en die besit daarvan deur die teikengroep, verhoog.

vii Ander maatreëls soos inkomste-oordragte, minimum lone, pryskontrole en subsidies op basiese produkte en dienste moet oorweeg word met

/inagneming.........

inagneming van die negatiewe newe-effekte.

viii Deeglike voorsorg moet vir die verandering in die vraagskedule getref word wat met die maatreëls ter verhoging van die inkomste van die teikengroep verband hou.

ix Die identifikasie en stimulering van ondernemings, beide in die formele en informele sektore wat met die produksie van basiese produkte en dienste gemoeid is, moet plaasvind.

x As byvoeging tot die kritiese rol van binnelandse handel, moet buitelandse handel in die voorsiening van die produkte en dienste, by die beplanning van die basiese produksie en dienste geïnkorporeer word.

xi Voorts moet dit die begeertes van die openbare sektore wees om met behulp van gepaste instrumente die nodige vloei van investeringsfondse en ander insette na subsektore te stimuleer en om die knelpunte in die pad van snelle uitbreiding te elimineer en op te los.

xii Indien die openbare sektor die noodsaaklikheid van addisionele en nuwe produksie waarneem, moet dit die verantwoordelikheid aan die dag lê om sodanige produksie te onderneem en sodoende tekorte aanvul.

xiii Nogtans moet die owerheid eerder sy taak as die leweransier en inisieerder van gesondheids-, onderwys-, water-, behuising- en vervoerprogramme, sien.

xiv Indien deelname, desentralisasie en selfvertroue aangemoedig en bevorder wil word, is dit noodsaaklik dat instellings en prosesse met hierdie eienskappe geïdentifiseer, geskep en sistematies aangemoedig moet word.

xv Vrywillige selfhelpgroepe betrokke by 'n wye verskeidenheid gemeenskapsake en projekte kan noemenswaardige bydrae tot die mobilisering van bronne vir gemeenskaplike welsyn lewer, en moet die nodige ondersteuning van beide die openbare as die private sektore geniet.

xvi Alle openbare en private planne moet die tekortkominge in die basiese behoeftestruktuur aanvul, en die struktuur deur 'n saamgestelde pakket van maatreëls bevorder en nie deur 'n beperkte aantal ad hoc pogings

/nie.........

nie.



### 6.3.2.3 Voeding as Element van die Basiese Behoeftebeleid

Die voedingsdoelwitte hou met beide die gemiddelde verbruik van kalorieë per hoof sowel as spesifieke verminderings van ondervoeding van teikengroepe verband. Volgens Ghai (D 1981 p 32) kan die volgende maatreëls indien bogenoemde twee doelwitte bereik wil word, oorweeg word.

i Die volgende teikengroepe moet aandag geniet:

(a) Kleinhoewe-eienaars in lae-potensiaal gebiede;

(b) kleinhoewe-eienaars met klein eenhede in medium-potensiaal gebiede;

(c) vooruitstrewende kontantgewas kleinhoewe-eienaars wie nie genoegsaam voedsel verbou of verkoop nie;

(d) plattelandse salaris- en loonontvangers;

(e) diegene wat geen grond besit nie;

(f) veeboere;

(g) stedelike armoediges; en

(h) verwagtende vroue, jong kinders en senior burgers.

ii Aangesien wanvoeding ontstaan as gevolg van gebrekkige inkomste, moet dringende aandag aan huishoudingsproduksie, lae lone en onewewigtige in- en uitsetpryse geskenk word.

iii In gevalle waar inkomstebronne nie optimaal benut word nie, moet ongebalanseerde voedingspatrone in voedselproduksie, oormatige verkope van voedingswaardige voedsel, nie-proporsionele voedselaankope uit besteebare inkomste, die lae voedingswaarde van produkte aangekoop en die wanallokasie van bronne tussen kontant en voedselgewasse dringend aandag geniet.

iv Indien die nut van die voedselverbruik nie optimaal is nie, moet die verliese van voedingswaarde in die voorbereidingsproses, metodes van aanbieding, gewoontes in die gebruik van sekere voedsel en kinderversorgingsprobleme dringend aandag geniet.

v Indien daar gevind word dat die wanvoeding veroorsaak word deur gebrekkige inkomste as gevolg van gebrekkige produksie, moet die volgende beleidsmaatreëls oorweeg word:

(a) In die geval van kleinhoeweboere in lae-potensiaal gebiede moet navorsing oor die spesifieke probleme van droëlandboerdery

onderneem word, aandag geskenk word aan die moontlike uitbreiding van onderhoudsproduksie en selfs een of meer kontantgewasse, aanvullende watervoorsiening en kleinskaalbesproeiing geïnisieer word, en moet hongersnood verlig en vroegtydig geïdentifiseer word.

(b) In die geval van kleinhoeweboere in hoë- en medium-potensiaal gebiede en plattelandse loonontvangers, moet grond herverdeel word, grondbelasting oorweeg word en produksie van nie-vooruitstrewende boere gestimuleer word.

(c) In die geval van veeboere moet daar opnuut na die balans tussen boerdery en veeboerdery in marginale gebiede gekyk word.

vi Indien gevind word dat die oorsaak van wanvoeding in die gebrekkige inkomste as gevolg van lae lone geset el is, moet die volgende beleidsmaatreëls oorweeg word.

(a) By plattelandse loonontvangers buite die effektiewe werking van minimumloonwetgewing moet daar gepoog word om binne en buite seisoen werksgeleenthede te voorsien.

(b) By die armoedige stedelike inwoners moet gepoog word om markgeleenthede vir die informele sektor deur die verwydering van monopolistiese markvoorregte aan groot ondernemings te skep.

vii Indien by diagnose gevind word dat die besteebare inkomste nie optimaal benut word nie, moet landboubeamptes in voedingkundige aspekte opgelei word om sodoende 'n beter produksiemengsel toe te pas.

viii By sub-optimale benutting van voedselprodukte as gevolg van die lae voedingswaarde van aangekoopte produkte, word die volgende maatreëls voorgestel:

(a) Voedingkundige onderwys moet met landbouverbeteringsprogramme geïntegreer word.

(b) 'n Verbeterde bemarkingsbeleid word vereis.

(c) Hulp moet verleen word by die verspreiding van insette.

(d) Bemarking van gewasse moet op 'n georganiseerde basis plaasvind.

Die beleid vir die voorsiening van voedsel as basiese behoefteproduk behels dus 'n

/reoriëntasie.........

reoriëntasie van die landboustrategie. Minder aandag moet aan die uitvoer van kontantgewasse, groot plaaseenhede en vooruitstrewende kleinhoeweboere in hoë-potensiële areas geskenk word. Meer aandag aan voedselproduksie vir eie gebruik.

> "This shift, involving research, extension and other public services to agriculture, would be aimed at increasing food production for own consumption." (Ghai D op cit p 84.)

### 6.3.2.4 Behuising as Element van die Basiese Behoeftebeleid

Die doelwitte van behuisingsprogramme reflekteer normaalweg die verskille in die aard van behuisingstekortkominge tussen plattelandse en stedelike gebiede. In die plattelandse gebiede waar die tekortkoming eerder in die gebreke aan die struktuur as die aantal huise gesetel is, moet doelwitte grootliks op geskikte materiaal vir behuising konsentreer. Aan die ander kant weerspieël die stedelike behuisingsdoelwitte die tekortkominge in die aantal huise beskikbaar. Die volgende beleidsraamwerk vir die behuisingsprogram kan volgens Ghai (D op cit p 34) saamgestel word.

i Die teikengroep in die behuisingstrategie is hoofsaaklik armoedige stedelike inwoners.

ii Berámings van die behuisingsbehoefte is noodsaaklik. Ondersoeke moet geloods word om:

(a) Diegene wat geen behuising het nie, te bepaal;
(b) oorkonsentrasie van mense te identifiseer;
(c) onaanvaarbare behuisingstandaard te identifiseer; en
(d) deur middel van behuisingsgroeitendense toekomstige konsentrasie van bevolking te bepaal.

iii Berámings van die vraag na behuising word benodig. 'n Vergelykende studie tussen inkomste- en prystendense is hiervoor nodig.

iv Die gaping tussen die behoefte aan, en die effektiewe vraag na behuising moet geleidelik dog dringend uitgeskakel word. Die bepaalde omstandighede moet duidelik in ag geneem word alvorens besluit word om inkomste te verhoog of pryse van huise te verlaag.

v In die plattelandse gebiede moet die openbare sektor, vanweë die beperkte toegang en voorsiening van behuising, deurgaans poog om geskikte en

/ekonomiese........

ekonomiese huisstrukture aan te moedig. Die verhoging van inkomste moet as 'n effektiewe instrument in die plattelandse behuisingstrategie aangewend word.

vi Die verhoging van produktiwiteit en herverdeling van bates en inkomste sal positief tot geskikte behuising en voorsiening van ander behoeftes bydra.

vii Aksieprogramme gerig op die vermindering van huispryse is nodig, deur byvoorbeeld subsidies.

viii Aanpassing van standaarde van behuising by die behoefteomlyning van die grootste gedeelte van die gemeenskap moet ondersoek word.

ix Die verhoging van die aanbod van akkomodasie in die mark kan positief bydra om die stygende huur en huispryse in toom te hou.

x Ouer huise moet nie goedsmoeds gesloop word nie.

xi Huurbeheer is noodsaaklik, maar moet met administratiewe kapasiteite verband hou.

xii Waar nodig, dog uitsonderlik, moet oorweging aan programme geskenk word wat lae-koste behuising nie op die mark plaas nie, om sodoende te voorkom dat voordele diegene toekom wat nie aanvanklik deel van die teikengroep was nie.

### 6.3.2.5 Gesondheid as Element van die Basiese Behoeftebeleid

Die plattelandse gesondheidsdienste-ontwikkeling word as 'n projek in die basiese behoefte-aktiwiteite uitgesonder. Die doelwitte hier reflekteer die bestaande behoefte om die distribusie van dienste, gesondheidsdienste-instellings en personeel te bevorder. Sodoende word groter toegang tot hierdie fasiliteite verseker en word dit moontlik om gevaarlike siektes te voorkom. Die volgende breë beleidsraamwerk kan volgens Ghai (D op cit p 35) dien as maatstaf van programme gerig op die realisering van die bogenoemde doelwitte.

i Vanweë die lae inkomste en gebrekkige dieet van plattelandse inwoners moet hierdie groep as die teikengroep beskou word.

ii Gebrekkige fisiese fasiliteite moet aangevul word en meer toeganklik wees vir die teikengroep.

iii Voorrade, sanitasie, toerusting en vervoer moet aan die behoeftes voldoen en as sodanig beplan word.

iv Die gebrek aan administratiewe personeel, werksprosedures, leierskap en toesighoudende personeel benodig dringende aandag.

v Tekorte aan geskikte gekwalifiseerde personeel moet aangevul word. Oor die korttermyn moet personeel vanaf die stedelike sentra gelok word en oor die langtermyn groter aantal geskikte personeel opgelei word. Genoegsame lopende kapitaal en finansiering word in die verskaffing van mediese dienssentra vereis. Die toegang tot wentelkredietfasiliteite moet vergroot word.

vi Selfhelpgroepe moet sover moontlik aangemoedig word en hulle moet finansiële en wetlike ondersteuning ontvang.

vii Gesondheidsdienste moet nie verband hou met beskikbare koopkrag nie, maar eerder die bestaande behoeftes as basis neem.

viii Die beskikbare fondse van die ministerie van gesondheid moet tot so 'n vlak aangevul word dat behoeftegeoriënteerde beplanning kan geskied.

ix In gebiede waar genoegsame gesondheidsdienste deur middel van mobiele eenhede voorsien word, moet geen gesondheidsentra oorgeneem of gebou word deur die openbare sektor nie alvorens die totale plattelandse bevolking deur gesondheidsdienste bedien is nie.

x Voorts moet die kwaliteit van personeel voorkeur bo die kwantiteit geniet.

xi Nuwe werksbeskrywings van kategorieë soos plattelandse mediese assistent, gemeenskapsverpleegster, gesondheidsassistent en familie-welsyn-onderriggewer ens. word vereis.

xii Ten slotte moet nuwe spesifikasies van gesondheidsdienste, sub-sentra en apteke saamgestel word en moet die effektiwiteit van die funksies belangriker as die duursaamheid van die geboue wees.

/6.3.2.6 Onderwys..........

### 6.3.2.6 Onderwys en Opleiding as Element van die Basiese Behoeftebeleid

Die doelwitte vir onderwys en opleiding hou met die vlak van geregistreerde skoliere in verskillende onderriginstellings en met die plattelandse ongeletterdheid verband. Dit is dus op 'n universele, effektiewe en toeganklike onderwysstelsel gerig. Hierdie doelwitte kan volgens Ghai (D op cit p 36) sinvol binne die ondergenoemde beleidsraamwerk gerealiseer word.

i Die teikengroep moet uit diegene wat plattelandse primêre skole bywoon asook kinders van armoedige stedelike inwoners, bestaan. Wat volwasse onderwys aangaan, word die armoediges in beide die plattelandse as die stedelike gebiede ingesluit.

ii Om die kwantitatiewe gebreke te oorkom moet

(a) fasiliteite in gebiede voorsien word waar daar nog geen sodanige dienste bestaan nie;

(b) moet diegene met te lae inkomste om kinders op skool te hou aandag geniet en

(c) moet diegene wat nie hulle kinders skooltoe wil stuur nie, ernstig aangespreek word en waar nodig die nodige bystand verleen word.

iii Om die kwalitatiewe tekortkominge te oorkom, word dit noodsaaklik dat

(a) gebrekkige fondse aangevul moet word en

(b) alle moontlike hulpmiddele aangewend word om onderwysers aan te moedig om hul prestasies te verbeter.

iv Die skoolfooi-stelsel benodig dringende ondersoek om sodoende die ontmoedigende effek daarvan te kan elimineer. Dit bring mee dat gratis primêre onderwys vir ses tot sewe jaar nodig word. Post-primêre onderwys kan met fooie belas word, mits 'n vermoëtoetsbeurskema ingestel word en dus nie die lae inkomstegroepe uitsluit nie.

v Indien die kwaliteit van veral primêre onderwys verhoog moet word, bring dit dadelik die noodsaaklikheid van verbeterde opleiding van primêre onderrigpersoneel en moet groter fondse vir boeke, toerusting en ander fasiliteite beskikbaar wees. Daarmee saam moet 'n beter verdeling van fasiliteite gewaarborg word en moet die inspektoraat verbeter word.

/vi Voedingsprogramme.......

vi Voedingsprogramme moet tesame met bogenoemde ingespan word om die druipelinge in primêre onderwys te verlaag.

vii Om die volwasse onderwys te bevorder, moet:

(a) meer fondse vir die doel afgestaan word;

(b) meer fasiliteite binne die bereik van volwassenes wees;

(c) sillabusse wat die lae-status groepe sal motiveer en betrek by volwasse onderwys ontwikkel word; en

(d) die onderriggewers oor die vermoë beskik om die sillabusse te kan hanteer.

viii 'n Reoriëntasie oor die rol van onderwys in die basiese behoeftestrategie word vereis. Dit moet nie as 'n substituut vir programme gerig op die voorsiening van basiese behoeftes dien nie.

ix Verder moet loondifferensiasie tussen lae- en hoë onderwys en akademiese- en tegniese onderwys vergroot word.

x Indien die loon- en inkomstebeleid nie sistematies ingespan word om die differensiasie te manipuleer nie, sal dit onmoontlik wees om voldoende voorsiening van sekere onderwysfasiliteite en die grootskaalse vergroting van registrasie van skoliere te bewerkstellig.

### 6.3.2.7 Water en Sanitasie as Element van die Basiese Behoeftebeleid

Die doelwitte vir watervoorsiening en 'n verskeidenheid ander infrastruktuurdienste word volgens die behoefte vir toegang tot die fasiliteite geformuleer. Die term genoegsaamheid word gedefinieer in terme van afstande van minder as twee kilometer van dienspunte af. As byvoeging word die doelwitte ook geformuleer volgens die aantal plattelandse kleinhoeweboere wat een of ander vorm van water vir besproeiing op sy boerderyeenheid het. Die volgende beleidsraamwerk kan volgens Ghai (D op cit p 37) saamgestel word.

i Die teikengroep moet bestaan uit armoedige kleinhoeweboere; plattelandse loontrekkers en diegene wat in hoë-potensiaal gebiede geen grond besit nie; kleinhoeweboere in lae-potensiaal gebiede en veeboere.

ii Produktiwiteit en lae inkomste moet by die totale watervoorsieningstrategie geïntegreer word.

/iii Gesubsidieerde.......

iii Gesubsidieerde gemeenskaplike waterpunte moet voorsien word.

## 6.4. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk was twee moontlike oplossings vir die toenemende bevolkingsgroei aangebied. Ten eerste is maatreëls voorgestel waarmee geboorte- en sterftekoerse gemanipuleer kan word. Groot klem is op sowel die positiewe as die negatiewe aspek van 'n hoë bevolkingsgroei geplaas. Die slotsom was dat dit nie die bedoeling is om die bevolking drasties te verminder om sodoende ekonomiese ontwikkelings-doelwitte te realiseer nie. Daar moet deurentyd ook op die voordele van 'n toename in bevolking ag geslaan word. Indien die bestaande bevolkingsgroei aangepas moet word, moet dit met die grootste omsigtigheid gedoen word. Dit moet aangepak word met die wete dat gesinsbeplanning elke huishouding se eie keuse is.

Ten tweede is maatreëls wat ingestel is op die verhoging van arbeidsdoeltreffendheid voorgestel. Die element van die basiese behoeftebeleid is onderskei. Aandag is aan die doelwitte van die beleid, metodes en tegnieke, voeding, behuising, gesondheid, onderwys en opleiding en water en sanitasie geskenk. Die maatreëls wat aanbeveel word moet sinvol ontwerp en toegepas word. Dit moet op so 'n wyse geskied dat die inkomste van die teikengroep tot 'n spesifieke vlak oor 'n gegewe periode opgehef kan word.

Die genoemde maatreëls is ingestel op die vermindering van die bevolkingsaanwaskoerse. Indien hierdie maatreëls geslaagd sal wees beteken dit dat die bevolkingsaanwas onder aanvaarbare koerse nog steeds 'n groot druk as gevolg van die hoë afhanklikheidslas op bestaande produksiefaktore sal plaas. Hoe dit ookal sy, die enigste moontlike uitweg is om die beskikbare produksiefaktore so doeltreffend moontlik aan te wend. Die probleme wat hiermee gepaard gaan is in par 3.4.3.3 as een van die sub-kringlope geïdentifiseer. Laat ons vervolgens op daardie maatreëls wat ingestel is op die beter benutting van bronne, konsentreer.

oooooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 7

# BELEIDSRAAMWERK VIR SEKTORALE ONTWIKKELING

## 7.1 INLEIDING

Telkemale word 'n geroep soos die van Asborn, (kyk Meier and Baldwin 1957 p 517) oor die skaars hulpbronne wat die ontwikkelingstempo sal vertraag , gehoor. Hieroor bestaan daar verskillende uitgangspunte, wat wissel ten opsigte van die graad van pessimisme.

Osborn sien dit as daardie ander stille wêreldoorlog. Volgens Osborn sal die huidige toedrag van sake, indien dit bly voort bestaan, lei tot wydverspreide armoede.

Dit bedreig selfs die mens se mate van oorlewing. (Osborn F 1948 **Our Plundered Planet** in Meier and Baldwin 1957 p 517 )

Tog bestaan daar by sommige soos Mathery (Mathery KF 1944 **Enough and to Spare** in Meier and Baldwin 1957 p 517) nog wel optimisme. Volgens Mathery bestaan daar nie 'n moontlikheid dat die werklik belangrike grondstowwe vir die wêreld as 'n geheel uitgewerk kan word nie. Volgens hom is die aarde met veel groter voorraad bedeeld as wat tans benut word.

Hierdie laaste standpunt word deur die Wêreldbank ondersteun. Die grootste probleem in ekonomies onder-ontwikkelde gebiede is nie die tekort aan bronne nie, maar eerder 'n wanaanwending van bestaande bronne. Die Wêreldbank beklemtoon dit duidelik dat sektorale en landelike studies telkemale aantoon dat die grootste proleem nie die aanbod as sulks is nie, maar eerder die wanaanwending daarvan. (World Bank, **Meeting basic needs** p 10 )

Dit kom daarop neer dat 'n beter aanwending van bestaande bronne die produk-

/tiwiteit.........

tiwiteit van die gemeenskap sal verhoog en sodoende ekonomiese ontwikkeling moontlik maak.

Daarom is die enigste moontlike uitweg dat daar vanuit 'n beleidsoogpunt gekonsentreer moet word om die beskikbare produksiefaktore so doeltreffend moontlik aan te wend. (Negende E O P van Suid-Afrika 1979 p 16 )

Met bogenoemde as agtergrond kan 'n beleidsraamwerk nou saamgestel word, wat die geleenthede skep om 'n beter benutting van bronne te realiseer. Eerstens word gekyk na mannekragbenutting as 'n beter metode om arbeid en entrepreneurskap by ontwikkeling te betrek.

Tweedens word die ontwikkeling van die landbou- en mynbousektor as metode vir beter grondbenutting ondersoek. Derdens word aandag gevestig op nywerheidsontwikkeling en die ontwikkeling van die handel- en dienstesektor, om kapitaal beter te betrek. Laastens word gelet op tegnologiese vernuwing as metode om 'n "vyfde produksiefaktor", naamlik tegnologie, by ekonomiese ontwikkeling te betrek.

Die genoemde veranderlikes word op 'n geïntegreerde wyse in die ontwikkelingsproses betrek en kan om die rede nie in afsonderlike kompartemente ontwikkel word nie. Die bespreking word slegs om analitiese redes afsonderlik bespreek.

## 7.2 MANNEKRAGBENUTTING

### 7.2.1 Beleidsraamwerk vir die Beter Benutting van Beskikbare en Potensiële Mannekrag

Beleidsmaatreëls vir die skepping van volle indiensname, gaan hand aan hand met die makro-ekonomiese beleidsmaatreëls, plattelandse sektorontwikkeling sosiale beleidsmaatreëls en maatreëls wat die deelname van georganiseerde groepe bevorder. (Vergelyk World Bank 1975. **The Assault on World Poverty. Problems of Rural Development Education and Health.** London, John Hopkins University Press p 25 ) Vanwëe bostaande interafhanklikheid moet die beleidsraamwerk wat aanbeveel word van so 'n aard en omvang wees dat ander aspekte met 'n noue verbintenis aan mannekrag geïnkorporeer word om sodoende 'n geïntegreerde mannekragstrategie daar te stel. Die Wêreldbank (vergelyk **The Assault on World Poverty. Problems of Rural Development, Education and Health** 1975 p 25 en pp 276-388 en **Accelerated Development in Sub-Saharan**

/Africa.........

**Africa - an Agenda for Action 1981 pp 81-89) doen die volgende aan die hand.**

**7.2.1.1. Volle Indiensname**

i Lande moet besondere klem op die skepping van volle indiensname plaas om sodoende die groeiende arbeidsmag te huisves.

ii Spesifieke doelwitte moet vir die progressiewe vermindering van werkloosheid en onder-indiensname uitgestippel word. Spesiale aandag moet aan werwing, werksorganisasies, werkstoestande en werksinhoud geskenk word.

iii Wanneer projekte geselekteer en gewaardeer word, moet daar besondere klem op aspekte soos indiensname en inkomsteverdeling geplaas word.

**7.2.1.2 Loonbeleid**

Die loonbeleid moet van so 'n aard wees dat:

i 'n Minimum lewenspeil gehandhaaf kan word.

ii Die reële lone van werkers en reële inkomste van diegene wat self in diens geneem is, beskerm en progressief toeneem.

iii Die loonkoerse gelyk is en sosiale produktiwiteit in ag neem.

iv Enige anti-inflasionêre inkomste- en prysbeleid wat ingestel word, bogenoemde doelwitte in ag neem.

**7.2.1.3 Vroue, Jeugdiges en Ander**

Vroue moet meer in die ekonomiese en burgerlike lewe van elke land geïntegreer word. Dit kan bereik word deur:

i Die uitwissing van enige soort diskriminasie vir sover dit die reg om te werk, indiensname, opleiding, bevordering en toegang tot geskoolde beroepe aangaan.

/ii Meer.........

ii Meer gunstige werkstoestande te verseker. Sodoende kan vroue hul tweeledige funksie vervul.

iii Die werklas en sloofwerk van vroue deur verbeterde werks- en lewenstandaarde te verlig.

iv In die implementering van die indiensnamestrategie diskriminasie tussen jeugdiges, oues van dae en kreupeles te beperk. Dieselfde toegang tot fasiliteite moet bestaan.

### 7.2.1.4 Werkersorganisasies

Regerings moet poog om werkersorganisasies, handelsunies, plattelandse werkers- en produsenteorganisasies by die besluitnemingsproses en implementeringsprosedures te betrek.

### 7.2.1.5 Skepping van Gebalanseerde Strukture tussen Plattelandse en Stedelike Gebiede

Die skepping van 'n gebalanseerde ekonomiese struktuur tussen plattelandse en stedelike gebiede moet die hoogste prioriteit geniet. Die indiensnamestrategie moet op die volgende let:

i Plattelandse sektorontwikkeling op 'n geïntegreerde wyse te doen.

ii Kleinskaalse nywerhede moet in die plattelandse gebiede versprei word.

iii Sosiale investering moet op die verhoging van inkomste in plattelandse gebiede gerig wees.

iv Kleinskaal-arbeidintensiewe nywerhede aan te moedig. Metodes om hierdie kleinskaal-arbeidintensiewe nywerhede te vestig moet sterk leun op:

(a) direkte owerheid-investering en aansporings; en

(b) indirek op inkomsteverdeling ten gunste van lae-inkomste groepe wie se bestedingspatroon bestaan uit verbruikersprodukte wat minder invoerintensief en meer arbeidsintensief is.

/7.2.1.6 Faktorpryse......

**7.2.1.6 Faktorpryse**

Die beperking van verwronge faktorpryse moet hoë voorrang geniet. Dit kan geskied deur:

i Die beperking van subsidie op kapitaal.

ii Die groei in stedelike loonkoerse aan bande te lê.

iii Die outomatiese regstelling van die prysstruktuur met fiskale- en monetêre beleidsinstrumente aan te vul.

**7.2.1.7 Arbeidsintensiewe Tegnologie**

Gepaste arbeidsintensiewe tegnologie moet toegepas word. Alle moontlike maatreëls moet getref word om te verseker dat inheemse tegnologiese navorsing onderneem en aangepas word by die potensiaal van minder-ontwikkelde lande. Sulke pogings moet verband hou met die ontwikkeling van kleinskaalse arbeidsintensiewe nywerhede sowel as lae-koste arbeidsintensiewe metodes om plattelandse infrastruktuurbehoeftes te bevredig.

**7.2.1.8 Behoeftes aan Bepaalde Opleiding**

i Daar moet toegesien word dat die onderwys en opleiding van arbeiders verband hou met die behoefte aan bepaalde soorte opgeleide of halfgeskoolde arbeiders. Aangesien die groeikoerse van werksgeleenthede vir opgeleide arbeiders vinniger as die groeikoers in die aanbod van opgeleide arbeiders styg, word dit noodsaaklik om die skolastiese tydperke te verleng.

ii Besondere klem moet nie net op die kwantiteit van mannekrag geplaas word nie, maar ook op die kwalitatiewe aard van die arbeidsmag. 'n Verskeidenheid van faktore beïnvloed die kwaliteit van die beskikbare sowel as die potensiële mannekrag. Aangesien die invloede, hetsy positief of negatief, kan verskil moet die doel van die beleid wees om daardie faktore met die grootste invloed op die ontwikkelingsproses, te wysig. (Vergelyk Morgan T 1975 p 159 ) Owerhede moet dus wanneer hulle die belangrikheid van die faktore wat inwerk op hul arbeidswette bepaal, hul eie spesifieke situasie deeglik in ag neem. Owerhede moet let op

/die.........

die wyses hoe die volgende lys van faktore op hul arbeidsinsette inwerk en hul maatreëls ooreenkomstig bepaal. Morgan (Morgan T **Economic Development Concept and Strategy** 1975 pp 155-157) onderskei tussen die volgende ekonomiese en nie-ekonomiese faktore wat die kwaliteit van arbeidsinsette beïnvloed.

**7.2.1.8.1** Ekonomiese Faktore

**7.2.1.8.1.1** Arbeid

i Beskikbare voedsel vir verbruik.
ii Aard van behuising
iii Sanitêre dienste
iv Mediese hulp: fasiliteite beskikbaar; distribusie van personeel en fasiliteite.
v Tradisionele opleidingspatrone.
vi Formele onderwys: vlak van geletterdheid en aard van onderwys.
vii Ontspanningspatroon.
viii Die vorming van doelwitte van die jeug: status, inkomste, werksgeleenthede dien as voorvereiste vir welvaart.
ix Moraal en gees van samewerking: die motivering tot verhoogde welvaart.
x Verdeling van werksgeleenthede.
xi Verdeling van inkomste.
xii Hoeveelheid werk wat deelnamekoers verteenwoordig.
xiii Aantal vakansiedae as beperkende invloed op produksie
xiv Balans tussen werk en vryetyd.
xv Die verhouding tussen arbeid en ander insette.
xvi Die allokasie van arbeid: Dit sluit arbeidsmobiliteit en diskriminasie in.

**7.2.1.8.1.2** Kapitaal

i Kwantiteit van kapitaal beskikbaar: Marginale spaargeneigdheid en ander invloede op spare.
ii Kwaliteit van kapitaal: vlak van tegnologie en aanpasbaarheid.
iii Tipe kapitaal: Direkte produktiewe kapitaal of sosiale oorhoofse kapitaal.
iv Koers van depressie in verskillende aanwendings.
v Onderbenutting van kapitaal.

**7.2.1.8.1.3** Entrepreneur- en Bestuurskap

i Entrepreneurskap: Kwantiteit beskikbaar, vaardighede soos produksie-

/vaardighede.........

vaardighede, markkennis en aanvaarding van risiko.

ii Ekonomiese en sosiale aansporings wat met entrepreneurskap verband hou.

iii Middel-bestuurspersoneel, kwaliteit en kwantiteit beskikbaar, inkomste en status.

7.2.1.8.1.4 Natuurlike Hulpbronne en Verspreiding

i Klimaat: temperatuur, vogtigheid en reënval.

ii Grondtipe: Topografie vrugbaarheid en minerale voorkoms.

iii Verspreiding: toegang tot handelsroetes en markte.

7.2.1.8.2 <u>Nie-ekonomiese Faktore</u>

7.2.1.8.2.1 Houding en Gesindheid

i Sosiale status van praktiese handewerk in vergelyking met kantoor- en professionele werk. Respek vir ekonomiese en handelsprestasies in vergelyking met artistiese, politieke, militêre en religieuse prestasies.

ii Interne behoefte tot prestasie.

iii Sosiale patroon van verantwoordelikheid, vertroue en integriteit.

iv Sosiale gewoontes teenoor stiptelikheid.

v Gewoontes en benadering jeens sekuriteit.

vi Ideologiese en konvensionele benadering tot sosiale versus private eiendom.

vii Mate van stam, taal en kleurvooroordele.

viii Grootte van die gesin.

7.2.1.8.2.2 Instellings

i Wyse waarop die owerheid vir die bereiking van ekonomiese en sosiale doelwitte georganiseer word.

ii Die struktuur en genoegsaamheid van die onderwysstelsel.

iii Die wetlike stelsel.

iv Grondbesitstelsel.

v Familiestrukture.

vi Ekonomiese en sosiale klassestrukture.

vii Inligtingstelsel.

7.2.1.8.2.3 Beleidseienskappe van die Gemeenskap

/i Voortdurende.........

i Voortdurende wysigings in owerheidsadministrasie en -beleide.
ii Eksterne betrekkinge. Is daar 'n gemaklike vloei tussen grense.
iii Interne kontrole van owerhede: algemene strengheid en kontrole.
iv Mate van samewerking om basiese doelwitte te bereik.
v Mate van korrupsie en oneffektiwiteit wat verwag kan word.

### 7.2.2. Komponente van 'n Geïntegreerde Mannekrag-beleid

Uit voorgaande bespreking word vervolgens gepoog om die elemente vir 'n geïntegreerde mannekragbeleid puntsgewys aan te dui. (Uppal JS (red) 1972 p 220.)

#### 7.2.2.1 Mannekragvooruitskatting

i Die projeksies moet die verskillende elemente van die mannekragbeleid aan die fundamentele ekonomiese doelwitte van elke land verbind.

ii Om die projeksies 'n effektiewe geïntegreerde element te maak, moet dit tot 'n wederkerige vloei van inligting tussen verskillende groepe van beleidsmakers lei.

iii Die projeksies moet as rugsteun van die mannekragbeleid en nie as die totale beleid gesien word nie.

iv Die projeksies moet van so 'n aard en omvang wees dat die invloede van alternatiewe beleidsmaatreëls op elke komponent van die mannekrag bepaal kan word. Om in hierdie doel te slaag moet die organisasie en vorms van mannekragprojeksies buigsaam wees en moet terugkoppeling tussen die mannekrag-komponente versigtig onderhou word.

v Om toe te sien dat projeksies die geïntegreerde aard daarvan handhaaf, moet dit periodiek hersien word om nuwe inligting op te neem.

vi Selfs as projeksies nog van primitiewe aard is, moet dit sover moontlik vir rekenaarprogrammering gesistematiseer word. Dit sal sensitiwiteits-analise en snelle wysigings moontlik maak.

#### 7.2.2.2 Onderwysbeplanning

i Die samestelling van formele onderwysinstellings en hul studente moet so

/wees.........

wees dat die ekonomie dit kan absorbeer en benut om sodoende die maksimum sosiale en ekonomiese doelwitte met die minimum koste te bereik.

ii In die geval van die struktuur van verskillende onderwysvlakke kan die volgende reëls aanbeveel word:

(a) Primêre skoolverlaters moet aangewend word in betrekkinge waarvoor hul vaardigheid geskik is en ruimte vir die verbetering van vaardighede deur informele of indiensopleiding en ervaring bied;

(b) grootskaalse aanslag moet op die groot druip- en verlatingsyfer geloods word, aangesien dit die potensiaal van die arbeidsmag verlaag;

(c) in die geval van middel-vlak mannekrag moet samewerking tussen arbeidsmark- en onderwysspesialiste bewerkstellig word om sodoende 'n sinvolle en verenigde benadering jeens beroepsonderwys daar te stel;

(d) op hoëvlak onderwys moet teen die inwerkingstelling van instellings nou verwant aan meer gevorderde lande wat kontraproduktief inwerk, gewaak word;

(e) 'n sinvolle verdeling van studente tussen die spektrum van dissiplines moet bewerkstellig word;

(f) die wyses waarop studente beïnvloed word om die regte dissiplines te neem moet dringend aandag geniet;

(g) 'n behoorlik gebalanseerde verspreiding van dissiplines tussen verskillende vlakke van onderwys moet voorsien word.

(h) die rol van kurrikulums en eksamenprosedures in die beïnvloeding van keuses tussen dissiplines moet erken word; en

(i) om 'n meer sinvolle kurrikulum te ontwikkel moet kanale geskep word waardeur inligting vanaf die arbeidsmark na die onderwysbeplanners kan vloei.

iii In die geval van onderwysvoorsiening kan die volgende aanbeveel word:

(a) Vir maklike opgradering en uitbreiding van die onderwysberoep moet die salarisse onafhanklik van die staatsdiens bepaal word; en

(b) die behoeftes aan geëkspatrieerde onderwysers moet bepaal word en 'n toepaslike werwingstelsel moet ontwikkel word.

/iv insoverre.........

iv Insoverre dit funksies, koste en doeltreffendheid aangaan, kan die volgende aanbeveel word:

(a) 'n Gebalanseerde onderwysbegroting moet saamgestel word;

(b) die oordrewe beklemtoning van primêre onderwys moet plek vir 'n meer gebalanseerde onderwysontwikkeling maak;

(c) grootskaalse besparings moet deur meer versigtige infrastruktuurbeplanning geïnisieer word;

(d) 'n deurdagte toedeling van bronne tussen mannekrag en ontwikkelingsinvestering deur betroubare data oor kostefaktore van onderwys. Sodanige studie vereis dringende aandag indien bronne optimaal toegedeel wil word.

### 7.2.2.3 Arbeidsmarkbeplanning

i Vir die toedeling van mannekrag word die volgende aanbeveel:

(a) Die salaris- en loonstruktuur moet tot 'n beter toedeling van mannekrag bydra; en

(b) die meganisme waardeur skoolverlaters in die arbeidsmark opgeneem word, moet nagevors word. Dit sluit in studies wat aantoon hoe mannekrag in private en openbare sektore benut word.

ii Vir opleiding word die volgende aanbeveel:

(a) Beter bronne en verspreiding van beroepsonderrig behoort ontwikkel te word;

(b) 'n duidelike loopbaanstruktuur moet ontwikkel word;

(c) die opleiding in die private sektor moet verstewig word;

(d) deur 'n beter samewerking tussen die arbeidsmark, beleidsformuleerders en ontwikkelingsbeplanners te verkry kan daartoe bydra dat buitelandse ondernemings aangemoedig word om opleiding as deel van hul projekte te beskou;

(e) oordragbetalings en belastingtoegewings moet in 'n sinvolle verband aangewend word om opleiding aan te moedig; en

(f) indiensopleiding van openbare sektore moet beskou word as 'n geïntegreerde element van sinvolle mannekragbeplanning.

iii Vir die arbeidsmark-organisasie kan die volgende aanbeveel word:

(a) Alhoewel die organisasie outomaties ontwikkel, moet die ont-

/wikkeling.........

wikkeling daarvan noukeurig ontleed en die skepping van instellings beplan word;

(b) voorts moet vakbonde aangemoedig word om die belange van beroepsonderwys op die hart te dra, maar met die minste moontlike nywerheidskonflik;

(c) verder moet vakbondleiers by geïntegreerde mannekragbeplanning betrek word;

(d) aan die kant van werkgewers moet kleinsakebestuurders oor beroepsonderwys-ontwikkelinge ingelig word; en

(e) ten slotte is dit belangrik dat arbeidsmarkbeplanning nie in isolasie met onderwys- of ontwikkelingsbeplanning geskied nie.

## 7.3 LANDBOUONTWIKKELING

### 7.3.1 Landbou as Basis vir Sosio-ekonomiese Ontwikkeling

Namate ontwikkeling voortgaan neem die aandeel van landbou in die ekonomie stadig af.[1] In resente tye word die belangrikheid van landbou meer en meer erken. Volgens die Verenige Volke Organisasie (1973 p 8) reflekteer die toenemende belangstelling in landbou nie net die behoeftes aan groter voedsel- en ru-materiaal produksie nie,maar ook die toenemende belangrikheid van die plattelandse bevolking.

Die groterwordende plattelandse-stedelike migrasie maak dit noodsaaklik dat meer aandag aan die vermoë en potensiaal van die plattelandse ekonomie bestee word om die stygende aantal werksoekers te absorbeer. In hierdie verband vervul landbou-ontwikkeling 'n onmiskenbare rol. Vandaar die belangrikheid van die beleidsmaatreëls vir hierdie sektor.

### 7.3.2 Beleidsraamwerk vir Landbou-ontwikkeling

Die Wêreldbank (1975 pp 28-32 108-138) doen die volgende aan die hand:

#### 7.3.2.1 Sterk Gemotiveerde Benadering deur Owerhede

---

1 Vanweë die hoër toegevoegde waarde van produksie- en diensteseektore.

/i 'n Sterk.........

i 'n Sterk gemotiveerde benadering deur die owerheid in landelike ontwikkeling is nodig om probleme effektief en op 'n breë basis te bekamp.

ii Owerhede moet bereid wees om op projekvlak te eksperimenteer.

iii Die antagonisme dat landelike ontwikkeling tegnies moeilik en ekonomies kontraproduktief is, moet finaal deur die owerhede die nek ingeslaan word.

iv Die keuses van metodes en die tydsperiodes waartydens dit aangewend word, moet van so 'n aard wees dat dit sosiale, kulturele en politieke faktore sowel as tegniese faktore reflekteer.

v Voorts moet nasionale beleidsmaatreëls rakende landbou- en landelike ontwikkeling, nie inkonsekwent wees nie.

7.3.2.2. **Prysbeleid**

i Die in- en uitsetpryse van landbouproduksie en die ruilvoet tussen landbou en ander sektore van die ekonomie moet van so 'n aard wees dat dit groei en ontwikkeling in die plattelandse gebiede sal stimuleer.

ii Die prysbeleid van owerhede moet nie teen ontwikkeling en besonderlik landbouproduksie diskrimineer nie.

iii Die prysbeleid moet toesien dat landbouproduksie insetpryse nie relatief vinniger styg as landbou-uitsetpryse nie. Dit maak landbou oneffektief en hoogs riskant.

iv Waar die prysbeleid op dalende landbou-uitsetpryse ter wille van ontwikkeling gerig is, moet die subsidiebeleid die newe-effekte soos die versteurings wat in die ekonomie veroorsaak word, die koste van implementering en die toeganklikheid wat beperk word, deeglik in ag neem. Oor die algemeen is dit beter om minimum insetpryse te waarborg as om insetpryse te subsidieer.

v Voorts moet spesifieke insette gesubsidieer word om sodoende 'n bepaalde tegnologie geïmplementeer te kry, as om 'n algemene subsidiestelsel te implementeer.

/ 7.3.2.3. Fiskale.........

### 7.3.2.3. Fiskale Beleid

i Die fiskale beleid moet konsekwent in sy benadering wees.

ii 'n Goed berekende belastingstelsel op grond kan gebruik word om grond vir openbare doelwitte te verkry, sonder om aansporingsmaatreëls vir landbouproduksie te vernietig.

iii 'n Heffing op openbare dienste moet ingestel word. Dit moet progressief wees om sodoende die laer inkomste-groepe te subsidieer.

### 7.3.2.4 Grondbesit

i Aangesien die welvaart van die laer inkomste-groepe grootliks van die grond wat hul beheer en die uitset daarvan afhang, moet grondbesit en benutting dringend aandag kry.

ii Grondbesit en benutting moet deel van 'n geïntegreerde plattelandse ontwikkeling vorm.

### 7.3.2.5 Streeksgebaseerde Landbouontwikkeling

i Waar plattelandse ontwikkelingsprogramme en -projekte 'n verskeidenheid van doelwitte en aktiwiteite inkorporeer, insluitend private landbou, nywerheidsaktiwiteite, openbare infrastruktuur en sosiale dienste, moet die vestigingsplek van nie-landbouaktiwiteite deeglik oorweeg word.

ii Die effektiewe verdeling van bogenoemde dienste en produksie-insette moet verseker word.

iii Die meeste van die dienste moet in plattelandse dorpe in plaas van elke plaasopstal voorsien word. Alternatiewelik moet dienste met beperkte kapasiteite by plaasopstalle voorsien word, en groter dienste-eenhede in dorpe en stede.

iv Streeksgebaseerde landboubeplanning moet met stedelike streeksbeplanning gekoördineer word.

v Streeksbeplanningsmaatreëls moet die groeipotensiaal van elke

/streek.........

streek afsonderlik en gesamentlik deeglik in ag neem.

vi Finansiële bronne wat gebruik kan word om minimum standaard openbare dienste en infrastruktuur te voorsien, moet aan alle streke beskikbaar wees.

7.3.2.6 **Praktyk getoetste Tegniese Kennis**

i 'n Konstante vloei van nuwe praktyk-getoetste tegniese kennis vir kleinskaal landbouproduksie is van essensiële belang vir alle landbou ontwikkelingsprogramme.

ii Die tegnologie moet aanpasbaar wees en indien nie moontlik nie, moet verskillende tegnologieë vir verskillende omstandighede ontwerp word.

iii Spesiale aandag moet aan tegnologiese ontwikkeling vir veral onderhoudsgeoriënteerde landbouproduksie en kleinskaalse landbouproduksie geskenk word.

iv Alle aktiwiteite moet op eenvoudige produksietegnieke geskoei wees.

7.3.2.7 **Toedeling van Grond**

i Die toekenning van bronne vir landelike ontwikkeling en die prominensie daarvan in die nasionale strategie moet met die aard en felheid van die probleem en die bronne wat daarvoor toegewys kan word, verband hou.

ii Aan die ander kant moet die bronne wat toegedeel word, nie die snelheid en omvang van die implementeringsfase aan bande lê nie.

iii In beplanning moet programomskrywing en inwerkingstelling na gelang van omstandighede varieer.

## 7.4 NYWERHEIDSONTWIKKELING

Nywerheidsontwikkeling vervul 'n kritieke rol in langtermyn ekonomiese ontwikkeling. Dit is een van die beste opleidingskole vir groter en beter vaardighede; is 'n belangrike bron vir diversifikasie en strukturele wysigings en dit verhoog die aanpasbaarheid van die ekonomie en die vermindering van afhanklikheid van ekster-

/ne faktore.........

ne faktore. (World Bank 1981 p 91 ) Die Wêreldbank kom tot die slotsom (World Bank 1981 p 91) dat nywerhede groot tekortkominge openbaar in die verwesenliking van bogenoemde voordele. Redes hiervoor is dat nywerhede:

i Eerder 'n las as 'n ondersteuning vir landbouontwikkeling is.

ii Oormatig van skaarse valuta gebruik maak.

iii Geen of beperkte binnelandse besparing en regeringsinkomste genereer.

iv Ten slotte voorsien dit nie 'n geskikte basis vir verdere nywerheidsgroei nie. Met hierdie as agtergrond kan die volgende beleidsraamwerk vir nywerheidsontwikkeling aanbeveel word. (Vergelyk Uppal JS (red) 1972 p 157; Griffen KB; Enos JL 1970 p 141 en Wêreldbank 1981 p 91 )

## 7.4.1 Beleidsraamwerk vir Nywerheidsontwikkeling

### 7.4.1.1 Wysiging in Beleid en Instellings

Die hervorming van die struktuur van aansporingsmaatreëls moet dringend aandag geniet. Die essensiële vereistes is: beter aansporing vir nywerheidsuitvoer; vermindering van beskermingsmaatreëls gerig op invoervervanging; vermindering van die verskillende beskermingsmaatreëls wat tussen nywerhede bestaan en die eliminering van direkte beheermaatreëls.

#### 7.4.1.1.1 Keuses en Duur van Aansporingsmaatreëls

i Prosedures wat gevolg moet word vir die seleksie van projekte moet verstewig word.

ii Die omvang en duur van aansporingsmaatreëls vir nuwe investerings moet deeglik uitgestippel word.

iii Langdurige eksklusiewe produksieregte, beperkings op mededingende invoer moet uitgewis word.

#### 7.4.1.1.2 Diskriminasie tussen Nywerhede

i Diskriminerende konsessies tussen ondernemings moet geëlimineer word.

/ii Riglyne.........

ii Riglyne vir jong nywerheids-beskerming en belastingtoegewings moet vooraf uitgestippel word en nie wysig met elke aansoek nie.

7.4.1.1.3 Deelname deur Owerheid

i Waar die risiko hoog, maar tog sosiaal geregverdig is, moet owerhede dit sorgvuldig oorweeg om in 'n vennootskap met private investeerders te tree. Sulke vennootskappe moet dan as kommersiële ondernemings beskou en hanteer word.

ii Voorts moet die owerhede die belastingaansporingsmaatreëls meer effektief benut, maar die invloed daarvan op buitelandse investeerders moet nie oorskat word nie.

7.4.1.1.4 Uitvoergeoriënteerdheid

i Alhoewel die meeste produksie op binnelandse markte gerig is, is dit tog belangrik dat nywerheidsuitvoer gehandhaaf en gestimuleer word om groei, werksgeleenthede en gediversifiseerde uitvoer te stimuleer.

ii Doeltreffende nywerhede moet voorrang geniet, aangesien hulle in staat is om hul eie momentum te ontwikkel en sodoende uitvoergeleenthede en ook die plaaslike mark vir intermediêre produkte kan vergroot.

7.4.1.2 **Bevordering van Inheemse Kleinsake-entrepreneurskap**

Die bevordering van inheemse nywerheidsentrepreneurskap moet as die basiese doelwit geag word. Daarom is dit belangrik dat beleidshervorming se implikasies op inheemse entrepreneurskap deeglik in oënskou geneem word.

7.4.1.2.1 Bevordering van Invoervervangende Nywerhede

Om die entrepreneurskap te bevorder, moet diskriminerende behee.maatreëls gerig op die bevordering van grootskaalse invoervervangende nywerhede, elimineer word.

7.4.1.2.2 Rentekoersbeleid

Beleidsmaatreëls wat rentekoerse kunsmatig laag hou beperk krediet tot voordeel

/van.........

van groot nywerhede en as sodanig diskrimineer dit teen kleinsake-ondernemings. In die mate wat rentekoersbeleide dit veroorsaak, moet die rasionaal agter rentekoersbeheer heroorweeg word.

7.4.1.2.3 <u>Landbou Georiënteerde Strategie</u>

Landbou georiënteerde strategie moet ander aktiwiteite wat hulle goed tot kleinsake leen, as aanvullende aktiwiteite bevorder. Die newe-effekte hiervan is verdere landelike ontwikkeling.

**7.4.1.3 Invoervervanging**

Aangesien invoervervangende maatreëls kan dien as basis vir die beginstadium van nywerheidsontwikkeling, moet dit korrek implementeer word, en waarborge verskaf dat sodanige maatreëls nie van korte duur is nie.

7.4.1.3.1 <u>Bevordering van Hoë-potensiaal Nywerhede</u>

i Die aansporingsmaatreëls en institusionele struktuur moet nuwe investering na produktiewe nywerhede kan kanaliseer. Dit bring mee dat aandag aan koste en groei in produktiwiteit geskenk moet word.

ii Invoervervangende nywerhede moet so ontwerp word dat dit oor die kapasiteit om in die toekoms uitvoerders te word, beskik.

7.4.1.3.2 <u>Komplementariteit</u>

i Nywerhede wat die voordele van massaproduksie van intermediêre produkte kan benut, moet gestimuleer word.

ii Die intermediêre produkte-nywerhede moet die groei in ander nywerhede kan aanmoedig en waar nodig aanvullend wees.

**7.4.1.4 Vervaardiging vir Uitvoer**

Indien minder-ontwikkelde lande wil poog om hul aandeel in uitvoer te verhoog kan die volgende oorweeg word:

/7.4.1.4.1 .........

7.4.1.4.1 Mededingendheid en Produktiwiteit

i Arbeidskoste, produktiwiteit en bestuurskapasiteit moet mededingend met die res van die wêreld wees.

ii Oorgewaardeerde wisselkoerse moet vermy word.

iii Die beskerming van loonstrukture moet nie teenproduktief wees nie. Dit verhoog die koste van die reeds swak mededingende produkte.

iv Om die mannekragkoste te verlaag moet ekspatrieerde bestuurders en tegnici met plaaslike vakmanskap vervang word.

v Die aansporingsmaatreëls op makro- en projekvlak kan help om produktiwiteit te verhoog.

vi Die aansporingsmaatreëls moet op bestaande oorskotkapasiteit wat bestaan, konsentreer.

vii Meer aandag moet aan brongebaseerde as arbiedsintensiewe nywerhede geskenk word.

viii Bemarking en ander ondersteunende fasiliteite moet voorsien word.

ix Plaaslike verwerking van ru-materiaal moet aangemoedig word.

7.4.1.4.2 Vestiging van Nywerhede

i Die vestigingsfaktore van nywerhede (kapitaalkoste, markstruktuur, tariewe en infrastruktuur) moet nie teenproduktief wees nie en aangewend word om die vestiging van sulke nywerhede te beheer.

ii Die projekanalise moet versigtig onderneem word, vanweë die verskille in plaaslike toestande en ander insette.

**7.4.1.5 Streeksintegrasie**

Die voordele van massaproduksie kan verkry word indien integrasie op streeksgrondslag doeltreffend geïmplementeer word. Die volgende kan daartoe bydra:

/7.4.1.5.1 .........

#### 7.4.1.5.1 Voorsiening van Infrastruktuur en Kommunikasie

Streeksintegrasie moet aangemoedig word om die vermoë en kapasiteit van 'n effektiewe nywerheid te benut. Om daarin te slaag, moet infrastruktuur tussen lande verbeter word. Beter kommunikasie is ook noodsaaklik hiervoor.

#### 7.4.1.5.2 Inter-streekskakeling

i Gedesentraliseerde nywerheidsontwikkeling moet bewerkstellig word.

ii Lande wat op verskillende vlakke van ontwikkeling is, moet assosiasie met lande of streke soek wat ongeveer dieselfde ontwikkelingsvlak het. Indien dit nie gedoen word nie, sal nywerhede hul in die meer gevorderde streke of lande vestig.

iii Politieke verhoudinge moet verantwoordelik hanteer word, aangesien dit integrasie bemoeilik.

iv Nywerheidsontwikkeling moet dus geïntegreer word met die streeksgeoriënteerde beleid.

v Ten slotte moet effektiewe nywerhede vir plaaslike en wêreldmarkte aangemoedig word, aangesien dit ekonomiese integrasie sal laat slaag of misluk.

## 7.5 MYNBOUONTWIKKELING

Vanweë die belangrikheid van primêre produksie in minder-ontwikkelde lande, kan mynbouontwikkeling nie ondergeskik in die ontwikkelingsproses geag word nie. Mynbouontwikkeling moet so plaasvind dat dit 'n optimum bydrae tot ekonomiese ontwikkeling lewer. Die volgende beleidsraamwerk kan hiertoe meehelp. (Vergelyk "Venda, Republiek 1981 **White Paper on National Development Policy**" p 4 )

### 7.5.1 'n Doelbewuste Poging

Waar 'n verskeidenheid minerale aangetref word, moet doelbewuste pogings aangewend word om die bronne te ontwikkel om sodoende toekomstige ekonomiese ontwikkeling aan te moedig. Dit word van besondere belang vir die skepping van indiensname, die generering van inkomste en die verbetering van die belastingstruktuur.

/7.5.2.........

### 7.5.2 Kundigheid en Vaardigheid

Erkende mynboumaatskappye moet sover moontlik aangemoedig word om tot mynbou-ontwikkeling by te dra.

### 7.5.3 Waarborge deur Owerhede

i Aangesien mynbouontwikkeling enorme kapitaal benodig, en dit hoofsaaklik deur private ondernemings voorsien word, moet owerhede die volgende waarborg:

(a) Dat die bates van ondernemings nie genasionaliseer sal word nie;

(b) dat die aanbod van aandele aan inwoners nie 'n voorvereiste is nie;

(c) direkte deelname van inwoners en regerings nie 'n voorvereiste is nie; en

(d) dat ondernemings, dividende aan inwoners buite die landsgrense kan uitbetaal.

ii Voorkeur moet aan mynmaatskappye wat bereid is om ru-materiaal binnelands te verwerk gegee word.

### 7.5.4 Geologiese Ondersoeke

i Geologiese ondersoeke moet geloods word om die mynboupotensiaal van die betrokke land te bepaal.

ii Geologiese ondersoeke moet met deeglike markondersoek opgevolg word.

iii Wanneer mynbou- en prospekteringsregte toegeken word, moet spesiale aandag aan die potensiële landbougrond, die ligging van fisiese infrastruktuur en vestiging van mense gegee word.

### 7.5.5 Terugploeging van Winste

i Aangesien minerale 'n verdwynende bate is, moet mynboumaatskappye aangemoedig word om deel van hul winste in ander meer prominente ondernemings te investeer.

/ii Ten.......

ii Ten slotte moet die mynbou-omgewing herstel word tot dieselfde omstandighede wat aan die begin van die projek gegeld het.

## 7.6 HANDEL- EN DIENSTE-SEKTOR ONTWIKKELING

### 7.6.1 Handel en Dienste

Die volgende beleidsraamwerk kan vir die verdere ontwikkeling van handel en dienste neergelè word. (Vergelyk Venda, Republic 1981: **White Paper on National Development Policy** p 3.)

#### 7.6.1.1 Erkenning deur Owerhede

Regerings moet die belangrikheid van handel en dienste vanweë die feit dat dit binnelandse koopkrag benut en die ruimte wat dit vir die ontwikkeling van 'n onafhanklike entrepreneursklas bied, erken en versterk.

#### 7.6.1.2 Ruimtelike Verdeling

i Die handel- en dienste-strategie moet 'n effektiewe en ruimtelike verdeling van ondernemings bevorder.

ii Besigheidsentra moet in gepaste persele opgerig word.

iii Vervoer moet in so 'n mate georden word dat inwoners toegang tot sulke sentra het en dit optimaal kan benut.

#### 7.6.1.3 Gebrek aan Plaaslike Vaardighede

Waar plaaslike inwoners nie beskik oor die vaardighede om sekere dienste te verskaf nie, moet erkende buitelandse ondernemings aangemoedig word om in die sektor deel te neem.

#### 7.6.1.4 Institusionele Aspekte

i Maatreëls soos handelslisensies en die handhawing van gesondheidstandaarde is nodig. Die informele sektor moet in hierdie verband oorweeg word en regulasies moet nie inisiatiewe onnodig demp nie.

/ii Die .........

ii Die owerhede moet deurlopend poog om die effektiewe insameling van heffings, byvoorbeeld lisensiefooie en algemene verkoopbelasting te behartig.

### 7.6.2 T o e r i s m e

Vanweë die belangrikheid van toerisme vir die verkryging van waardevolle buitelandse valuta moet minder-ontwikkelde lande toerisme met alle beskikbare middele bevorder. Die volgende aspekte moet in gedagte gehou word.

i Toerisme moet nie nadelige invloede op die landelike skoonheid en natuurlike hulpbronne van die land en die sosiale en kulturele lewens van die inwoners hê nie.

ii Toerisme moet sover moontlik deur private instellings of agente van die owerheid onderneem word.

iii Natuurreservate en toeristebesienswaardighede moet deeglik voor ontwikkeling beplan word.

iv Deeglike bemarking moet onderneem word.

v Geskikte infrastruktuur moet vir die eise van toerisme bestaan.

### 7.6.3 V e r v o e r e n K o m m u n i k a s i e

Aangesien vervoer van groot nasionale belang is moet owerhede inisiatief neem en toepaslike kontrole oor sulke aktiwiteite deur lisensies en ander maatreëls uitoefen. Die volgende moet in ag geneem word:

i Padvervoer moet verkieslik deur binnelandse private ondernemings onderneem word.

ii Indien private vervoerkontrakteurs nie beskikbaar is nie, moet owerhede of hul agente die diens lewer.

iii Subsidies moet met ekonomiese realiteite verband hou.

iv Die verspreiding van pos- en telekommunikasiedienste moet dwarsdeur

/die.........

die land hoë prioriteit geniet.

## 7.7 TEGNOLOGIESE VERNUWING

### 7.7.1 Voorvereiste vir die Behoud van die Ontwikkelingsproses

Stygende kapitaalvorming per capita is besonder belangrik vir die verhoging van die inkomste per capita. (Meier Baldwin op cit p 511.) Om kapitaalversameling te bespoedig is dit van groot belang dat 'n daling in die produktiwiteit van kapitaal voorkom moet word. Dit kan deur 'n vinnige toepaslike tegnologiese vernuwing ondervang word. Meier en Baldwin (1957 p 511) stel 'n taamlik vinnige koers van tegnologiese vernuwing as 'n voorvereiste vir die handhawing van 'n aanvaarbare stabiele ekonomiese ontwikkeling. Om tegnologiese vernuwing moontlik te maak word die volgende beleidsraamwerk vereis. (Vergelyk Meier en Baldwin pp 511-515)

### 7.7.2 Beleidsraamwerk vir die Stimulering van Tegnologiese Vernuwing

#### 7.7.2.1 Geskikte Tegnologie

Geskikte tegnologie moet aangewend word om ontwikkeling te bespoedig, maar in so 'n mate dat dit die kleinste moontlike nadelige effek op indiensname sal hê. In hierdie verband moet arbeidsintensiewe tegnologie hoë prioriteit geniet. Spesifieke arbeidsintensiewe projekte van die owerhede moet geïdentifiseer word. Waar gevind word dat kapitaalintensiewe tegnologie onnodig toegepas word, moet daadwerklike stappe geneem word om dit te wysig.

#### 7.7.2.2 Faktorprys Manipulasie

i Die tariefbeleid moet gewysig word om die faktorprysversteurings tot nadeel van arbeidintensiewe tegnieke en hulpmiddele te voorkom.

ii Salarisse en lone kan gereguleer word om die bestaande faktorprysversteurings te elimineer.

iii Verkoopbelasting op kapitaalprodukte kan ingestel word om die koste van kapitaalprodukte te verhoog. Verhoging van invoerheffings op kapitaalprodukte kan 'n positiewe bydrae lewer.

/7.7.2.3 Tegnologie.......

### 7.7.2.3 Tegnologie

i 'n Deeglike studie van intermediêre- en aangepaste tegnologie ("intermediate 'appropriate' or modified technology") moet onderneem word.

ii Waar daar van buitelandse tegnologie gebruik gemaak word, moet teen die implementering van gesofistikeerde en moderne kapitaal-intensiewe tegnieke of ou tweedehandse masjinerie gewaak word.

## 7.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die pessimistiese beskouing van Osborn (sien par 7.1) oor die skaarse hulpbronne wat die ontwikkelingstempo sal vertraag, verwerp. Onderliggend tot hierdie hoofstuk was dit aanvaar dat die enigste moontlike uitweg, vanuit 'n beleidsoogpunt, is om te konsentreer om die beskikbare produksiefaktore so doeltreffend moontlik aan te wend. Daar word aanvaar dat 'n beter aanwending van bestaande bronne die produktiwiteit van die gemeenskap sal verhoog en sodoende ekonomiese ontwikkeling moontlik maak.

Binne hierdie raamwerk is in hierdie hoofstuk 'n beleidsraamwerk vir die beter benutting van bronne saamgestel. Eerstens is daar gekyk na mannekragbenutting as 'n beter metode om arbeid en entrepreneurskap by ontwikkeling te betrek. Tweedens is die ontwikkeling van landbou en mynbou as metode vir beter grondbenutting ondersoek. Derdens is die aandag gevestig op nywerheidsontwikkeling en die ontwikkeling van die handel- en dienstesektor om kapitaal beter te betrek. Laastens is 'n beleidsraamwerk vir die bevordering van tegnologiese vernuwing as 'n metode om tegnologie by ekonomiese ontwikkeling te betrek, voorgestel.

Die onderskeie elemente van elke beleidsraamwerk kan nie afsonderlik toegelig word nie. Dit bring mee dat baie onbeantwoorde vrae kan ontstaan. Vanweë die uiteenlopende omstandighede wat wissel van land tot land moet die voorstelle sensitief ontleed en gewysig word, sodat dit toepaslik kan wees.

Indien nie geslaag word in die pogings om die daling in produktiwiteit te stuit nie, kan aanverwante dalings in inkomste en rentabiliteit verwag word. Hierdie toestande lei dan tot 'n verdere kringloop waar onvoldoende kapitaalvorming ondervind word. Vanwëe die kringloop-effek van die bose kringloop van armoede is dit moeilik om die oorsaak van die ontstaan van die kringloop te bepaal. Om die rede kan die styging in produktiwiteit wat in hierdie hoofstuk onder die

/soeklig.........

soeklig was, ook vanuit 'n ander hoek opgelos word, en wel deur middel van die bevordering van kapitaalvorming. Die hieropvolgende hoofstuk doen 'n beleidsraamwerk vir die bevordering van kapitaalvorming aan die hand.

•••••••••••••••••••••••••

HOOFSTUK 8

# BELEIDSRAAMWERK VIR VOLDOENDE KAPITAALVORMING EN TOEDELING

## 8.1 INLEIDING

Baie ekonome soos Meier en Baldwin (1957 pp 337-8) - vergelyk ook par 7.7 - erken die belangrikheid van kapitaalvorming in die ontwikkelingsproses. Volgens Meier en Baldwin (1957 pp 337-8) sluit dit drie onafhanklike elemente in:

i 'n Toename in die reële spaarfondse sodat inkomste vir verbruik en ander doeleindes, afgesonder word.

ii 'n Uitgebreide en goed ontwikkelde geld en kapitaalmark sodat onbenutte fondse maklik en teen die laagste koste by surplus huishoudings gemobiliseer word en vir meer produktiewe doeleindes beskikbaar gestel word.

iii Die inisiëring van investering deur die marginale doeltreffendheid van kapitaal so te beheer dat dit genoegsame investering moontlik maak.

Dit moet duidelik gestel word dat finansiële en monetêre instellings nie die absolute voorwaarde vir die handhawing en bereiking van 'n aanvaarbare investeringspeil is nie. 'n Goedgevormde geld- en kapitaalmark is wel belangrik, maar die blote bestaan van hierdie kanale waarborg nie die vlak van kapitaalvorming nie. (Meier en Baldwin 1957 p 338 )

Daar moet dus eerder gekyk word na die stygende aanbod van reële produksie in plaas van 'n styging in die monetêre vraag. Werklike investering is dus belangrik, wat neerkom op 'n groter vraag na spare en produktiewe investering.

Cloete (JJ 1978 p 140) stel dit so:

"I would submit therefore, that it is a matter of prime importance that we



/develop.........

develop a strategy for our respective countries which will systematically promote a rapid rate of new investment."

In hierdie hoofstuk word 'n beleidsraamwerk vir voldoende kapitaalvorming en toedeling saamgestel. Daar word gelet op fundamentele aspekte wat ter sprake is by die ontwikkeling van 'n strategie wat sistematies 'n snelle koers van investering sal bevorder.

## 8.2 DOELTREFFENDE EN STABIELE EKONOMIE

Aangesien beleggers op 'n redelike netto opbrengs alvorens hulle belê, let, is dit belangrik om 'n ekonomie te hê wat toekomstige perspektiewe en verwagtinge sal verbreed. Die eerste vereiste vir die formulering van 'n gepaste investeringstrategie, is die ontwerp en toepassing van fiskale, monetêre en ander ekonomiese beleidsmaatreëls wat die ekonomie en ekonomiese groei konstant en op 'n aanvaarbare peil in die korttermyn kan hou. Dit is belangrik in die skepping van 'n doeltreffende en stabiele ekonomie aangesien die korttermyn ekonomiese groei die basis lê vir 'n aanvaarbare langtermyn ekonomiese groei. (Cloete JJ op cit p 140. Vir verdere verwysing rakende par 8.3 tot 8.8 raadpleeg Cloete JJ op cit pp 140 147.)

### 8.2.1 Kapitaalvermoë

i By die bepaling van die kapitaalbehoeftes moet elke land die beperkte kapitaalaanwendingsvermoë ("Capital-absorption") deeglik oorweeg.

ii Indien 'n land die aanwendingsvermoë of investeringsgeleenthede wil vergroot, moet:

  (a) Die beskikbare komplementêre produksiefaktore wat saam met kapitaal in die produksieproses opgeneem word, vergroot word;
  (b) inflasie beperk word; en
  (c) 'n ewewigtige betalingsbalans gehandhaaf word.

## 8.3 BEVREDIGENDE SPAARKOERS

'n Doel van die bruto binnelandse produk moet gespaar word om die onbenutte bronne te mobiliseer om sodoende die bestaande kapitaalvoorraad aan te vul.

### 8.3.1 Rol van Geld- en Kapitaalmarkinstellings

/i In .........

i In hierdie verband moet die verskillende geld- en kapitaalmarkinstellings se investeringsbeleid daarop gerig wees om die spaargeneigdheid te verhoog deur die bestedingsgeneigdheid te verlaat.

ii 'n Gesonde balans moet tussen die spaar- en investeringsbronne gehandhaaf word.

8.3.2. **A a n v u l l i n g   v a n   S p a a r b r o n n e**

i Die spaarbronne kan aangevul word deur die spaargeneigdheid aan te moedig. Dit kan met sukses toegepas word indien die moontlikheid bestaan om:

(a) belasting te verhoog;
(b) nuwe belasting in te voer; en
(c) verbruik te ontmoedig deur direkte staatsoptrede.

8.3.3 **V e r h o g i n g   v a n   S p a a r g e n e i g d h e i d**

i Indien bestaande alternatiewe nie met sukses geïmplementeer kan word nie, moet die ander opsie, naamlik verhoging van inkomste, met gepaardgaande styging in die grens-spaargeneigdheid, terwyl die bestedingsgeneigdheid daal, oorweeg word. In hierdie verband kan die volgende in ag geneem word.

ii 'n Meer gelyke verdeling van die winste met ekonomiese groei is nodig. Dit kan gedoen word deur:

(a) Minimum loonregulasies;
(b) gelyke geleentheid vir elkeen te verseker deur sosiale opheffing;
(c) die funksionele verdeling van inkomste deur maatreëls wat die relatiewe faktorpryse verander, te wysig;
(d) die grote distribusie van inkomste deur progressiewe herverdeling van eienaarskap te wysig, die grote distribusie van die hoër inkomstegroepe deur progressiewe inkomste en kapitaalbelasting te wysig; en
(e) die grote distribusie van inkomste van die laer-inkomste vlakke deur direkte oordragbetalings en openbare voorsiening van produkte en dienste te wysig.

iii Die maatreëls moet hoofsaaklik op plattelandse ontwikkeling, lae digtheid

/vestigingskemas.........

vestigingskemas, voorsiening van onderwys- en gesondheidsdienste in plattelandse gebiede, versnelling van die skepping van werksgeleenthede en minimum lone en die belastingstelsel, gerig wees.

## 8.4 HANDHAWING VAN 'N GOEIE KAPITAALARBEIDSVERHOUDING

i Die grootste gedeelte van die inkomste van arbeiders is van loon- of salarisinkomste afkomstig. Die aanwending van arbeid in die produksieproses is dan volgens Cloete, (JJ op cit p 142) van kritieke belang indien die marginale spaargeneigdheid verhoog moet word.

ii Aangesien die kapitaalarbeidsverhouding die produktiwiteit van die arbeider beïnvloed, moet die invloed op reële lone en lewenstandaard deeglik by die keuse van arbeid- en kapitaalinsette in ag geneem word.

iii Aangesien kapitaalintensifikasie die groeikoers verhoog en arbeidsintensifikasie die werkloosheidsprobleem kan elimineer, ontstaan daar botsende belange. Die strategie moet dus nie op makro-vlak berus nie, maar elke projek moet afsonderlik geëvalueer word.

## 8.5 DIE UITBOUING EN HANDHAWING VAN 'N GOEIE BALANS TUSSEN DIE PRIVATE EN OPENBARE SEKTORE IN DIE EKONOMIE

i Aangesien die owerheid in verhouding 'n groot bydrae tot die bruto investering in die land maak, moet 'n goeie balans tussen die verdeling van kapitaalfondse wat vir private en openbare sektore beskikbaar is,gehandhaaf word.

ii Aangesien die markmeganisme nie optimaal funksioneer nie, en kapitaal nie maklik op veranderinge reageer nie, kom Cloete (JJ op cit p 147) tot die slotsom dat een of ander vorm van sentrale beplanning onvermydelik is vir die goeie toedeling en verkryging van kapitaalbronne. Dit sal meebring dat kapitaalbronne volgens die beginsel in paragraaf 8.6.i toegedeel word.

## 8.6 WISSELWERKING TUSSEN INTERNASIONALE GELD- EN KAPITAALMARKTE EN BINNELANDSE KAPITAALVORMING

### 8.6.1 Beperking van Invoer

/Nog 'n.........

Nog 'n moontlike opsie is om kapitaalvorming aan te moedig deur die beperking van invoer van verbruikersprodukte. Hierdie beperking kan tot gevolg hê dat meer verbruikesinkomste vir spaar beskikbaar word of kan tot 'n toename in die invoer van kapitaaltoerusting lei. Dit kan gebruik word om binnelandse produksie te verhoog.

### 8.6.2 Buitelandse Lenings

Buitelandse lenings kan beskou word as 'n moontlikheid om binnelandse besparing aan te vul. Die buitelandse lenings kan bekom word op direkte óf indirekte wyse óf deur skenkerlande wat produkte na die ontvangende land uitvoer. Sodoende kan die ontvangende land met produksiekapasiteit wat sodoende gespaar word, beter aan binnelandse behoeftes voorsien.

### 8.6.3 Verbeterde Ruilvoet

'n Verbeterde ruilvoet kan positief tot verbeterde kapitaalvorming bydra. Indien die buitelandse handel so beheer word dat die pryse van die binnelandse uitvoerprodukte styg en die prys van invoerprodukte daal, kan uitvoer aangemoedig word. Dit lei tot 'n toename in die beskikbaarheid van valuta. Die beskikbare valuta moet dan grootliks vir binnelandse investering of besparing afgesonder word. Daar moet toegesien word dat bogenoemde nie aanleiding tot 'n toename in invoer van verbruiksprodukte gee nie. Om as bron van investering te dien is dit noodsaaklik dat die addisionele invoerkapasiteit deur die verbeterde ruilvoet in addisionele spaar omskep moet word.

### 8.6.4 Nie-vrywillige Besparing

In die mate wat die besparing nie vrywillig plaasvind nie, word dit noodsaaklik dat die besparing deur belasting, valutabeheer of ander beskermingsmaatreëls verkry moet word.

## 8.7 OPTIMALE TOEDELING VAN INVESTERINGSBRONNE

Indien die proses van kapitaalvorming vir snelle ekonomiese ontwikkeling gestimuleer word, sal dit van minder waarde wees indien die verkreë investeringsbronne nie op die mees optimale wyse verdeel word nie. Meier en Baldwin (1957 pp 343-351) is van mening dat om aan hierdie vereistes te voldoen, is dit noodsaaklik om goed omlynde investeringskriteria te gebruik. Dit sal dan hiervan afhang

watter investeringsprojekte onderneem sal word en tot watter mate dit tot 'n verhoogde ontwikkelingstempo sal bydra. Volgens Meier en Baldwin geld die volgende voorvereistes vir die formulering van die investeringskriteria.

### 8.7.1 Oordeelkundigheid

Dit moet baie oordeelkundig geformuleer word aangesien dit nie slegs net die produksievolume beïnvloed nie, maar ook die aanbod en verdeling van die arbeidsmag, sosiale en kulturele toestande, groei en kwaliteit van die bevolking en tegnologiese vernuwing.

### 8.7.2 Produktiwiteit

Die mees algemene investeringskriterium sal produktiwiteit moet wees. Dit beteken dat investeringsprojekte onderneem moet word wat die sosiale marginale produktiwiteit sal maksimeer. Projekte wat aan hierdie vereistes voldoen sal ook moet bydra tot die maksimering van die koers tussen:

(a) Produksie en investering;
(b) investering en arbeid; en
(c) uitvoer en investering.

### 8.7.3 Eise van 'n Dinamiese Ontwikkelingsproses

Die kriteria moet aan die eise van 'n dinamiese ontwikkelingsproses voldoen.

### 8.7.4 Waardeoordeel

Waar sosiale en ekonomiese doelwitte in konflik bestaan, moet waardeoordele vir die geskikte investeringskriteria gebruik word. Die projekleier sal hom dus duidelik moet vergewis van die periode van beplanning aangesien die onderskeie projekte dan aan die hand van die verlangde resultate gekies moet word.

### 8.7.5 Groeipunte

Na die formulering van die genoemde sosiale doelwitte is dit belangrik om investering na sogenaamde groeipunte te kanaliseer. Hierdie investeringsbronne moet dan aan twee vereistes voldoen:

(a) Produktiwiteitskriteria; en
(b) betalingsbalanskriteria.

/8.7.6 Uitvoer.........

### 8.7.6 Uitvoergeoriënteerdheid

Met inagneming van die haglike betalingsbalans-toestande van die meeste minderontwikkelde lande sal projekte wat eerder uitvoergeoriënteerd is en ingestel is op die inkorting van invoer, geïmplementeer moet word.

### 8.7.7 Evaluering van Investeringsgeleenthede

Om aan die kriteria in 8.8.5(a) en 8.8.5 (b) genoem, te voldoen is dit noodsaaklik om die onderskeie investeringsgeleenthede te evalueer aan die hand van hul onderskeie aandele in die nasionale produksiestelsel. Dit is uiters noodsaaklik aangesien die totale ekonomie uit talle interafhanklike sektore bestaan.

### 8.7.8 Gebalanseerdheid

Balans moet dus nie net slegs tussen verskillende sektore binne die nasionale ekonomie gehandhaaf word nie, maar ook tussen die binnelandse en buitelandse handel.

## 8.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is twee belangrike resultate bereik. Eerstens was die elemente van 'n investeringstrategie wat 'n snelle investeringskoers sal bevorder, geïdentifiseer. Die elemente wat geïdentifiseer is, is:

- i Doeltreffende en stabiele ekonomie.
- ii Bevredigende spaarkoers.
- iii Handhawing van 'n goeie kapitaal en arbeidsverhouding.
- iv Die uitbouing en handhawing van 'n goeie balans tussen die private en openbare sektore in die ekonomie.
- v Wisselwerking tussen internasionale geld- en kapitaalmarkte en binnelandse kapitaalvorming.
- vi Optimale toedeling van investeringsbronne.

/Die.......

Die tweede belangrike resultaat wat bereik is, is naamlik die formulering van belangrike aspekte wat in ag geneem moet word by die formulering van 'n investeringstrategie. Die belangrike aspekte wat in hierdie hoofstuk beklemtoon word, moet dienooreenkomstig elke land se bepaalde omstandigheid omskep word in maatreëls wat die koers van investering positief sal bevorder.

Die mate van sukses by die stimulering van kapitaalvorming sal grootliks bepaal word deur die werking van die markmeganisme. Vanweë die invloed van die markmeganisme op rentekoerse en prysstrukture, bepaal die markmeganisme die vraag en aanbod van kapitaal wat vir investering beskikbaar is.

Tot die mate wat die markmeganisme onvolledig funksioneer, word die vraag en aanbod van investeringsbronne deur nie-markkragte beïnvloed. Hierdie toedrag van sake werk negatief in op die beleggingsveld en stabiliteit van die ekonomie. Om die rede word die volledige werking van die markmeganisme as hoë prioriteit beskou.

Laat ons vervolgens let op 'n beleidsraamwerk waarbinne die onvolledige werking van die markmeganisme aangevul kan word.

oooooooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 9

# BELEIDSRAAMWERK TER VERSTERKING VAN DIE MARKMEGANISME

## 9.1 INLEIDING

Uit vorige besprekings (vergelyk veral par 8.8) blyk dit dat elke land sekere basiese eise het. Elkeen moet besluit hoeveel en watter tipe ekonomiese produkte en dienste gelewer en tussen alternatiewe gebruike (private verbruik en investering of openbare verbruik en investering) en verskillende groepe van individue versprei moet word.

Die verskillende gemeenskappe bring mee dat die meeste ekonomiese stelsels baie kompleks word. Daar bestaan groot interafhanklikheid tussen verskillende streke en nywerhede, en vrae soos wat, hoeveel, wanneer en hoe geproduseer moet word, word óf spontaan deur die markmeganisme met beperkte inmenging óf deur sentraalgeleide beplanning bepaal. (Todaro 1977 p 16 )

Hier word aanvaar dat die eerste opsie, naamlik die bepaling van bronneverdeling via die markmeganisme met beperkte inmenging, geld.

Die bestaan van sentraalgeleide ekonomieë, alhoewel dit net so gereeld in minder-ontwikkelde lande aangetref word, word nie by hierdie bespreking in ag geneem nie. (Todaro MP op cit hfs 2 ) Die neutraliteit in die werking van die markmeganisme sowel as die aanvaarbaarheid van die teorie van die vryemarkmeganisme was bepalend tot hierdie aanname.

Vanweë die inherente probleme van die markmeganisme (vergelyk hfs 3 Swerdlow I 1975 p 122 en Meier en Baldwin op cit pp 336-338) moet maatreëls wat daarop gemik is om die markmeganisme te versterk om sodoende 'n beter verdeling van

 /bronne.........

bronne te bewerkstellig, oorweeg word. In Lighthelm (Die ekonomiese ontwikkelingsvraagstukke in die tuislande met besondere verwysing na werksgeleentheidskepping, Ongepubliseerde M Comm-verhandeling PU vir CHO) word die volgende beleidsraamwerk ter versterking van die markmeganisme aangevoer.

## 9.2 ALGEMENE VOORVEREISTES

### 9.2.1 Grootte van die Mark

i Vrye werking van die markmeganisme moet slegs toegelaat word waar die mark groot genoeg is. Dit geld veral vir tegnologiese gevorderde produksietegnieke waar 'n minimum markgrootte moet bestaan voordat die private sektor bereid is om produksie te onderneem.

ii Waar die mark klein is moet private kapitaalbeleggers, aangesien hulle die risiko loop dat mededingers hul kan elimineer voordat hul beleggings winste begin afwerp, beskerm word. In sulke omstandighede is inmenging deur die owerheid regverdigbaar.

iii Waar mededinging vanuit die buiteland afkomstig is, kan die binnelandse produsente deur middel van 'n belasting op invoer van die betrokke produkte beskerm word.

iv Waar die mark self so klein is dat die private sektor nie wil begin produseer nie, kan die owerheid self, verkieslik deur middel van 'n openbare korporasie, die aktiwiteite onderneem.

### 9.2.2 Ingeligtheid van Besluitnemers

i Elke lid van die gemeenskap moet onder sodanige stelsel die kans tot deelname aan die besluitnemingsprosesse gegun word.

ii Deelnemers moet in staat wees om die betekenis en invloed van markpryse te verstaan.

iii Hoë algemene peil van opvoeding en beskawing van die gemeenskap is 'n voorvereiste vir die effektiewe funksionering van die markstelsel.

/iv Waar.........

iv Waar owerhede vind dat grootskaalse ongeletterdheid bestaan, moet hulle met opleidingsprogramme behulpsaam wees.

v Daar moet gewaak word teen uitbuiting.

vi Waar nodig moet die owerhede ingryp in situasies waar dit duidelik is dat sy onderdane nie self kan bepaal wat hul eie langtermynbelange is nie.

## 9.2.3. Verdeling van Rykdom

i 'n Derde voorwaarde wat nagekom moet word, is naamlik dat redelike gelykwaardigheid in ekonomiese vermoëns moet bestaan. Dit moet deur die kwantiteit en kwaliteit van produksiefaktore wat individue besit en beheer, bepaal word.

ii Wat egter belangrik is, is dat alle lede van die gemeenskap ten minste 'n minimum bestaanspeil kan handhaaf.

iii Die graad van gelykheid moet nie gerealiseer word deur sosialistiese maniere waar bloot van rykes weggeneem en vir die armes gegee word nie, maar moet eerder deur markverwante kragte wat inwerk op die bestaande situasie beïnvloed word.

iv Die eerste en beste metode wat aanbeveel kan word, is om te investeer in opvoedkundige programme waardeur die produktiewe vermoëns van die ongeskoolde massa verhoog kan word.

v Verder kan verdeling van bronne van die ontwikkelde streke of gemeenskappe na die minder-ontwikkelde streke of gemeenskappe plaasvind. Metodes om bogenoemde te bereik sluit onder andere voedselsubsidies, gedifferensieerde belastingskale, gesubsidieerde vervoerskemas en die verlening van ontwikkelingshulp, in.

## 9.2.4 Fundamentele Gebreke wat deur die Owerheid of sy Agente Aangevul moet word.

### 9.2.4.1 Gemeenskaplike Produkte en Dienste

i Aangesien gemeenskaplike produkte en dienste vanweë die nie-bestaan

van markpryse vir hierdie produkte en dienste nie deur die private sektor verskaf word nie, moet owerhede die produkte en dienste verskaf en moet belastings waardeur die koste van gemeenskaplike produkte en dienste gedek word, gehef word. Om die rede is dit belangrik dat mense wat belasting betaal, inspraak in die besluit oor die aard van dienste moet hê.

ii Ten spyte van die bestaan van verskille in gemeenskappe, moet die gemeenskaplike produkte en dienste in ongeveer dieselfde hoeveelheid en kwaliteit aan almal verskaf word.

iii In 'n poging om die tekortkominge van die markmeganisme te ondervang moet openbare owerhede (plaaslik en/of streeksowerhede) gevorm word en die demokratiese proses in stand gehou word.

iv Die funksies wat hierdie owerhede toeval, is welvaartsfunksies wat verband hou met die welvaart van die gemeenskap en dus uit die sentrale politiek gehou moet word.

9.2.4.2 Ekonomiese Newe-effekte (eksternaliteite)

i Waar die produksieproses in die algemeen sekere nadele vir lede van die publiek skep en die prys van die produkte en dienste nie die totale koste van die produksie daarvan vir die gemeenskap weerspieël nie, ontstaan daar vir die optrede van owerheidsinstellings om die saak reg te stel, regverdigheid.

ii Die ekonomies mees korrekte metode vir die oplossing van hierdie probleem is om op 'n indirekte wyse deur middel van verskillende belastings en subsidies, die private sektor tot die regte besluit te lei.

9.2.4.3 Ekonomiese Onstabiliteit

i Aangesien ekonomiese stabiliteit nie outomaties binne 'n swak funksionele markstelsel bereik kan word nie, moet maatreëls getref word om die ingeboude onstabiliteit aan te vul.

ii Owerhede moet aan die hand van 'n stabilisasiebeleid die hoogte- en laagtepunte van die konjunktuur sover moontlik normaliseer. In hierdie

/verband........

verband moet die owerheid sy fiskale en monetêre beleidsinstrumente, in ag genome die sloeringsperiodes, gebruik.

## 9.3 SPESIFIEKE VOORVEREISTES

### 9.3.1 Privaatbesit van Produksiefaktore

Privaatbesit van alle produksiefaktore, naamlik kapitaal, arbeid, entrepreneurskap en grond moet verseker word. Individuele lede van 'n gemeenskap moet dus oor al die skaarshulpbronne van 'n land volle beskikkingsreg hê.

### 9.3.2 Vrye Onderneming

Individue moet tot enige besigheidsonderneming via instellings in die handelsektor vrylike toegang kan hê.

### 9.3.3 Winsmotief

Die winsmotief as dryfkrag in die stelsel en motivering vir individue om aan die produksieprosesse deel te neem, moet verseker word.

### 9.3.4 Mededinging

Aangesien mededinging die reguleerder en dus die doeltreffendheid van die ekonomiese stelsel bepaal, moet dit nie onnodig beperk word nie. Waar die markte klein is, moet daar gewaak word teen monopolieë, monopsoniste en oligopoliste.

### 9.3.5 Outomatiese Prysstelsel

Faktore wat lei tot onrealistiese vraag- en aanbodskedules en sodoende die relatiewe skaarsheid van produkte en dienste verkeerdelik kwantifiseer, moet gewysig word. Prysstelsels moet tot groter enigheid tussen sosiale- en private-waardes van die gemeenskap lei.

### 9.3.6 Erkenning van Regsbeginsels

i Die verkryging van eiendomsreg moet verseker word.

ii Vrye verbintenisreg (vryheid by kontraksluiting) moet gerespekteer word.

/iii Vrywillige.........

iii Vrywillige eksklusiwiteit (vryheid van assosiasie of disassosiasie) moet erken word.

iv Bewegingsvryheid moet bestaan en gehandhaaf word.

v Statutêre diskriminasie moet uitgeskakel word.

vi Administratiewe diskresie (byvoorbeeld by die toekenning van lisensies en permitte) moet beperk word.

## 9.4 SAMEVATTING

In hoofstuk 3 word die onbeweeglikheid van produksiefaktore, prysstarheid, onvolledige markkennis, gebrek aan spesialisasie, lae spaargeneigdheid as gevolg van beperkte koopkrag en klein vraag en aanbod-skedules as die hoofbydraende faktore tot die onvolledige marktoestande, voorgehou.

In hierdie hoofstuk is dan riglyne hoe die prysstarheid, onvolledige markkennis, gelyke verdeling van rykdom, voorsiening van gemeenskaplike produkte en dienste en regte van deelnemers gehandhaaf moet word, neergelê. Bogenoemde beleidsraamwerk is daarom gerig op die regstelling van die markmeganisme om sodoende 'n beter verdeling van bronne te bewerkstellig. Op die wyse word ook toegesien dat ontwikkeling en uitbreiding in die een sektor na ander sektore van die ekonomie uitbrei. Sodoende word ontwikkeling versnel.

Indien aanvaar word dat die markmeganisme hoe volmaak ook al, die skaarse hulpbronne op die mees optimale wyse sal verdeel, kan dit tereg as naïef beskou word. Die markmeganisme moet óf reggestel óf deur die staat aangevul word. Om die rede moet die beleidsraamwerk in die versterking van die markmeganisme nie in isolasie geplaas word nie. Vanweë die belangrikheid van die owerheid in die werking van die markmeganisme is dit gepas om vervolgens 'n beleidsraamwerk vir die sinvolle funksionering van die binnelandse owerheid voor te stel.

oooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 10

# BELEIDSRAAMWERK TER ONDERSTEUNING EN UITBREIDING VAN 'N STABIELE EN FUNKSIONELE BINNELANDSE OWERHEID

## 10.1 INLEIDING

Die doeltreffendheid van die ekonomiese stelsel berus op drie pilare:

i Eerstens realistiese verhoudings tussen pryse van private produkte en dienste en soepelheid in hierdie verhoudings ten einde veranderde skaarsheidsomstandighede te weerspieël.

ii Tweedens stabiliteit in die waarde van geld as die algemeen aanvaarde ruilmiddel, rekeneenheid en likiede bate.

iii Derdens objektiewe en algemeen bekende reëls oor die beperkings op die magte van openbare owerhede oor private individue. Binne hierdie kader val die basiese beginsel van private eiendomsreg en die reg om private kontrakte vir die verhandeling van produkte en dienste te sluit.
(Lombard JA **Toekoms in Vryheid** 1979 p 64 BENSO )

Daar kan gekonstrueer word dat die ekonomie deur hierdie basiese beginsels "gelei" moet word. Dit bring mee dat die owerheid bepaalde verantwoordelikhede in hierdie verband het. Die funksies van die owerhede kan volgens Lombard (JA op cit p 64) verdeel word in "orde- en welvaartfunksies".

Die eerste "ordefunksie" van die soewereine organe van 'n land is dus om hierdie pilare van integriteit te bewaar. Die tweede "ordefunksie" is die beskerming van die orde teen ondermyning van binne of vernietiging deur sy vyande van buite.

Die sogenaamde "welvaartsfunksies" word óf in die markmeganisme deur individuele



/óf.........

òf deur private groepe van verbruikers en produsente uitgeoefen, of waar die mark misluk, deur spesiale owerheids- of openbare korporasies. (Lombard JA op cit p 64 )

In die praktyk sou bogenoemde reëlings en ideaal slegs 'n versugting bly tensy dit die verantwoordelikheid word van 'n bepaalde soewereine gesag van 'n land. Om die rede moet maatreëls getref word om vorm te gee aan die staat se verantwoordelikhede.[1] Om die rede word op die ekonomiese beleidsinstrumente gekonsentreer en word bepaalde riglyne neergelê van hoe die owerheid die instrumente moet inspan om die bogenoemde "orde- en welvaartsfunksie" na te kom.

Volgens Swerdlow (I 1975 pp 301-320) kan die volgende riglyne vir die aanwending van die owerheid se ekonomiese beleidsintrumente, neergelé word.

## 10.2 MONETéRE EN FISKALE BELEID

Goed geformuleerde monetêre en fiskale beleid word vereis om kontrole oor die geldvoorraad van 'n land uit te oefen sowel as om die finansiële sake van die owerheid te bestuur. Die besluitneming oor sake rakende die genoemde beleid moet in die hoogste gesagsliggaam van elke land gesetel wees.

### 10.2.1 Monetêre Beleid

i Die primêre doel van die monetêre beleid moet wees om genoegsame geldvoorraad te skep. Namate produksie en produktiwiteit styg moet die geldaanbod toeneem.

ii Voorts moet die monetêre beleid ook subkategoriebeleid soos krediet- en finansiële instellings-, rentekoers- en likiditeitsbeleid insluit.

### 10.2.2 Fiskale Beleid

i Die fiskale beleid moet noue verband met die monetêre beleid hou. Tesame vorm dit die belangrikste deel van die owerheid se pogings om ekonomiese veranderinge te inisieer, stimuleer en te beheer.

1 Die tweede "ordefunksie" soos deur Lombard (JA op cit p 64) beskryf, sal nie binne hierdie studie gedek word nie. Die beskerming van die orde teen ondermyning van binne of vernietiging deur sy vyande van buite lê meer op die vlak van die ministeries van verdediging en binnelandse sekuriteit as op velde binne die studie se dissipline-raamwerk.

/ii Die.........

ii Die fiskale beleid moet via sy belastingbeleid toesien dat:

(a) Genoegsame fondse bekom word;

(b) die ekonomie gestabiliseer word;

(c) investering en verbruik na gelang van omstandighede aange- of ontmoedig word; en

(d) die inkomsteverdeling verbeter word.

iii Alle pogings moet ingespan word om die produktiwiteit van die owerheid se eie finansiële bronne te verhoog.

iv Die belastingbasis moet geleidelik uitgebrei word, maar op so 'n wyse dat dit nie beperkende invloede op die lewenstandaard en private inisiatief het nie.

v Praktiese stappe moet sover moontlik geneem word om toe te sien dat lopende uitgawes deur lopende inkomste gedek word.

vi In die bepaling van begrotingsprioriteite moet prioriteit aan daardie projekte wat die basis vir toekomstige ontwikkeling voorsien, verleen word.

vii Indien kapitaal vir dringende ontwikkelingsprojekte beperk is moet alle moontlike maatreëls getref word om die bronne uit te brei. Indien dit nie moontlik is nie moet fondse by wyse van lenings bekom word. Kapitaal wat deur lenings verkry word moet sover moontlik vir inkomstegenererende projekte gebruik word.

Veralgemening van die monetêre en fiskale beleid mag nuttig wees, maar by die operasionele vlak moet dit by die behoeftes en vermoëns van elke land aangepas word.

## 10.3 BRONTOEDELING EN INVESTERINGSBELEID

Die toedeling van bronne deur die staat moet alle prioriteite waaronder die ekonomiese prioriteite van 'n land reflekteer. In beide die openbare en private sektore moet die Fiskale en Monetêre beleid soos bespreek in paragraaf 10.2 dien as raamwerk waarbinne toedeling en investering moet geskied. Daar moet aanvaar word dat die proses van bronnetoedeling so wydverspreid is dat alle belangrike owerheidsmaatreëls dit affekteer.

/"This.........

"Thus failure to maintain law and order in rural areas, low interest rates only for large business, the acceptance of 'legal black markets', non-enforcement of and sanitation laws, low official rates of foreign exchange, and similar policies and conditions usually have more influence on the total allocation of resources than priority investment lists issued by the government." (Swerdlow I 1975 p 309.)

Hierdie komplekse interafhanklikheid moet deeglik by die toedeling van bronne en investerings in ag geneem word.

## 10.4 SEKTORALE BELEID

i Sektorale beleidsmaatreëls moet direk op aktiwiteite van spesifieke ekonomiese sektore gerig wees. Die mees algemene sektore wat gebruik moet word is:

(a) Landbou;
(b) nywerheid;
(c) mynbou;
(d) krag;
(e) vervoer;
(f) kommunikasie;
(g) handel en dienste;
(h) gesondheid;
(i) onderwys; en
(j) welsyn .

ii Dit is belangrik om in ag te neem dat die sektorale beleid nie bevredigend in isolasie bereik kan word nie. Sektorale beleid moet analities saamgestel word, om sodoende spesifieke beleidsmaatreëls vir spesifieke groepe te identifiseer. Die analise volgens sektore moet die tipe probleme wat geanaliseer moet word, reflekteer.

iii Die onderskeie sektorale beleidsmaatreëls moet voortdurend geformuleer, geïmplementeer en geëvalueer word. Reeds in die beginstadium van ekonomiese ontwikkeling moet owerhede metodes vind om dreigende sektorale verskille te hanteer.

## 10.5 MANNEKRAGBELEID

Die owerheid se mannekragbeleid kan geïdentifiseer word as daardie ekonomiese

/beleidsmaatreëls.........

beleidsmaatreëls wat die werkers en hul lone, sowel direk as indirek, beïnvloed. Die mannekragbeleid het dus hoofsaaklik met die beheer oor die aantal arbeiders, hul lone, hul bewegingsvryheid of die stigting van vakbonde te doen. Die volgende aspekte is van belang: indiensnamebeleidsmaatreëls, salaris- en loonmaatreëls, vakbondbeleid, werkstoestande en maatreëls wat opleiding affekteer.

### 10.5.1 Indiensnamebeleid

i Owerhede moet volle indiensname as 'n belangrike ekonomiese doelwit beskou. Die belangrikheid spruit voort uit die invloed op die welvarendheid of agterlikheid van arbeiders. Indiensname moet dus meer implisiet as eksplisiet wees.

ii In minder-ontwikkelde lande moet volle indiensname eerder as 'n langtermyn doelwit geag word, en moet daar oor die korttermyn gepoog word om meer werksgeleenthede te skep.

iii Aangesien die werklike indiensnamebeleid die produk is van vele ander ekonomiese en politieke beleidsmaatreëls moet die owerheid se ekonomiese program in terme van die implisiete indiensnamebeleid geanaliseer word.

iv Meer spesifieke indiensname beleidsmaatreëls rakende die indiensname van buitelandse werkers, die ontslag van werkers en die indiensname-oorwegings by die toekenning van lisensies en lenings, moet na gelang van omstandighede duidelik uitgestippel word.

v Die afgekondigde indiensnamebeleidsmaatreëls moet nie net 'n hoogs algemene doelwit wees nie, maar ook 'n riglyn vir resente optrede.

vi Ten slotte moet daar in gedagte gehou word dat die werklike indiensnamebeleid in die werking van ander ekonomiesebeleidsmaatreëls, indirek en implisiet eerder as direk en eksplisiet uitgedruk word.

### 10.5.2 Salaris- en Loonbeleid

i Die salaris- en loonbeleid moet nie net as die vae inkomstebeleid van die owerheid beskou word nie. Die salaris- en loonbeleid moet eksplisiet wees en nie alleen deel van die belasting-, investering-, toedeling van

/bronne-.........

bronne- en markbeleid vorm nie.

ii Vir sover dit minimum lone aangaan, moet daar nie alleen vae beleidsdoelwitte gestel word nie, maar moet spesifieke operasionele riglyne neergelê word.

iii Alhoewel owerhede gekonfronteer word met ingewikkelde ekonomiese en politieke vraagstukke vir sover dit minimum lone aangaan, is dit tog belangrik om analitiese- en aanvaarbare oplossings voor te stel.

iv Die minimum lone moet nie alleen deur die loonvlak wat die meer vooruitstrewende ondernemings kan betaal, bepaal word nie.

v Daar moet teen maatreëls wat polities geïnspireerd en nie op suiwer ekonomiese grondslag gebaseer is nie, gewaak word.

10.5.3 Vakbondbeleid

i Vakbonde moet slegs geag word as organisasies wat daarop uit is om die lone en werkstoestande van lede te verbeter.

ii Wetgewing is nodig om die vorm, beheer en administrasie van vakbonde voor te skryf.

iii Owerhede moet nie die vakbonde net as 'n ekonomiese instelling beskou nie, maar moet veral die potensiële en werklike politieke mag van vakbonde deeglik in ag neem.

iv Vakbonde moet as 'n stabiliserende faktor en krag wat die gedrag van diegene wat 'n wyse vir die bekendmaking van hul aspirasies en frustrasie soek, gesien word.

v Vanweë die ekonomiese en politieke mag van vakbonde moet owerhede deel hê aan die formulering van die regulasies en prosedures waaronder vakbonde moet funksioneer.

vi Owerhede moet vakbonde registreer, die reëls en prosedures vir kollektiewe bedinging vaslê, rekenkundige prosedures bepaal en fasiliteite vir arbitrasie waar kollektiewe bedinging misluk, bied.

/vii Openbare.........

vii Openbare administrateurs moet die ekonomiese beleid van die owerheid op so 'n wyse implementeer, dat dit voorsiening maak vir die werking van vakbonde.

#### 10.5.4 Werktoestande en Opleiding

i Werktoestande en opleiding moet as 'n belangrike deel van die mannekragbeleid beskou word. Daar moet teen die misbruik daarvan gewaak word.

ii Die gaping tussen die gestelde doelwitte vir beter werktoestande en geskikte opleiding en dit wat bereik word, moet sover moontlik vermy word. Om die rede moet wetgewing wat voorskrifte oor die werktoestand, veiligheid, gesondheidstandaarde, ongeskiktheid, pensioene en sosiale sekuriteite gee, ingestel word.

iii Die werkstoestande en opleidingsbeleid van die owerheid moet as deel van die algemene onderwys, gesondheid en welsynsbeleid, geag word.

### 10.6 GESONDHEID, ONDERWYS EN WELSYNSBELEID

Die breë beleidsmaatreëls vir gesondheid, onderwys en welsyn is reeds in hoofstuk 7 bespreek. Maar tog is dit andermaal belangrik om die rol en verantwoordelikheid van die owerheid in hierdie verband te erken, en enkele breë riglyne neer te lê.

i Die beleidsraamwerk moet die sosiale en politieke waardes van die gemeenskap reflekteer maar diepliggender as bloot die ekonomiese implikasie daarvan wees. Soos wat dit die geval is by alle belangrike sosiale aspekte van die gemeenskap, moet die owerheid 'n leidende rol vervul. Owerheidsbeleidsmaatreëls moet die raamwerk vir sodanige advies vorm.

ii Die verband tussen hierdie aktiwiteite en die werking van ekonomiese subsisteme en hul invloede op produktiwiteit, produksie en inkomsteverdeling moet deeglik in ag geneem word.

Ten spyte daarvan dat hierdie aktiwiteite nie suiwer ekonomies van aard is nie, moet ekonomiese koste-ontledings onderneem word. Sodoende word verseker dat skaarse hulpbronne optimaal benut word.

/iii Hierdie.........

iii Hierdie aktiwiteite moet so ingespan word dat dit tot die veranderde gemeenskap se aspirasies en toekomsverwagtinge bydra.

Die instelling van hierdie aktiwiteite en aanverwante beleidsmaatreëls dien as aanduiding van die rigting wat die gemeenskap inslaan. Dit moet nie net slegs aan die huidige behoeftes voldoen nie maar moet die toekomsverwagtinge in ag neem.

## 10.7 MARKBELEID

Markinstellings is van belangrikste instellings wat ontwikkel moet word, indien 'n bevredigende groeikoers en verbeterde inkomste-distribusie bereik wil word. Hierdie instellings moet as die weg tot verbeterde faktorinsette, stygende verkope en meer doeltreffende gebruik van finansiële bronne, gesien word.

i Dit moet die taak van die owerheid wees om regulasies aan die hand waarvan markinstellings moet funksioneer, in te stel en te erken, op te tree as 'n arbiter in geskille en die gestelde regulasie te bekragtig.

ii Die owerheid moet 'n gees van erkenning en instemmendheid handhaaf. Geen noemenswaardige markinstellings kan sonder dit funksioneer nie.

iii Die owerheid moet ook die klimaat waarbinne die markinstellings funksioneer skep. Hierdie klimaat moet verwagtinge en verdiskontering van verwagte opbrengste van investeerders positief beïnvloed.

iv Die direkte maatreëls wat ingestel word, moet van so 'n aard wees dat dit die markinstellings kan vorm. Dit sluit maatreëls wat bepaal watter ondernemings of individue in spesifieke markaktiwiteite kan deelneem en ook onder andere die regulasies wat die funksionering van die markinstellings beïnvloed, in. Die indirekte maatreëls moet hoofsaaklik maatreëls soos prysbeheer en -vasstelling, lisensiëring en invoerlisensies insluit.

## 10.8 VALUTABELEID

Volgens Johnson (HG 1969 p 74) is beleidsmaatreëls wat met die verkryging en gebruik van valuta verband hou, van die belangrikste ekonomiese beleidsmaatreëls van die owerheid, en moet as sodanig deur die owerheid geformuleer en geadministreer word.

/i Aangesien.........

i Aangesien uitvoer in minder-ontwikkelde lande teen 'n stadiger tempo as invoer toeneem, is dit noodsaaklik dat owerhede toesien dat die toedeling van valuta ooreenkomstig sekere prioriteite plaasvind.

ii Buitelandse valutabeleidsmaatreëls moet as 'n spesiale integrale deel van die monetêre- en fiskale beleid beskou word. Bogenoemde beleidsmaatreëls is in so 'n mate geïntegreerd dat owerheidsuitgawes met die beskikbaarheid van binnelandse geldeenhede en buitelandse valuta verband moet hou.

iii Die behoeftes aan en gebruike van valuta is so wydverspreid dat beleidsmaatreëls vir die verkryging en aanwending daarvan alle belangrike sektore van die ekonomiese stelsel beïnvloed. Hierdie aard en omvang van buitelandse valutabeleid moet in ag geneem word.

iv Vanweë die skaarsheid van valuta moet die owerheid of private ondernemings sekere prioriteite vir die aanwending van valuta neerlê.

v Daar word ook aanbeveel deur Johnson (HG 1969 p 74) dat owerhede moet toesien dat alle verkreë valuta in binnelandse geldeenheid omgewissel word.

vi Verder moet die aanwending van valuta aan die hand van prioriteite geskied. Sodoende sal sekere binnelandse nywerhede daardeur geskep word, terwyl ander onderdruk of verminder word.

vii Die aanwending van valuta moet deel van die owerheid se pogings wees om kapitaalvorming aan te moedig.

viii Die owerhede moet die verantwoordelikheid aan die dag lê om uitvoer so te stimuleer dat valuta bekom word.

ix Ten slotte moet besef word dat, indien valutabeleidsmaatreëls swak ontwerp en onvolledig geïmplementeer word, sal die maatreëls die pogings om produktiwiteit te verhoog en beter inkomsteverdeling te realiseer, nadelig beïnvloed.

## 10.9 SAMEVATTING

Die kompleksiteit en gesofistikeerdheid van owerhede en hul aktiwiteite maak dit

/onmoontlik.........

onmoontlik om vir die bespreking 'n beleidsraamwerk voor te stel wat reg laat geskied aan die komplekse en gesofistikeerde aard van owerhede en hul aktiwiteite. Nogtans moet die kompleksiteit en gesofistikeerdheid nie in die weg staan in die toepassing van eenvoudige en minder komplekse alternatiewe beleidsmaatreëls nie. As die ekonomiese agterlike gemeenskappe en hul owerhede maar net sal besef dat dit beter is om met eenvoudige en minder komplekse alternatiewe beleidsmaatreëls te begin en later die meer komplekse en gesofistikeerde maatreëls te implementeer, sal ontwikkelingspogings nie tevergeefs wees nie. Terselfdertyd moet erken word dat die optredes van minder-ontwikkelde lande se owerhede nie tot skipbreuk gelei of gedwing moet word deur buitelandse meer ontwikkelde en gesofistikeerde owerhede nie. Laasgenoemde gemeenskappe moet hul hand in eie boesem steek en die meer ekonomies agterlike gemeenskappe bystaan in hul pogings om met hul beperkte kapasiteite die komplekse ontwikkelingsproblematiek op te klaar.

Laat ons dan vervolgens kyk na 'n breë beleidsraamwerk wat ontwikkelde gemeenskappe se owerhede kan implementeer om sodoende by te dra tot die opheffing van ekonomies agterlike gemeenskappe.

oooooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 11

# BELEIDSRAAMWERK VIR DIE ONDERSTEUNING EN UITBREIDING VAN 'N STABIELE EN FUNKSIONELE BINNELANDSE OWERHEID

## 11.1 INLEIDING

Volgens John Stuart Mill

> "..... the opening of a foreign trade ..... sometimes works a sort of industrial revolution in a country whose resources were previously underdeveloped" (Todaro MP 1977 p 291).

Hierdie beskouing van Mill het in die na-oorlogse ontwikkeling so tot in die vyftiger- en sestigerjare, volgens Todaro (MP 1977 p 291) gegeld. Dit kan ongelukkig nie vandag positief ondersteun word nie. Die huidige ekonomiese minder-ontwikkelde lande word tot 'n groot mate vandag deur die oopstelling van die internasionale handel beperk. Volgens Todaro (MP 1977 p 291) is dit vandag eerder 'n situasie waar

> " ........ elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê, maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het weggeneem word" (Mattheus 25:29).

Die grootste rede hiervoor is dat minder-ontwikkelde lande vir die verkryging van die noodsaaklike valuta van nie-minerale primêre produkuitvoer afhanklik is. (Vergelyk par 3.2.8 p 43). Aangesien die mark vir hierdie produkte besonder onstabiel is, is hierdie lande aan groter risiko en onsekerheid onderworpe. Dit is nadelig vir binnelandse ontwikkeling.



/Aangesien .............

Aangesien die grootste gedeelte van minder-ontwikkelde lande se inwoners net bo die minimum bestaanspeil lewe, kan enige gerealiseerde verliese tot vergrote armoede, sterftes en sosio-ekonomiese wanorde lei. (Vergelyk par 3.2.1 p 24).

Vanweë die hoë graad van onelastisiteit van die uitvoer en die steeds groeiende invoer vanaf ryk lande, ondervind hierdie gebiede 'n groeiende druk op binnelandse bronne vanweë die druk op hul internasionale monetêre reserwes. (vergelyk par 3.2.8 p 43)

Sou die oopstelling van die internasionale handel oorweeg word, het dit nie net ekonomiese- en sosio-ekonomiese implikasies in die vorm van:

> " ..... development or antidevelopmental influences of the transfer of production, technologies, consumption patterns, institutional and organisational arrangements, educational, health and social systems and the more general values, ideals and life styles of the world, both capitalist and socialists" (Todaro MP 1977 p 292).

Dit is dan om hierdie redes waarom gunstige internasionale handelsbetrekkinge gehandhaaf moet word. 'n Meer belowende strategie kan dan een wees waar minder-ontwikkelde gebiede internasionaal opereer, maar tot hul voordeel as individue of 'n groep lande. Sodoende kan hul interne ekonomieë geïntegreer word en 'n gekoördineerde ontwikkelingstrategie nagevolg word.

Vervolgens word die elemente en maatreëls van 'n sinvolle beleid oor internasionale betrekkinge behandel aan die hand van Laszle. (E 1979 pp 70-156)

## 11.2 ELEMENTE VAN 'N SINVOLLE BELEID RAKENDE INTERNASIONALE BETREKKINGE

### 11.2.1 Ekonomiese Soewereiniteit van State

Volgens Laszle (E 1979 p 159) moet meer deurtastende en konkrete stappe nog deur lande individueel óf op 'n kollektiewe grondslag onderneem word om weg te doen met kolonialisme, imperialisme, neo-kolonialisme, inmenging in interne sake, rassediskriminasie en alle vorme van buitelandse aggressie. Hierdie elemente skep belangrike struikelblokke vir die proses van minder-ontwikkelde lande om vinniger te ontwikkel.

/11.2.2 Stelsel............

### 11.2.2. Stelsel van Konsultasie
(Vergelyk Laszle op cit p 156)

#### 11.2.2.1 Basis van Konsultasie

'n Stelsel van konsultasie en samewerking moet op 'n globale, streeks- en sektorale grondslag gevestig word. Dit vereis verbeterde institusionele strukture.

#### 11.2.2.2 Deelname in Wêreldorganisasie

i Herstrukturering van die ekonomiese en sosiale departemente van die Verenigde Volke Organisasies kan daartoe bydra dat hierdie wêreldorganisasie kragtiger kan reageer op die behoeftes aan beter en nouer internasionale ekonomiese en sosiale samewerking.

ii Geskikte deelname van minder-ontwikkelde lande in ontwikkelingsorganisasies soos die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds moet verseker word.

#### 11.2.2.3 Ekonomiese en Tegniese Samewerking

Ekonomiese en tegniese samewerking moet versterk word.

i Verbeterde ekonomiese samewerking moet insluit:
   (a) Beter benutting van vaardighede, natuurlike hulpbronne en tegnologie, sodat investering in landbou, vervoer, kommunikasie aangemoedig kan word;
   (b) maatstawwe wat handel op internasionale vlak vergemaklik; en
   (c) die oordrag van tegnologie.

ii Verbeterde tegniese samewerking moet insluit:
   (a) Beter benutting van bestaande kapasiteite, ondervinding en die ontwikkeling van nuwe kapasiteite;
   (b) die skepping van kommunikasie kanale;
   (c) die bevordering van en versterking van ekonomiese integrasie op geografiese basis;
   (d) die bespoediging van die menigvuldiger effek van tegniese samewerking wat reeds deur bilaterale en multilaterale kanale geskep is;en
   (e) koördinering van beleidsmaatreëls.

/11.2.3 Voorsiening .........

### 11.2.3 Voorsiening van Basiese Behoeftes
(Vergelyk Ghai D 1979 p 58)

i Gegewe die regverdigheid van 'n strategie vir die voorsiening van basiese behoeftes, kan internasionale agente 'n besondere rol vervul deur:

(a) Die konseptuele en metodologiese agtergrond van die basiese behoefte strategie te ontwikkel, en

(b) oor die langtermyn behulpsaam te wees met die ontwerp, formulering en implementering van die basiese behoefte strategie.

ii Indien internasionale agente 'n effektiewe bydrae wil lewer, is dit van besondere belang dat 'n algemene en ooreengekome strategie geformuleer moet word. Dit moet geïnkorporeer word in die "United Nations Development Decade Strategy".
Voorts moet hierdie benadering

> "...... guide and run through the operational, research and other activities of the UN family of organisations" (Ghai DP 1977 p 59).

iii sodanige strategie moet ook die raamwerk bied waarbinne ontwikkelingshulp van multilaterale en bilaterale agente, bepaal en gekanaliseer word.

iv Internasionale agente moet dien as oordragorgaan van ondervindinge en resultate in ander lande, na lande wat beperkte resultate lewer.

### 11.2.4 Mededingendheid van Natuurlike Hulpbronne
(Vergelyk Laszle op cit p 146)

#### 11.2.4.1 Sintetiese Substitute

i Die mededingendheid van natuurlike hulpbronne moet gesien in die lig van die toenemende belangrikheid van sintetiese substitute, verbeter word.

ii In gevalle waar natuurlike materiale aan die vereistes van die mark voldoen, moet alle investering in die produksie van sintetiese produkte ontmoedig word.

/11.2.4.2 Ekologiese.........

11.2.4.2 **Ekologiese Voordele**

Die markte vir · natuurlike produkte moet vergroot word en daar moet op die ekologiese voordele van die produkte geonsentreer word. 'n Meer gedetaileerde program gerig op die tegniese- en nywerheidsaspekte van die ekologiese- ekonomiese evaluering van die mededingendheid van sintetiese en natuurlike produkte moet onderneem word.

11.2.4.3 **Bepaling van Potensiaal**

Die hooftaak van belangrike internasionale instellings moet op navorsing en ontwikkeling van potensiaal van natuurlike hulpbronne konsentreer.

11.2.5 **O n t p l o o i i n g v a n 'n N y w e r h e i d s p r o d u k s i e p r o g r a m** (Vergelyk Laszle op cit p 120)

Ontwikkelde lande moet nuwe beleidsmaatreëls en die toepassing van bestaande maatreëls vergemaklik, sodat

> " ..... (it can) encourage the redeployment of industries which are less competitive internationally to developing countries, leading to structural adjustment in the former and a high degree of utilization of natural and human resources in the latter" (Laszle E 1979 p 120).

Die bogenoemde moet die ekonomiese struktuur en die ekonomiese-, sosiale en sekuriteitsdoelstellings van ontwikkelde lande en die nodigheid om sodanige nywerhede na meer lewensvatbare produksielyne of na ander sektore van die ekonomie te verskuif, in ag neem.

Die nywerhede waarvoor onderhandel kan word is die:

(a) Wat baie arbeidsintensief is; en

(b) wat plaaslike natuurlike hulpbronne verbruik en prosesseer.

11.2.6 **U i t v o e r s t i m u l e r i n g**
(Vergelyk Laszle op cit p 70)

Die ekonomiese beleid van ontwikkelde lande moet so gewysig word dat dit die uitbreiding en diversifikasie van die uitvoer van minder-ontwikkelde lande vergemaklik. Die ontwikkelde lande moet verseker dat:

/i Die .............

i Die vervaardigde en semivervaardigde produkte van minder-ontwikkelde lande toegang tot wêreldmarkte het.

ii Tarief en nie-tarief belemmerings geëlimineer of beperk word.

iii Die bestaande voorkeurbehandeling aan minder-ontwikkelde lande op 'n nie-diskriminerende basis uitgebrei word.

iv Binnelandse produksielyne verskuif word na gebiede waar die langtermyn komperatiewe voordele ten gunste van minder-ontwikkelde lande is.

### 11.2.7 Eliminering van Beperkende Handelspraktyke
(Vergelyk Johnson HG 1969 p 104)

Beperkende besigheidspraktyke moet geëlimineer word en pogings aangewend word om te beraadslaag oor 'n stel van gelykwaardige beginsels en reëls.

Daar moet gepoog word om internasionale kodes te formuleer, aan te pas en te implementeer om sodoende:

i Toe te sien dat multinasionale ondernemings nie inmeng met die interne aangeleenthede van lande waarbinne hulle aktiwiteite plaasvind nie.

ii Hul aktiwiteite te reguleer sodat dit nie bots met doelstellings van die interne nasionale ontwikkelingsplan nie.

iii Te help met die oordrag van tegnologie en bestuursvaardighede na minder-ontwikkelde lande.

iv Die herinvestering van winste in minder-ontwikkelde lande aan te moedig.

v Die repatriasie van winste te reguleer.

### 11.2.8 Oordrag van Tegnologie
(Vergelyk Laszle op cit p 125)

#### 11.2.8.1 Internasionale Kode

i Vanweë die belangrikheid van tegnologie in die ontwikkelingsproses

/moet .........

moet 'n meganisme geskep word om die oordrag van tegnologie na minder-ontwikkelde lande te reguleer.

ii 'n Internasionale kode vir die oordrag van tegnologie gepas vir die behoeftes en toestande in minder-ontwikkelde lande moet geformuleer word.

**11.2.8.2 Toegang tot Tegnologieë**

Toegang tot moderne tegnologieë moet aan minder-ontwikkelde lande verleen word. Die toepassing van moderne tegnologieë moet nie bots met die globale ontwikkelingsdoelwitte soos byvoorbeeld arbeidsintensifikasie, nie.

**11.2.8.3 Aanwending van Tegnologieë**

Die verkreë tegnologie moet aangepas word om te voldoen aan die spesifieke ekonomiese, sosiale en ekologiese toestande asook die wisselende stadiums van ontwikkeling in minder-ontwikkelde lande.

**11.2.8.4 Navorsingsprojekte**

Die ontwikkelde lande moet minder-ontwikkelde lande bystaan in navorsingsprojekte en die skepping van gepaste inheemse tegnologie.

**11.2.9 Private Investering**
(Vergelyk Johnson HG 1969 p 128)

**11.2.9.1 Kapitaalvorming**

Private buitelandse investering het groter voordele bo die van kapitaaloordragte van owerhede en tegniese hulpverlening, en moet as sodanig aangemoedig word om die gebrekkige kapitaalvormingsproses in minder-ontwikkelde lande aan te vul.

**11.2.9.2 Belastingtoegewings**

Ontwikkelde lande moet belastingtoegewings maak om private investering in minder-ontwikkelde lande aan te moedig.

/11.2.9.3 Ekonomiese ............

### 11.2.9.3 Ekonomiese en Politieke Oorwegings

Beleidsmaatreëls wat geformuleer word om private investering in minder-ontwikkelde lande aan te moedig moet beide die ekonomiese as politieke oorwegings in ag neem:

i Die ekonomiese oorweging is naamlik die verlies aan binnelandse belasting.

ii Die politieke oorweging is naamlik die antagonisme wat daar in minder-ontwikkelde lande bestaan jeens private investeerders van ontwikkelde lande in minder-ontwikkelde lande.

"It might therefore be worthwhile to explore the possibility of devising fiscal incentives for private foreign investment that would discriminate in favour of those forms of investment and types of economic activity that generate the least suspicion and illwill and against those that are potentially the most political explosive"(Johnson HG 1969 p 128).

### 11.2.10 Heronderhandeling van Minder-ontwikkelde Lande

(Vergelyk Laszle op cit p 11)

Toepaslike maatreëls, insluitend internasionale optrede, moet dringend oorweeg word om die konsekwensies van die eksterne las van die saamgevoegde skuld teen harde termes op huidige en toekomstige ontwikkeling van minder-ontwikkelde lande te temper.

Die reorganisasie van skuld moet:

i Die ontwikkelingspotensiaal en vooruitsigte van die debiteurland in ag neem.

ii Die beginsel van gelykheid en nie-diskriminasie tussen krediteure bevorder.

iii Die langtermyn verwagte rentedraende kapasiteit van die debiteursland en die legitimeerde belange van die krediteursland in ag neem.

iv Voorsiening vir groter buigsaamheid maak.

/11.3 Samevatting.........

## 11.3 SAMEVATTING

Oor die belangrikheid van internasionale handel in die ontwikkeling van minder-ontwikkelde lande bestaan daar min twyfel (kyk par 3.4.3.3 p 64 vir 'n verduideliking van die bose kringloop van armoede en par 3.2.8 p 43 vir 'n sinoptiese uiteensetting van die feitelike situasie vir minder-ontwikkelde lande). 'n Groter mate van twis bestaan in die internasionale gemeenskappe oor die wyse waarop minder-ontwikkelde lande ondersteun moet word.

In hierdie hoofstuk is daar tot die slotsom gekom dat die internasionale gemeenskap kan meehelp om die bose kringloop van armoede te verbreek, deur hul invloed op die volgende elemente weer in oënskou te neem en wysigings so aan te bring dat 'n beter internasionale orde verwesenlik kan word.

Die elemente van 'n sinvolle beleid rakende internasionale betrekkinge word in hierdie hoofstuk as volg geïdentifiseer:

- i Ekonomiese soewereiniteit van state.
- ii Stelsel van konsultasie.
- iii Voorsiening van basiese behoeftes.
- iv Groter mededingendheid van natuurlike hulpbronne.
- v Ontplooiing van 'n nywerheidsproduksieprogram.
- vi Uitvoerstimulering.
- vii Eliminering van beperkende handelspraktyke.
- viii Wyse van oordrag van tegnologie.
- ix Bevordering van private investering.
- x Heronderhandeling van minder-ontwikkelde lande se skuld.

In die proses waartydens die internasionale gemeenskap hul bydrae in die opheffing van die minder-ontwikkelde lande in heroënskou neem, moet daar deurgaans in gedagte gehou word dat 'n beter internasionale orde slegs geskep kan word indien die grootste gedeelte van minder-ontwikkelde lande se inwoners bo die minimum bestaanspeil lewe, om sodoende die moontlikhede van verliese wat tot vergrote armoede, sterftes en sosio-ekonomiese wanorde kan lei, as gevolg van die groter risiko's van internasionale handel, te kan beperk.

oooooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 12

# SAMEVATTING

In die poging om 'n beleidsraamwerk vir sinvolle ekonomiese ontwikkeling saam te stel, is bevind dat daar veral drie aspekte onderliggend tot die formulering van die beleidsraamwerk is, naamlik:

1 Die interpretasie en betekenis van die terme ekonomiese ontwikkeling;

2 die ekonomiese struktuur van minder-ontwikkelde lande en die samestelling van die bose kringloop van armoede; en

3 die stel van ontwikkelingsdoelwitte.

Vanweë die omvangrykheid van die ontwikkelingsproses en die uiteenlopende aard van die fasette daarvan, moet ontwikkelingsbeleidmakers noodwendig hul van verskillende interpretasies van die terme ontwikkeling vergewis.[1] In die bestudering van die historiese ontwikkeling van die terme en betekenis van ontwikkeling is daar gou besef dat die interpretasie en betekenis van die terme ontwikkeling deur die heersende omstandighede bepaal word.[2]

Vanuit die historiese beskouing van die terme ekonomiese ontwikkeling is dit moontlik om die aspekte wat deur die jare beklemtoon is, uit een te sit.[3] Die tradisionele beskouing van die ontwikkelingsproses kom duidelik na vore deur 'n bestudering van die Klassieke,[4] Neo-klassieke,[5] Marxistiese[6] en Post-Keynesiaanse skool van denkers.

---

1 Kyk par 2.1 p 5
2 Kyk par 2.2 p 5
3 Kyk par 2.2.6 p 14
4 Kyk par 2.2.2 pp 6-8
5 Kyk par 2.2.3 pp 8-9
6 Kyk par 2.2.4 pp 9-14

 / Die ..............

Die genoemde denkers het hoofsaaklik net klem op ekonomiese veranderlikes wat die ontwikkelingsproses beïnvloed, gelê, naamlik:[7]

1 Die graad van tegnologie;
2 die kwantiteit en kwaliteit van die arbeidsmag;
3 die hoeveelheid en samestelling van die kapitaalvoorraad; en
4 die aard van die natuurlike hulpbronne.

Weinig aandag is gegee aan die sosiale en politieke faktore wat 'n interverwantskap met die genoemde ekonomiese faktore toon. Om dus 'n beter begrip van die ekonomiese ontwikkelingsproses te verkry, was dit noodsaaklik om besondere aandag aan teorieë wat poog om ook die nie-ekonomiese faktore met die ekonomiese faktore te integreer, te gee.[8] Sonder hierdie teorieë sou dit moeiliker gewees het om die dissiplines se bydrae tot die oplossing van die moeilike vraagstukke te kan bepaal.

Vanuit die bestudering van die histories-tradisionele en resente teorieë oor die term Ekonomiese Ontwikkeling[10] is die afleiding gemaak dat die ontwikkelingsproses deur baie veranderlikes beïnvloed word wat individueel en gesamentlik as gevolg van die komplementariteit van ekonomiese veranderlikes belangrik is.[11] Daar is dus aanvaar dat ekonomiese ontwikkeling nie net deur enkele veranderlikes beïnvloed word nie,[12] maar 'n multidimensionele aard het.[13]

Juis as gevolg van hierdie ekonomiese ontwikkelingsproses se aard is dit nie moontlik om die teorieë van die klassieke ekonome, of die van die neo-klassieke ekonome, insluitend die Marxistiese Skool of die Post-Keynesiaanse Skool, as enkele basis vir die formulering van 'n beleidsraamwerk vir sinvolle ekonomiese ontwikkeling te beskou nie.[14]

Soos reeds vermeld, het die tradisionele denkers slegs bepaalde ekonomiese

---

7 Kyk par 2.2.6 p 14
8 Kyk par 2.3 pp 16-18
9 Kyk par 2.2 pp 6-16
10 Kyk par 2.3 pp 16-19
11 Kyk par 2.4 p 21
12 Soos wat die tradisionele teorieë wil voorgee nie. Kyk par 2.2 pp 6-16
13 Kyk par 2.3.3. pp 18-19
14 Kyk par 2.4 p 21

/veranderlikes .............

veranderlikes as die struikelblok/ke in die pad van volgehoue ekonomiese ontwikkeling voorgehou. Met die toenemende agteruitgang[15] in die vlak van ekonomiese ontwikkeling van veral die Derde Wêreld is daar weldra besef dat, vanweë die multidimensionele aard van die ontwikkelingsproses, die struikelblokke in 'n bose kringloop van armoede verstrengeld geraak het.

Tesame met die tradisioneel geïdentifiseerde veranderlikes het die beskrywing van die huidige ekonomiese struktuur van minder-ontwikkelde lande[16] dit moontlik gemaak om die multidimensionele ontwikkelingsproses met daardie veranderlikes wat volgehoue ekonomiese ontwikkeling baie beperk te kombineer.[17]

Vanweë die feit dat baie struikelblokke in die pad van ontwikkeling sowel oorsake as gevolge van armoede is, bestaan daar bepaalde verwantskappe wat aanleiding tot die lae peil van ontwikkeling gee. Die studie van die bose kringloop van armoede het dan lig op die oorsake en gevolge van ekonomiese onderontwikkeldheid gewerp.[18] In die studie is hoofsaaklik aan die tradisionele opvatting van die bose kringloop van armoede aandag gegee[19] en is geleidelik tot 'n meer saamgestelde bose kringloop van armoede gevorder.[20]

Die tradisionele opvatting dat die bose kringloop van armoede alleen deur kapitaalvorming verbreek kan word,[21] het nie met die werklikheid waartydens die ekonomiese onderontwikkeldheid dieper gewortel geraak het tred gehou nie. In die ontwikkeling van 'n meer omvattende bose kringloop van armoede het dit gou geblyk dat die verbreking daarvan nie net in kapitaalvorming opgesluit lê nie. Antwoorde moet verder gesoek word en moet die volgende insluit:[22]

1 Regstelling van die:
  - i Bevolkingsontploffing
  - ii Verwronge marktoestande.

2 Bevordering van:
  - i Produktiwiteit

---

15 Kyk par 4.1 p 66
16 Kyk par 3.2 en par 3.3 pp 23-49
17 Kyk par 3.4 pp 49-65
18 Kyk par 3.4.3.1 p 52
19 Kyk par 3.4.3.2 pp 53-56
20 Kyk par 3.4.3.3 pp 56-63
21 Kyk par 3.4.3.2 p 53
22 Kyk par 3.4.3.3 pp 63-65

/ii Kapitaalvorming..............

ii Kapitaalvorming
iii Plaaslike owerheidsoptrede
iv Gunstige buitelandse betrekkinge.

In figuur 3[23] word bogenoemde in 'n meer omvattende bose kringloop van armoede geïdentifiseer as ses afsonderlike kringlope van 'n omvattende bose kringloop van armoede.[24]

Alvorens 'n beleidsraamwerk vir die oplossing en verbreking van die bose kringloop van armoede saamgestel kon word, is dit belangrik om die ontwikkelingsdoelwitte duidelik uit te spel.

Ekonomiese doelwitte wat geïdentifiseer is, is die volgende:

1 Volle indiensname;
2 beter verspreiding van inkomste;
3 die handhawing van 'n bevredigende beleggingskoers;
4 die handhawing van stabiliteit met die buiteland; en
5 die handhawing van 'n stabiele prysstruktuur.[25]

Hieruit het die potensiële konflik en verenigbaarheid van die doelwitte geblyk. Daarom moet dit op so 'n wyse gekoördineer word dat dit gesamentlik die volgende kan bereik:

1 Selfontwikkeling;
2 ekonomiese groei;
3 ekonomiese geregtigheid;
4 regverdige verdeling van die nasionale produk; en
5 sosiale struktuurwysiginge.[26]

Na die bespreking van hierdie drie belangrike aspekte onderliggend tot die formulering van die beleidsraamwerk was dit moontlik om 'n beleidsraamwerk vir die oplossing en verbreking van die bose kringloop van armoede te formuleer.[27]

---

23 Kyk p 62
24 Hierdie resultaat kan beskou word as die kern van die studie aangesien Afdeling B "Raamwerk vir die oplossing en verbreking van die bose kringloop van armoede" hierop gebaseer is.
25 Kyk par 4.2 p 68. Vir 'n volledige bespreking van elke doelwit, kyk par 4.2.1 tot 4.2.6, pp 68-71
26 Kyk par 4.3 pp 71-75
27 Kyk Afdeling B pp 76-151

/In die.............

In die formulering van 'n beleidsraamwerk vir menslike hulpbronontwikkeling[28] is twee moontlike oplossings aangebied.

Ten eerste is 'n beleidsraamwerk voorgestel waarmee geboorte- en sterftekoerse gemanipuleer kan word.[29] In die toepassing van hierdie beleidsraamwerk moet daar deurentyd ook op die voordele van 'n toename in die bevolking ag geslaan word.

Vanweë die ondoeltreffendheid van geboortebeperkings is daar meer op faktore soos inkomste en opleiding gelet, wat 'n negatiewe korrelasie met die bevolkingsaanwas het.[30] Die voorsiening van basiese behoeftes is in hierdie studie beskou as 'n metode om inkomste en geletterdheidspeile te verhoog en sodoende die toenemende bevolkingsgroei die hoof te bied.[31]

Die beter aanwending van bestaande bronne is vervolgens as een van die elemente van 'n meervoudige bose kringloop van armoede geïdentifiseer. Dit kom daarop neer dat 'n beter aanwending van bestaande bronne die produktiwiteit van die gemeenskap sal verhoog en sodoende ekonomiese ontwikkeling moontlik maak. In die soeke na 'n beleidsraamwerk vir die beter aanwending is daar klem geplaas op die volgende:[32]

1 Mannekragbenutting;
2 landbouontwikkeling;
3 nywerheidsontwikkeling;
4 mynbouontwikkeling;
5 handel en dienste-sektor ontwikkeling; en
6 tegnologiese vernuwing.

Elkeen van bogenoemde aspekte word kortliks bespreek.

Die beleidsraamwerk vir die beter benutting van beskikbare en potensiële manne-

28 Kyk hfs 6 pp 79-93
29 Kyk par 6.2 pp 80-81
30 Kyk par 6.3 pp 81-93
31 Alhoewel die voorsiening van basiese behoeftes wel beter arbeidsproduktiwiteit tot gevolg kan hê, word in hierdie studie 'n onderskeid tussen menslike hulpbronontwikkeling (hfs 6 pp 79-93) en mannekragbenutting (par 7.2 pp 95-104), getref.
32 Kyk hfs 7 pp 94-118.
Menslike hulpbronontwikkeling het te make met die verbeterde doeltreffendheid van die menslike hulpbron terwyl mannekragbenutting gesien is as die beter aanwending van arbeid as een van die produksiefaktore.

/krag ..............

krag moet die volgende insluit:[33]

i Voldoende werkgeleentheidskepping.
ii Verbeterde loonbeleid.
iii Verbeterde deelname van vroue, jeugdiges en ander in die ekonomiese lewe.
iv Die meer verantwoordelike rol van werkersorganisasies.
v Die skepping van 'n gebalanseerde ekonomiese struktuur tussen plattelandse en stedelike gebiede.
vi Die beperking van verwronge faktorpryse.
vii Die toepassing van gepaste arbeidsintensiewe tegnologie.
vii Die wysiging of aanmoediging van ander faktore wat die kwaliteit van die arbeidsmag bepaal.

Bogenoemde komponente van 'n beleidsraamwerk vir die beter aanwending van beskikbare- en potensiële mannekrag moet in 'n geïntegreerde mannekragbeleid saamgevoeg word. Die komponente van so 'n geïntegreerde mannekragbeleid is die volgende:[34]

i Mannekragvooruitskatting.
ii Onderwysbeplanning.
iii Arbeidsmarkbeplanning.

Vanweë die groeiende plattelandse-stedelike migrasie is dit noodsaaklik dat meer aandag aan die vermoë en potensiaal van die plattelandse ekonomie bestee word. Laasgenoemde is as belangrik beskou vanweë die potensiaal van die plattelandse ekonomie om te help met die absorpsie van die stygende aantal werksoekers. Landbouontwikkeling kan 'n onmiskenbare rol hierin vervul.[35]

Na bogenoemde bespreking is tot die slotsom gekom dat 'n beleidsraamwerk vir landbouontwikkeling op die volgende moet klem lê:

i 'n Sterk gemotiveerde benadering deur die owerheid.
ii Die keuse van metodes en die tydsperiodes waartydens dit aangewend moet word.
iii Die bepaling en formulering van die prysbeleid.

---

33 Kyk par 7.2.1 pp 95-101
34 Kyk par 7.2.2 pp 101-104
35 Kyk par 7.3.1 p 104

/iv Die..............

iv Die bepaling van subsidies.
v Die verandering van grondbesitvorme.
vi Die gebalanseerde landbouontwikkeling.
vii Streekgebaseerde landbouontwikkeling.
viii Toepaslike of praktyk-getoetste tegnologiese kennis.
ix Die toedeling van grond.

Soos landbouontwikkeling, vervul nywerheidsontwikkeling 'n kritieke rol in langtermyn ekonomiese ontwikkeling.[37] Nywerhede is een van die beste opleidingskole vir groter en beter vaardighede, is 'n belangrike bron van diversifikasie en strukturele wysigings, dit verhoog die ekonomiese aanpasbaarheid en onafhanklikheid van eksterne faktore. Die belangrikste aspekte waarvoor die beleidsraamwerk vir nywerheidsontwikkeling voorsiening moet maak is die volgende:

i Die wysiging van die nywerheidsbeleid en institusionele instellings.[38]
ii Die bevordering van inheemse kleinsake entrepreneurskap.[39]
iii Die bevordering van invoervervanging.[40]
iv Die stimulering van uitvoervervaardiging.[41]
v Die bevordering van streeksintegrasie.[42]

Vanweë die belangrikheid van primêre produksie in minder-ontwikkelde lande, kan mynbouontwikkeling nie as ondergeskik vir die ontwikkelingsproses geag word nie. Die uitgangspunt moet wees dat mynbouontwikkeling 'n optimale bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling sal lewer. Aandag moet aan die volgende sake geskenk word:

i Daar moet 'n doelbewuste poging aangewend word om die bronne te ontwikkel en sodoende toekomstige ekonomiese ontwikkeling aan te moedig.[43]

ii Erkende mynboumaatskappye moet sover moontlik aangemoedig word om tot mynbouontwikkeling by te dra.[44]

---

37 Kyk par 7.4 pp 107-108
38 Kyk par 7.4.1.1. pp 108-109
39 Kyk par 7.4.1.2 pp 109-110
40 Kyk par 7.4.1.3 p 110
41 Kyk par 7.4.1.4 pp 110-111
42 Kyk par 7.4.1.5 pp 111-112
43 Kyk par 7.5.1 p 112
44 Kyk par 7.5.2 p 113

/iii Aangesien.........

iii Aangesien mynbouontwikkelinge enorme kapitaal benodig, en dit hoofsaaklik deur private ondernemings voorsien word, moet owerhede waarborge verskaf.[45]

iv Geologiese ondersoeke moet geloods word om die mynboupotensiaal van die betrokke land te bepaal.[46]

v Aangesien minerale 'n verdwynende bate is, moet mynboumaatskappye aangemoedig word om deel van hul winste in ander meer prominente ondernemings te investeer.[47]

Vir die ontwikkeling van die handels- en dienstesektor moet die beleidsraamwerk klem lê op die volgende:

i Die bevordering en aanmoediging tot groter erkenning daarvan deur die owerheid.[48]

ii Die ruimtelike verdeling van ondernemings bevorder.[49]

iii Die aanvulling van plaaslike vaardighede deur die betrekking van buitelandse ondernemings en kundigheid.[50]

iv Die verbetering van institusionele aspekte, soos handelslisensies.[51]

Tegnologie is belangrik vir al die sektore in die ekonomie. Tegnologiese vernuwing is 'n voorvereiste vir die handhawing van 'n aanvaarbare stabiele ekonomiese ontwikkeling.[52] Die beleidsraamwerk vir die stimulering van tegnologiese vernuwing moet op die volgende let:

i Die aanwending van gepaste tegnologie maar in so 'n mate dat dit die kleinste moontlike nadelige effek op indiensname sal hê.[53]

---

45 Kyk par 7.5.3 p 113
46 Kyk par 7.5.4 p 113
47 Kyk par 7.5.5 p 113
48 Kyk par 7.6.1.1 p 114
49 Kyk par 7.6.1.2 p 114
50 Kyk par 7.6.1.3 p 114
51 Kyk par 7.6.1.4 p 114
52 Kyk par 7.7.1 p 116
53 Kyk par 7.7.2.1 p 116

/ii Faktorprysmanipulasie.........

ii Faktorprysmanipulasie.[54]

iii 'n Deeglike studie van intermediêre en aangepaste tegnologie moet onderneem word.[55]

Hiervoor is kapitaalvorming nodig, maar dit is as 'n onvoldoende element van 'n meervoudige bose kringloop van armoede geïdentifiseer.[56] Om beter kapitaalvorming te bewerkstellig, word die volgende elemente vereis

i 'n Doeltreffende en stabiele ekonomie.[57]

ii 'n Bevredigende spaarkoers.[58]

iii 'n Goeie kapitaalarbeidsverhouding.[59]

iv Die uitbouing en handhawing van 'n goeie balans tussen die private en openbare sektore in die ekonomie.[60]

v 'n Positiewe internasionale geld- en kapitaalmarkbydrae tot binnelandse kapitaalvorming.[61]

vi 'n Optimum toedeling van investeringsbronne.[62]

'n Verdere belangrike resultaat wat bereik is, is die identifisering van die algemene en spesifieke voorvereistes vir die funksionering van die markmeganisme. Die algemene voorvereistes wat geïdentifiseer is is die volgende:[63]

i Die grootte van die mark.

ii Die vlak van ingeligtheid van besluitnemers.

iii Die verdeling van rykdomme tussen individue.

iv Die voorsiening van gemeenskaplike produkte en dienste deur die owerheid aan individue.

Benewens die algemene voorvereistes, is die bestaan van spesifieke voorvereistes vir effektiewe funksionering van die markmeganisme, geïdentifiseer.[64]

---

54 Kyk par 7.7.2.2 p 116
55 Kyk par 7.7.2.3 p 117
56 Kyk par 3.4.3.3 pp 63-65
57 Kyk par 8.2 p 120
58 Kyk par 8.3 pp 120-122
59 Kyk par 8.4 p 122
60 Kyk par 8.5 p 122
61 Kyk par 8.6 pp 122-123
62 Kyk par 8.7 pp 123-125
63 Kyk par 9.2 pp 128-131
64 Kyk par 9.3 pp 131-132

/Dit.............

Dit sluit die volgende in.

i Private besit van produksiefaktore.
ii Vrye ondernemingskap.
iii Winsmotief.
iv Onbeperkte mededinging
v Outomatiese prysstelsel.
vi Erkenning van regsbeginsels.

Vanweë die onvolledige werking van die markmeganisme word 'n stabiele en funksionele binnelandse owerheid vereis.[65] Die skakel tussen die owerheid en die markmeganisme is tweeledig.

Eerstens skep die markmeganisme situasies soos byvoorbeeld dualisme, waar owerhede 'n bepaalde orde en welvaartsfunksie het. Hierdie verhouding kan meer beskryf word as 'n regstelling van die gevolge van die gebrekkige markmeganisme.[65]

Tweedens moet die owerheid die gebrekkige markmeganisme aanvul.[65] Die orde- en welvaartsfunksies van die owerheid is dan gemik op die voorsiening van dienste en produkte wat nie deel van die markmeganisme vorm nie. As voorbeeld kan gedink word aan verdediging of die handhawing van 'n stabiele waarde van geld as ordefunksies.

Die owerheid het egter bepaalde instrumente om vir die bogenoemde orde- en welvaarsfunksies in te span. In hierdie studie was die volgende ekonomiese beleidsinstrumente daarvoor geïdentifiseer en is daar riglyne vir die aanwending van die instrumente neergelê.

i Monetêre en fiskalebeleid.[66]
ii Brontoedeling en investeringsbeleid.[67]
iii Sektorale beleid.[68]
iv Mannekragbeleid.[69]
v Gesondheids-, onderwys- en welsynsbeleid.[70]

---

65 Kyk par 10.1 p 133
66 Kyk par 10.2 pp 134-135
67 Kyk par 10.3 pp 135-136
68 Kyk par 10.4 p 136
69 Kyk par 10.5 pp 136-139
70 Kyk par 10.6 pp 139-140

/vi Markbeleid........

vi Markbeleid.[71]
vii Valutabeleid.[72]

Die belangrikheid van internasionale handel in die ontwikkeling van minder-ontwikkelde lande is ook behandel.[73] Daar is 'n groot gevaar namate die afhanklikheid van minder-ontwikkelde lande en die dominante posisie van ontwikkelde lande in internasionale betrekkinge toeneem.[74]

Die slotsom is bereik dat 'n beleidsraamwerk vir sinvolle internasionale betrekkinge die volgende elemente ten opsigte van ontwikkelde en minder-ontwikkelde lande moet insluit.[75]

i Ekonomiese soewereiniteit van state.
ii Stelsel van konsultasie.
iii Voorsiening van basiese behoeftes.
iv Mededingendheid van natuurlike hulpbronne versus sintetiese produkte.
v Gebruik van 'n nywerheidsontwikkelingsprogram.
vi Wyses van groter uitvoerstimulering.
vii Eliminering van beperkende handelspraktyke.
viii Wyses vir groter private investering.
ix Beheer oor die oordrag van tegnologie.
x Heronderhandeling van minder-ontwikkelde lande se skuld.

'n Aspek wat ten slotte beklemtoon moet word is dat daar in die proses van onderhandeling met die doel om 'n nuwe internasionale orde gerig op die bogenoemde elemente van 'n beleidsraamwerk vir stabiele en funksionele buitelandse betrekkinge te skep, wegbeweeg moet word van paternalisme. Aan die ander kant moet minder-ontwikkelde lande hul weer verbind aan 'n gees van realisme en optree binne hul bepaalde vermoënssfeer.

> "But it is worth repeating
> that there seems to be
> no simple, primrose path
> to development."
> (Baldwin RE p 108)

---

71 Kyk par 10.7 p 140
72 Kyk par 10.8 pp 140-141
73 Kyk par 11.1 pp 143-144
74 Kyk par 3.2.8 pp 43-46
75 Kyk par 11.2 pp 144-151

ooooooooooooooooooo

**SYNOPSIS**

**Policy Framework for Meaningful Economic Development**

**Background to the Study**

Throughout the world people wake up each morning to face a new day in differing circumstances. Some live in large and comfortable homes; they are well fed, well clothed, in good health and are assured of a reasonable degree of financial security. Others - and these constitute more than two-thirds of the earth's four billion people - are much less fortunate: they have little or no shelter and inadequate food, their health is poor, they cannot read or write, they are unemployed, and their prospects of a better life are bleak or at best uncertain.

This study deals with the problems of the latter group and ways and means of creating communities in which they may enjoy better prospects.

**Objective**

The objective of this study is to identify the obstacles that stand in the way of meaningful economic development and to identify possible ways and means of stimulating economic development in less developed countries.

In doing so the aim is to provide a policy framework for meaningful economic development. It is envisaged that the less developed countries, with the help of the developed countries, can create a better economic dispensation and equality of freedom by sensitive implementation of the policy framework which will be proposed.

**Synthesis of the Study**

In formulating a policy framework for meaningful economic development it is necessary to obtain a clear picture of three underlying aspects.
These aspects are:
(a) Interpretation of the concept economic development.
Due to the complexity of the economic development process, as well as the divergent disposition of the facets of the process, it is important to take note of the different interpretations of the concept economic development. By

/means ..............

means of an historical appreciation of this concept it becomes possible to identify those variables which are regarded as fundamental to the economic development process. The traditional view of the economic development process is illustrated in the study of the Classical Theory Marxist model and the Post-Keynesian school.

Because the majority of these theories are only concerned with economic variables such as the degree of technology, the quality and quantity of the labour force, capital accumulation and the nature of resources, they have to be supplemented with recent theories which place the emphasis on non-economic variables.

(b) Formulation of the vicious circle of poverty on the basis of the theories mentioned above it is possible to identify the aspects involved in the process of economic development. This clearly shows the complexity of the development process, and it seems fair to reach the conclusion that the economic process is a multi-dimensional process. This fact is emphasized throughout the study.

The investigation into the development theories makes it possible to illustrate the complexity of the development process by disclosing it as a vicious circle of poverty. In illustrating the vicious circle the interrelationships of all the economic and non-economic variables are spelt out.

Consideration of the vicious circle of poverty provides a broad perspective of the multi-dimensional development process and shows the obstacles that must be eliminated and the aspects which need attention.

(c) Formulation of development objectives.
Before a policy framework can be formulated for the elimination of the obstacles mentioned and for developing the required solutions, the development objectives have to be determined. These give an idea how the framework must be formulated in order to solve the vicious circle of poverty while still fostering a community within the parameters spelt out by the objectives.

A picture of the three underlying aspects mentioned above having been obtained, it becomes possible to formulate a policy framework for meaningful economic development.

/The ............

The view of the traditional theories, viz that the only way to solve the vicious circle of poverty is by additional capital accumulation, does not keep track with the present situation where the less developed countries continue to be hand-cuffed as far as the decomposition of the vicious circle of poverty is concerned. In the composition of a more defined vicious circle of poverty it appears that not only does the decomposition of the vicious circle come about through additional capital accumulation but that it becomes necessary to find ways and means of solving the problems of:

a population explosion;
b defectiveness of the market mechanism;
c low levels of capital productivity;
d low levels of capital accumulation;
e inadequate political will of governments; and
f unhealthy existing international relationships.

There seems to be no simple path to development. To solve the existing inadequate development of two-thirds of the world, the developed countries should move away from a guardianship approach, while the less developed countries will have to act in a spirit of realism and within their capabilities.

oooooooooooooooo

**BIBLIOGRAFIE**


Adelman I en Morris CT 1972. **Economic Growth and Social Equity in Developing Countries.** California Stanford University Press.

Alpert P 1963. **Economic Development Objectives and Methods.** London. The Free Press of Glencoe.

Bain JS (red) 1976. **Essays on Economic Development.** Instituut vir Besigheids- en Ekonomiese Navorsing. Universiteit van Kalifornië. Berkeley.

Baldwin RE 1972. **Economic Development and Growth.** Tweede Uitgawe. New York. John Wiley and Son.

Barratt J 1976. **Strategy for Development.** SA Institute of International Affairs. MacMillan.

Baster N 1972. **Development Indicators.** In Baster N (red) 1972. **Measuring Development: The Role and Adequacy of Development Indicators.** London. Frank Cass.

Bauer PT 1965. **Economic Analysis and Policy.** London. Routledge and Kegan.

Berelson B 1974. **World Population Status Report.** New York. The Population Council.

Begnar J 1968. **Economic Policy and Planning in Developing Countries.** Budapest, Akadè Miai Kiadó.

Borgstrom GA **The Dual Challenge of Health and Hunger - a Global Crisis.** In Stanford, QH 1972. **The World's Population. Problems of Growth.** New York.

Brand SS 1973. "Economic Development as a Policy Objective." **Finance and Trade Review** 10: 168-75.

Cassel C 1923. **The Theory of Social Economy.** London.

Chenery H 1974. **Redistribution with Growth.** University of Sussex. Oxford University Press.

Claassen PE 1978. "Relatiewe Sektor-verskuiwing." 'n Vergelyking tussen drie berekeningsmetodes. **Tydskrif vir Streeksbeplanning** 7: 9-12.

Cloete JJ 1978. "Capital - a Stretegy for Promoting a Rapid Rate of Investment and of Economic Growth." **South African Banker**, 75: 140-47.

Condè J, Pariaso MJ en Ayasson VK 1979. **The Integrated Approach to Rural Development.** Health and Population. Parys. Development Centre of the Organisation for Economic Co-operation and Development.

Coulson M 1978. "Growth versus Inflation". **Management** 21-23.

Cronje F 1973. "Vital Importance of Rapid Economic Growth - to you and the Country." **Journal of the South African Federated Chamber of Industries** 7(3).

Cronje FJC 1976. "Wat moet ons ekonomiese doelwitte onder die huidige omstandighede wees?" Bedryfsleiding 9(2) 26-29.

De Jongh TW 1976. "Recent Economic Development in South Africa." **South Africa Banker** 73: 22-25.

De Kock GPC 1978. "Recent Shift of Emphasis in Short-term Economy Policy in South Africa." **Business Management** 9(a): 3-6.

De Kock GPC 1978. "Verhoog Ekonomiese Groeitempo." **Volkshandel** 39(10) 35.

Dickma A 1977. "Investment - The Implications for Economic Growth and Living Standards." **Optima** 27(1) 34-39.

Du Pisanie JA 1970. "Die Verband tussen die Private Ekonomiese Vermoënsstruktuur en die Ekonomiese Politiek." **Ongepubliseerde M.Comm. Verhandeling.** UP Pretoria.

Du Plessis DT. "Suidelike Afrika - 'n Beskrywende Studie van Enkele Stelsels van die Lande in die Subkontinent met die oog op die Bepaling van Ekonomiese Samewerking Moontlikhede." **Ongepubliseerde M. Admin. Verhandeling.**

E F T A 1973. **National Settlement Strategies: A Framework for Regional Development.** Geneva.

Fölscher GCK 1965. "Die Ontwikkelingsmoontlikhede van 'n Klein Onderontwikkelde Gebied Aangrensend aan 'n Groot Ontwikkelingsgebied, met Spesiale Verwysing na die Transkei." Pretoria. **Ongepubliseerde M.Comm. Verhandeling** Universiteit van Pretoria.

Fourie PC 1978. "Navorsing en Beleid vir Ontwikkeling." **Tydskrif vir Publieke Administrasie** S A I P A.

Fourie PC 1978. Referaat Gelewer Tydens 'n Beraad oor Sosio-ekonomiese Navorsing en Ontwikkelingsbeleid S A I P A.

Ghai D 1981. **Planning for Basic Needs in Kenya.** Geneva. International Labour Force Office.

Ghai D, Khan AR, Lee ELH en Alfthan T 1977. **The Basic-needs Approach to Development. Some Issues Regarding Concepts and Methodology.** International Labour Organisation, Geneva.

Goulets D 1974. "Development and the International Economic Order." **International Review** Vol 16(2).

Gräbe JGG 1977. "Ontstaan en Ontwikkeling van die Departement van Beplanning en die Omgewing." **Tydskrif van die Dept. van Beplanning en Omgewing** 11: 42-62.

Green L 1973 "Role of Planning in National Development" S A I P A 8: 472-89.

Griffin KB, Enos JL 1970. **Planning Development** London. Addison-Wesley. Publishing Company.

Hagen E 1968. **The Economics of Development.** Richard D Irwin. Illinois.

Halachmi A 1978. "Public Policymaking as a Developing Spiral." **Tydskrif vir Publieke Administrasie** 13: 131-45.

Hansen AH 1941. **Fiscal Policy and Business Cycles** New York WW Norton INC.

Higgens B 1959. **Economic Development.** London. Constable.

Instituut vir Sosiale Ontwikkeling 1976. Universiteit van Wes-Kaapland. **Alpha** 14(7) 5-7.

International Labour Office 1976. World Employment Conference. Meeting Basic Needs. Strategies for Eradicating Mass Poverty and Unemployment. Geneva.

Jacobs AS 1970. "Ekonomiese Ontwikkeling van Suid-Afrika tot die Jaar 2000 binne die Raamwerk van die Beleid van Afsonderlike Ontwikkeling. **Tydskrif vir Rasseaangeleenthede** 21: 123-29.

Jacobs AS 1974. "Growth Problems of the South African Economy with Particular Reference to the Population Explosion." **South Africa Medical Journal.** 48: 2512-14.

Jacobs AS 1976. "Resente Ekonomiese Ontwikkeling in Suid-Afrika." **Geoktrooi-eerde Rekenmeesters** 12: 373-75.

Johnson HG 1969. **Economic Policies Towards Less Developed Countries.** London. Unwin University.

Katz GSM 1966. **A System Approach to Development Administration.** American Society for Public Administration.

Korteweg P 1978. "Strategy for Growth." **Banker** 128: 25-6.

Kotze HJ en Van Wyk JJ 1980. **Basiese Konsepte in die Politiek.** Johannesburg. Mc Graw Hill.

Krogh DC 1971. "Voor- en Nadele van Stadige en Snelle Ekonomiese Groei." **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie.** 39: 37-41.

Kuscke GSJ 1970. "Capital Investment Essential to Future Economic Development." **South African Banker** 67: 340-46.

Leibman T 1977. "Towards a Marxian Model of Economic Growth." **American Economic Review** 67: 387-92.

Laszle E (red) 1979. **The Objectives of the New International Economic Order.** New York Unitar Pergamon Policy Studies. Pergamon Press.

Lewis AW 1966. **Development Planning. The Essentials of Econo.nic Policy.** London. George Allen and Unwin Ltd.

Leistner GME 1973. "Demografiese Aspekte van Ekonomiese Ontwikkeling." **Mercurius** 18: 1-16.

Ligthelm AA. "Die Ekonomiese Ontwikkelingsvraagstukke in die Tuislande met Besondere Verwysing na Werksgeleentheidskepping ." **Ongepubliseerde M.Comm. Verhandeling** PU vir CHO.

Lipsey RG 1975. **Positive Economics.** London. Vierde Uitgawe. Weidenfeld and Nicolson.

Lombard JA (red). **Economic Policy in South Africa. Selected Essays** Kaapstad HAUM

Lombard JA en Van der Merwe PJ 1977. "Individual Economic Responsibility: A Necessary Condition for a Stable Political Order in South Africa." Referaat gelewer tydens die Konferensie oor Pluralisme Kaapstad 24-26 Mei.

Luchett DG 1976. **Money and Banking.** New York. Mc Graw Hill Book Company.

Mahbub Ulttag 1973. "Crisis in Development Strategies." **World Development.**

Marshall A 1920. **Principles of Economics.** 8ste Uitgawe, Londen.

Mathery KF 1944. **Enough and to Spare.** New York. Harpen and Brothers.

Meier GM 1976. **Leading Issues in Economic Development.** Derde Uitgawe. New York. Oxford University Press.

Meier GM en Baldwin RE 1957. **Economic Development Theory. History and Policy.** London. John Wiley and Sons.

Morgan T 1975. **Economic Development. Concept and Strategy.** New York. Harpen en Low.

Myndal G 1957. **Economic Theory and Underdeveloped Regions.** London.

Müller HJA 1981. "Ekonomiese Ontwikkeling van Bophuthatswana met Besondere Verwysing na Nywerheidsontwikkeling." **Ongepubliseerde Verhandeling.** PU vir CHO.

Mc Crystal LP 1969. **City, Town or Country. The Economics of Concentration and Dispersal with Particular Reference to South Africa.** Kaapstad. Balkema.

Mc Namara RS 1969. Address to the University of Notre Dame Indiana. In International Bank for Reconstruction and Developing 1969.

Mc Namara RS 1974. The World Bank. Topic No 80. Wêreldbank.

Naude SM 1974. "Die Uitdagings van Veranderinge." S A I P A Vol 9 No 3.

Nell E 1973. "Cyclical Accumulation, a Marxist Model of Development." **American Economic Review** 63: 152-9.

Nerfin M (red) 1977. **Another Development Approach and Strategies.** Uppsala. Dag Hammarskjöld Foundation.

Nigam SBL 1975. **Employment and Income Distribution Approach in Development Plans of African Countries.** Addis Ababa. International Labour Office.

Nurkse S 1952. **Problems of Capital Formation in Underdeveloped Countries.** Basel. Blackwell Oxford.

Nyerere JK 1976. "The Economic Challenge: Dialogue or Confrontation." **International Development Review** Vol 17(1).

O E C D 1979. **Interfutures: Facing the Future. Mastering the Probable and Managing the Unpredictable.** Parys O E C D.

Osborn F 1948. **Our Plundered Planet.** New York. Crosset and Dunlop.

Parmar SL 1970. "Goals of Development." **South African Outlook** 100: 115-17.

Richards CS 1940. "Total War on the Mobilization of Resources in South Africa." **The South African Accountant and Secretary** 2.

Rip CM 1976. "Sosiologiese Probleme in Verband met Regionale Ontwikkeling." **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie** 14: 1-8.

Robinson S 1976. "Toward an Adequate Longrun Model of Income Distribution and Economic Development. **American Economic Review** 66: 122-7.

Rostow WW 1960. **The Stages of Economic Growth.** Cambridge University Press.

Sadie JL 1972. "The Cost of Population Growth in South Africa." **SA Tydskrif vir Ekonomie** Vol 40 No 2.

Sameulson PA 1958. **Economics: An Introductory Analysis.** New York. 4de Uitgawe. McGraw Hill Book Company.

Saulnier RJ 1962. **The Strategy of Economic Policy.** New York. The Millar Lectures NR5. Fordham University Press.

Seers D 1969. "The Meaning of Development." Eleventh World Conference of the Society for International Development. New Delhi.

Sellekaerts W (red) 1974. **Economic Development and Planning.** Western Printing Services. Mac Millan.

Singer H 1970. "Dualism Revised." **Journal of Development Studies** VII.

Singer HW 1975. **The Strategy of International Development. Essays in the Economics of Backwardness.** London. Mac Millan.

Steenkamp WFJ 1972. "Kardinale Aspekte van Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsvraagstukke." **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** 12: 107-18.

Strydom PDF 1976. "Aspekte van Ekonomiesebeleid." **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie** 44: 203-09.

Stutterheim N 1971. "Inslag van Tegnologie op die Ekonomiese Ontwikkeling van Suid-Afrika." **Bedryfsleiding** 2(2) 30-32.

Swerdlow I 1975. **The Public Administration of Economic Development.** New York. Praeger Publishers.

Suid-Afrika (Republiek) 1979. Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer van die Eerste Minister - Negende Ekonomiese Ontwikkelingsprogram van SA. Pretoria Vol 1.

Symonds R (red) 1970. **International Targets for Development.** London. Faber and Faber.

Taylor OH. **Economic and Liberalism. Collected Papers.** Cambridge. Harvard University Press.

Terreblance SJ 1977. "Werkverskaffingsituasie en Remediërende Maatreëls vir die Toekoms." **Tydskrif vir Studies in Ekonomie en Ekonometrie.** 1: 57-70.

Theberge JD 1968. **Economics of Trade and Development.** John Wiley and Sons. New York.

Thirlwall AP 1978. **Growth and Development** 2de Uitgawe. MacMillan Press.

Tinbergen J 1966. **The Design of Development.**The Economic Development Institute. International Bank for Reconstruction and Development. Baltimore. The Johns Hopkins Press.

Todaro MP 1977. **Economics for a Developing World.** Hong Kong. Longman.

Uppal JS (red) 1972. **Africa, Problems in Economic Development.** New York. The Free Press.

Van der Merwe PJ en Stadler JJ 1976."'n Beskrywing van die Ekonomie van Lebowa met die Oog op Ontwikkelingsbeplanning." Buro vir Ekonomiese Navorsing en Analise, Navorsingsverslag. NR 4. UP Pretoria.

Van Wyk LA 1974. "Die Evaluasie van Ontwikkelingsprojekte: 'n Omvattende Koste-voordeel Analise van die Meeroewerpad in Malawi. **Ongepubliseerde D.Comm. Proefskrif.** PU vir CHO.

Venda, Republic 1981. White Paper on National Development Policy. Regeringsdiens.

Verenigde Volke Organisasie 1973. The International Development Strategy. First Over-all Review and Appraisal of Issues and Policies. New York.

Verenigde Volke Organisasie 1973. **Renewing the Development Priority.** New York.

Vosloo WB 1959. "Die Sosiale en Ekonomiese Planneraad." **Ongepubliseerde MA Verhandeling** UP Pretoria.

Weber HJ 1974. "Ontwikkelingsekonomie, Bestek en Metode vir die Studie Daarvan." **Koers** 39(1) 38-59.

Wêreldbank, Die 1981. Accelerated Development in Sub-Saharan Africa. An Agenda for Action. Washington.

Wêreldbank, Die 1975. The Assault on World Poverty. Problems of Rural Development Education and Health. London. John Hopkins University Press.

White WW 1947. Political Dictionary New York. The World Publishing Company.

Young A 1928. "Increasing Returns and Economic Progress." **Economic Journal** xxxviii No 152.

oooooooooooooooooo